

DIE KWALIFIKATIEWE VAN TSWANA - 'N FUNKSIONELE BENADERING

deur

JURIE CHARLES LE ROUX

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

AFRIKATALE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

Studieleier : PROF J W SNYMAN

Medestudieleier: PROF J A LOUW

JUNIE 1987

Graag betuig ek my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone:

Prof J W Snyman, vir sy sinvolle leiding. Sy geduld en begrip het veel bygedra tot die suksesvolle voltooiing van hierdie studie.

Prof J A Louw, vir insiggewende leiding en prikkelende kritiek.

Prof L J Louwrens, wat te midde van sy besige program altyd bereid was om gedagtes uit te ruil en rigtinggewende kommentaar te lewer.

My vriende en kollegas, menere J S Shole, T D Ranamane, M K Mothoagae en P M Sebate vir die kontrolering van die Tswanatekste. Baie is geleer uit hulle insiggewende opmerkings.

INHOUD

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

1.1	INLEIDING	1
1.2	DIE KLASSIEKE PERIODE	1
1.3	DIE DOKEAANSE PERIODE	9
1.4	DIE STRUKTURELE PERIODE	23
1.5	DIE FORMELE PERIODE	30
1.6	GEVOLGTREKKING	39

HOOFSTUK 2

PROBLEEMSTELLING, TEORETIESE GRONDSLAG EN WERKSWYSE

2.1	INLEIDING	43
2.2	PROBLEEMSTELLING	43
2.2.1	Die Identifikasie van die kwalifikatief	44
2.2.2	Die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie	46
2.3	TEORETIESE GRONDSLAG	47
2.3.1	Die formele benadering teenoor die funksionele benadering	48
2.3.2	Die kwalifikatief binne 'n funksionele raamwerk	51
2.3.3	Die teoretiese grondslag vir hierdie studie	54
2.4	WERKSWYSE	74
2.5	DOELSTELLING	75

HOOFSTUK 3

DIE FUNGERING VAN DIE DEMONSTRATIEF EN ABSOLUTE BEPALER AS KWALIFIKATIEWE IN TSWANA

3.1	INLEIDING	77
3.2	DIE IDENTIFIKASIE VAN DIE DEMONSTRATIEF EN ABSOLUTE BEPALER AS KWALIFIKATIEWE	77
3.3	DIE FUNGERING VAN DIE DEMONSTRATIEF AS 'N KWALIFIKATIEF	81
3.3.1	Die deïktiese fungering van die demonstratief	82
3.3.2	Die non-deïktiese fungering van die demonstratief	86
3.3.3	Die paradigmatische stelle van die demonstratief in Tswana	88
3.3.4	Die deïktiese fungering van die paradigmatische stelle van die demonstratief	91
3.3.5	Die non-deïktiese fungering van die paradigmatische stelle van die demonstratief	103
3.3.6	Die invloed van die sintaktiese posisie van die demonstratief op die fungering daarvan	121
3.3.7	Gevolgtrekking	122
3.4	DIE FUNGERING VAN DIE ABSOLUTE BEPALER AS 'N KWALIFIKATIEF	123
3.4.1	Die kontrasterende fungering van die absolute bepalers	125
3.4.2	Die nie-kontrasterende fungering van die absolute bepalers	130
3.4.3	Gevolgtrekking	134

3.5	GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE FUNGERING VAN DIE DEMONSTRATIEWE EN ABSOLUTE BEPALERS AS KWALIFIKATIEWE	135
-----	--	-----

HOOFSTUK 4

DIE FUNGERING VAN DIE FUNKSIONELE BEPALERS AS KWALIFIKATIEWE IN TSWANA

4.1	INLEIDING	137
4.2	DIE IDENTIFIKASIE VAN DIE FUNKSIONELE BEPALERS AS KWALIFIKATIEWE	137
4.2.1	Possessiewe relasie	140
4.2.2	Omskrywingsrelasie	141
4.2.3	Handelingsrelasie	143
4.2.4	Seleksierelasie	144
4.3	DIE FUNGERING VAN DIE FUNKSIONELE BEPALERS AS KWALIFIKATIEWE	147
4.3.1	Die funksionele bepalers as bepalers	149
4.3.2	Die funksionele bepalers as omskrywers	156
4.3.3	Gevolgtrekking	162
4.4	DIE FUNGERINGSMOONTLIKHEDE VAN ELKE TIFE FUNKSIONELE BEPALER	163
4.4.1	Die funksionele bepalers in 'n possessiewe relasie	163
4.4.2	Die funksionele bepalers in 'n omskrywingsrelasie	172
4.4.3	Die funksionele bepalers in 'n handelingsrelasie	181
4.4.4	Die funksionele bepalers in 'n seleksierelasie	187
4.5	GEVOLGTREKKING	193

HOOFSTUK 5

DIE KWALIFIKATIEWE REEKS IN TSWANA

5.1	INLEIDING	195
5.2	DIE OPBOU VAN DIE KWALIFIKATIEWE REEKS	195
5.2.1	Die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks	198
5.2.2	Die funksionering en kategoriale opbou van die kwalifikatiewe reeks	215
5.3	GEVOLGTREKKING	221

	BYLAAG I TOT HIERDIE STUDIE	225
--	-----------------------------	-----

	LITERATUURLYS	254
--	---------------	-----

	LITERATUURLYS VAN TSWANAWERKE WAARUIT VORBEELDE GENEEM IS	261
--	---	-----

DIE KWALIFIKATIEWE VAN TSWANA - 'N FUNKSIONELE BENADERING

OPSOMMING

'n Oorsig van die bestaande bronne wat oor die kwalifikatiewe handel toon dat die kwalifikatiewe nog nie bevredigend beskryf is nie. Die grondslag vir hierdie studie is gebaseer op 'n funksioneel teoretiese benadering. Drie tipes kwalifikatiewe word funksioneel onderskei. Die deiktiese en non-deiktiese fungering van die paradigmatische stelsel van die demonstratiewe word beskryf. Die absolute bepalers word bespreek met betrekking tot die kontrasterende en nie-kontrasterende fungering daarvan. Verskillende tipes funksionele bepalers word onderskei ten opsigte van die verwysingsrelasie en kwalifiserende aspek wat hulle aktiveer. Die fungering van die verskillende tipes funksionele bepalers word bespreek. 'n Model van die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks word verskaf. Hierdie model is gebaseer op die verskillende fungeringsvlakke wat onderskei word by die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks. Die fungering en kategoriale opbou van die kwalifikatiewe reeks word in 'n beperkte mate toegelig.

SUMMARY

A survey of the existing sources on the qualificative indicates that the qualificative has yet to be adequately described. The method used in this study is based on a functional theoretical approach. A distinction is made between three types of qualificatives from a functional point of view. The deictic and non-deictic functioning of the paradigmatic sets of demonstratives are described. The absolute determinants are discussed with reference to their contrastive and non-contrastive functioning. A distinction is made between different types of functional determinants with regard to the referential relation and qualifying aspect which they generate. The functioning of these different types of determinants are discussed. A model for the functional reconstruction of a series of qualificatives is also provided. This model is based on the different functional levels of the qualificative series. The function and categorical reconstruction of the qualificative series is illustrated to a limited extent.

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

1.1 INLEIDING

Na 'n studie van die kwalifikatiewe van Tswana in die besonder en ander Bantoetale in die algemeen, is bevind dat hierdie aspek van die Bantoetale in sekere opsigte gedurende die verskillende ontwikkelingsperiodes van die Bantoetaalkunde onbevredigend behandel is. Die bevindinge wat ten opsigte van elke ontwikkelingsperiode gemaak is, word vervolgens bespreek.

1.2 DIE KLASSIEKE PERIODE

Hierdie periode strek, volgens Wilkes (1978:109) vanaf ongeveer 1826 met die verskyning van die eerste taalkundige publikasie oor 'n Suid-Afrikaanse Bantoetaal, tot ongeveer 1927 toe daar vir die eerste keer weer sprake was van 'n nuwe benadering tot die Bantoetaalstudie. Gedurende hierdie periode was die navorsing hoofsaaklik in die hande van sendelinge wat hulle onder die Bantoevolkere gevestig het. Hierdie sendelinge het met verloop van tyd die meeste Bantoetale beskryf. Die beskrywings is gedoen in terme van grammatiese begrippe wat in die meeste gevalle eie aan die klassieke tale was. Dit is op grond hiervan dat hierdie periode bekend staan as die "klassieke periode". Daar het talle belangrike publikasies oor die Suid-Afrikaanse Bantoetale gedurende hierdie periode die lig

gesien. In die geval van Tswana dien die werke van Archbell
(1837)¹⁾, Crisp (1880) en Wookey (1905) vandag nog as handige
naslaanwerke.

Ten opsigte van die kwalifikatiewe is daar gedurende die vroegste gedeelte van hierdie periode na elemente wat 'n naamwoord kwalifiseer verwys as 'n "adjektief". Die gebruik van hierdie benaming is 'n goeie voorbeeld van die entlening van 'n term uit die Europese terminologiese tradisie. Die kwalifikatief is aanvanklik gedurende hierdie periode slegs beskryf ten opsigte van die strukturele kenmerke van die verskillende tipes wat onderskei is. Geen melding is gemaak van die posisie wat die kwalifikatief in die sin inneem nie. Dit moes uit voorbeelde afgelei word. Die skrywers het van die standpunt uitgegaan dat die lesers van hulle werke sal weet dat die benaming "adjektief" die omskrywing van die naamwoord veronderstel en daarom is die funksie van die kwalifikatief in hierdie verband nie verduidelik nie.

Omdat die kwalifikatief onder andere 'n sintaktiese kategorie is, is die verskyning van die eerste werk wat oor die sintaksis van die Bantoetale handel vir hierdie studie van besondere belang. Hierdie bydrae is deur F H Kruger (1883) met sy werk "Steps to learn the Sesuto Language" gelewer. Kruger (1883:51) gaan van die veronderstelling uit dat die onderwerp van die sin die "primitiewe voornaamwoord" (onderwerpskake) is, bv.

²⁾
³⁾
ba tsamaea
(they [subj] walking [pred])

Dié onderwerp word algemeen deur 'n naamwoord gespesifiseer wat dit altyd voorafgaan, bv.

sefate sea mela
(the tree grows)

Hierdie naamwoord kan, volgens Kruger (1883), beskou word as 'n tipe "absolute nominatief" en dit kan op verskillende wyses onderskei (d.i. gekwalifiseer) word.

Die volgende kwalifikasies (d.i. kwalifikatiewe) word deur Kruger (1883:52) onderskei:

(a) "demonstratiewe adjektiewe" (demonstratiewe voornaamwoorde),
bv.

motho enoa oa tsamaea
(this person walks)

(b) "substantiewe voornaamwoorde" (absolute voornaamwoorde), bv.

lebitso lona leo lea bitsoa
(that very name is called out)

(c) "adjektiewe", "kwalifiserende naamwoorde" en "deelwoorde" wat deur middel van die relatiewe voornaamwoord aan die naamwoord gevoeg word, bv. in die geval van die adjektief:

motho eo e mogolo oa tsamaea
(that great [or old] person walks)

(d) die "genitief" wat uitgedruk word deur middel van die konjunktiwe of possessiewe -a wat aan die "primitiewe voornaamwoord" (onderwerpskakel) gevoeg word plus die "onderskeidende" (kwalifiserende) naamwoord of voornaamwoord, bv.

khomo ea morena
(the ox of the chief)

en

khomo ea rona
(our ox)

- (e) 'n hele sin wat altyd ingelei word deur 'n "relatiewe voornaamwoord" en afhanklik is daarvan, bv.

uena ea mo utlhuileng, u re phetele polelo tsa gae
(thou who hast heard him, repeat us his words)

Behalwe dat Kruger (1883) die eerste skrywer is wat oor die sintaksis van 'n Bantoetaal geskryf het, het hy ook oor die kwalifikatiewe 'n besondere bydrae gelewer. Hy het besef dat die naamwoord in die Bantoetaal op verskillende maniere deur middel van verskillende taalelemente onderskei (d.i. gekwalifiseer) kan word. Hy wyk dus af van vroeëre sienings dat hierdie funksie slegs deur "adjektiewe" vervul kan word en hy sluit selfs voornaamwoorde in by sy indeling van die kwalifikatiewe. Hy gebruik nie die benaming kwalifikatiewe nie, maar hy onderskei wel 'n groep taalelemente wat as sulks fungeer.

Die vernaamste punt van kritiek kan teen Kruger (1883) se opvatting van die onderwerp in die sin ingebring word. Hierdie wanopvatting lei onder andere daartoe dat hy naamwoordskrywing aandui as 'n proses waarvolgens die naamwoord, wat in apposisie tot die onderwerp (d.i. die onderwerpskakel) optree, onderskei of uitgebrei word. Dit is vandag duidelik dat die naamwoord as onderwerp van die sin fungeer en nie die onderwerpskakel nie.

Na Kruger (1883) het Jacottet (1927) in sy werk "Grammar of the Sesuto Language" ook aandag aan die kwalifikatiewe, as 'n groep naamwoordskrywende taalelemente, gegee. Jacottet (1927:155)

noem hierdie groep taalelemente "attribute" en definieer dit soos volg:

An attribute is any word which modifies a noun, whether that noun be subject, object or adjunct.

Hy onderskei die volgende "attribute" (d.i. kwalifikatiewe):

(a) Voornaamwoorde as "attribute", nl.

- die demonstratiewe voornaamwoorde, bv.

batho bao
(those people)

- die "onbepaalde voornaamwoorde" (d.i. die kwantitatiewe voornaamwoorde), bv.

lintho tsohle
(all things)

- die "substantiewe voornaamwoorde" (d.i. die absolute voornaamwoorde), bv.

sefate sona seo
(that very tree)

Die voornaamwoord wat die naamwoord kwalifiseer word gewoonlik na die naamwoord geplaas en volgens Jacottet (1927) word dit slegs voor die naamwoord geplaas vir beklemtoning.

(b) Adjektiewe as "attribute", bv.

motho e moholo
(a big person)

Die adjektief word deur middel van die "relatiewe voornaamwoord" aan die naamwoord gevoeg, bv.

motho ea botsoa
(a lazy man)

Die naamwoordprefiks word slegs by die "ware adjektiewe"

aangewend, bv.

nku e mpe
(a bad sheep)

By die res word slegs die "relatiewe voornaamwoord" gebruik. Naamwoorde wat as adjektiewe fungeer kan verder ook nog deur middel van die "voegwoordelike voornaamwoord" plus die werkwoord le aan die naamwoord gevoeg word, bv.

ke bone batho ba le babeli
(I saw two persons)

Die direkte werkwoordrelatief konstruksie wat volgens Jacottet (1927) uit 'n relatiewe voornaamwoord plus 'n werkwoord in die "relatiefmodus" bestaan, kan ook as 'n "attribuut" optree, bv.

batho ba humanehileng
(the people who are poor)

Waar 'n voornaamwoord sowel as 'n adjektief dieselfde naamwoord kwalifiseer, word die voornaamwoord gewoonlik eerste geplaas, bv.

batho bao ba molemo
(those good people)

(c) Possessiewe konstruksies as "attribute" waar die naamwoord binne die possessief verskeie verhoudings kan uitdruk, nl.

- die besitter van iets, bv.

pere tsa morena
(the horses of the chief)

- die doener van iets, bv.

molao oa morena
(the law of the chief)

- die geheel waarvan die besitting 'n deel is, bv.

metso ea sefate
(the roots of the tree)

- die stof waaruit iets bestaan, bv.

pitsa ea letsopa
(a pot of clay)

- die inhoud van iets, bv.

pitsa ea metsi
(a pot of water)

Die naamwoord binne die possessief kan ook nasionaliteit, kwaliteit van iets of iemand, plekname, riviername, ens. uitdruk, bv.

mosali oa Mosotho
(a Mosuto woman)

en

mosali oa sefofu
(a blind woman)

en

thaba ea Machache
(the Machache mountain)

- (d) Sonder 'n antesedent, waar dit egter altyd moontlik is om binne die konteks af te lei na watter naamwoord verwys word, bv.

ba babe
(the bad ones)

- (e) Naamwoorde in apposisie tot die naamwoord of voornaamwoord wat direk daarna geplaas word, bv.

morena Lerotholi
(the chief Lerotholi)

- (f) Bywoorde, bv.

motho feela
(a person only)

- (g) Die adjektief self wat deur 'n bywoord, naamwoord, lokatief of 'n infinitief omskryf word, bv.

motho e motle haholo

(a very fine person)

Jacottet (1927) het 'n besondere bydrae tot die studie van die kwalifikatief gelewer. "Attribute" word as omskrywers van die naamwoord gesien sonder om dit, soos Kruger (1883), te beperk tot naamwoorde wat as onderwerp van die sin fungeer. Hy verwys verder ook na die feit dat "attribute", onafhanklik van die naamwoord wat omskryf word, binne die konteks waarin dit voorkom kan optree.

Die belangrikste punt van kritiek teen Jacottet (1927) se bespreking is dat hy die "attribuut" as 'n funksionele kategorie definieer maar hy bespreek slegs die strukture en tipes "attribute". Baie min aandag word gegee aan die sintaktiese en semantiese funksies van die "attribute". Die benaming "attribuut" vereis juis 'n semantiese beskrywing aangesien dit gerig is op die kwalifisering van 'n naamwoord met betrekking tot 'n bepaalde eienskap of kenmerk. Omdat alle kwalifikatiewe nie noodwendig die naamwoord deur middel van eienskapstoekening kwalifiseer nie, byvoorbeeld die voornaamwoorde, is die benaming "attribuut" nie aanvaarbaar nie.

Jacottet (1927) het sy werk onder leiding van C M Doke geskryf sonder om al sy sienswyses te aanvaar. Die volgende belangrike bydrae is deur Doke self gelewer en alhoewel Wilkes (1978), Doke se bydrae tot die klassieke periode reken, sal dit vir die doel van hierdie studie as die beginpunt van 'n nuwe periode beskou word.

1.3 DIE DOKEAANSE PERIODE

Hierdie periode⁴⁾ strek vanaf ongeveer 1927 tot en met die vroeë sestigjare en kan met reg die Dokeaanse periode genoem word. Die rede hiervoor is dat Doke (1980) se woordverdelingsteorie soos vervat in sy werk "Text-Book of the Zulu Grammar", deur die meeste grammatici gedurende hierdie periode nagevolg is. Hierdie woordverdelingsteorie berus op die aanname dat die Bantoeoorde volgens hul funksie in funksionele kategorieë geklassifiseer word. Die rededele wat so vasgestel word, word verder onderverdeel volgens hulle vormlike kenmerke. Doke (1980) se benadering berus dus op sowel die sintaktiese as die morfologiese kriteria, met eersgenoemde wat oorheers. Dit is hierdie beklemtoning van die klassifikasie van die Bantoeoorde, wat die uitstaande kenmerk van hierdie periode is.

Omdat Doke (1980) se werk op Zoeloe gegrond is, sal die werk van D T Cole (1975), nl. "An Introduction to Tswana Grammar", as verteenwoordigende werk vir hierdie periode behandel word. Dit is nie net spesifiek op Tswana gerig nie, maar Cole se woordverdelingsteorie stem in 'n groot mate ooreen met Doke se siening.

Cole (1975:59) onderskei die volgende gebruiksklasse of funksionele kategorieë op grond van hulle funksie in die sin en grammatiese verhouding tot mekaar:

Substantief

Kwalifikatief

Predikatief
Deskriptief
Konjunktief
Interjektief

Die volgende rededele (ultimate parts of speech) word op grond van hulle vormlike kenmerke as kwalifikatiewe onderskei:

Adjektief
Enumeratief
Kwantitatief⁵⁾
Possessief
Relatief

Cole (1975) se siening dat 'n bysin binne 'n saamgestelde sin soos 'n woord kan fungeer maak verder voorsiening vir 'n aantal kwalifikatiewe bysinne.

Cole (1975:62) definieer die kwalifikatief soos volg:

A qualificative is a word which qualifies a substantive or modifies its reference.

Alle kwalifikatiewe bestaan uit minstens 'n skakel plus 'n stam. Die skakel kongrueer altyd met die omskrewe substantief t.o.v. persoon, getal en klas, bv.

⁶⁾
setlhare sésentle
(a beautiful tree)

Elke tipe kwalifikatief beskik oor 'n eie stel skakels en die volgende kwalifikatiefskakels word onderskei:

Adjektiefskakels

Enumeratiefskakels

Kwantitatiefskakels

Possessiefskakels

Relatiefskakels

Elke tipe kwalifikatief beskik ook oor 'n eie aantal stamme en dit gebeur, volgens Cole (1975:62), selde dat een stam by meer as een kwalifikatief kan optree.

In die sin volg die kwalifikatief altyd na die substantief. Waar dit alleen of voor die substantief optree, vervul dit 'n voornaamwoordelike funksie en dit word dan 'n kwalifikatiewe voornaamwoord genoem, bv.

sésentle se ile gae
(the beautiful one went home)

Wanneer 'n substantief deur meer as een kwalifikatief gekwalifiseer word, volg die kwalifikatiewe op mekaar sonder die aanwending van enige konnekteerende elemente. Hierdie kwalifikatiewe kom gewoonlik in die volgende volgorde voor, nl.

- (a) Kwantitatief of Enumeratief
- (b) Possessief
- (c) Adjektief en Relatief

By (a) kom albei kwalifikatiewe baie selde saam voor en by (c) is die adjektief en relatief omruilbaar. Hierdie verandering in volgorde word, volgens Cole (1975:439), gewoonlik gedoen om beklemtoning van 'n sekere aspek te verkry of om effense betekenisverskille daar te stel, bv.

dikwalô tsédintsi tsame
(many of my books)

teenoor

dikwalō tsame tsédintsi
(my many books)

Wanneer die substantief verbuig word om byvoorbeeld 'n possessief, 'n kopulatief of 'n bywoord te vorm, kan dit steeds deur 'n kwalifikatief gekwalifiseer word, bv.

kgōsi yamotse ōmonnye
(the chief of the small village)

Volgens Cole (1975:440) is dit die hele frase, bestaande uit die substantief plus die kwalifikatief, wat verbuig word. Kwalifikatiewe wat deur bywoorde bepaal word, moet volgens Cole (1975:440), ook as kwalifikatiewe frases beskou word, bv.

batho [babantsi thata]
(very many people)

Cole (1975:440) beskou alle relatiewe as relatiewe bysinne. Hierdie sinne is dus by implikasie ook kwalifikatiewe bysinne. Hy onderskei verder nog twee tipes bysinne, nl.

- possessiewe bysinne, bv.

morago [gadikgōmo digangwa]
(after the cows are milked)

- die partisipiale vorm van die teenwoordige tyd en perfektum vorm van die indikatief modus mag in sekere gevalle, volgens Cole (1975:441), as kwalifikatiewe bysinne beskou word, bv.

Kebōnye basimane [bataboga]
(I saw the boys running)

en

Refitlhētse bana [ba rōbētse mōsekgweng]
(We found the children asleep in the forest)

Cole (1975:138-187) laat hom breedvoerig uit oor die vormlike kenmerke van die verskillende kwalifikatiewe wat hy onderskei.

Hier volg 'n samevatting van sy siening:

- (a) Die adjektief is 'n woord wat bestaan uit 'n skakel plus 'n stam. Hierdie skakel bestaan uit twee dele, nl. die eerste deel wat identies is aan die eerste afstand van die demonstratiewe voornaamwoord en 'n tweede deel wat lyk soos die klasprefiks van die naamwoord wat gekwalifiseer word, bv.

setlhare sēsentlē
(a beautiful tree)

Oor die eerste deel van hierdie skakel en die ooreenkoms daarvan met die demonstratiewe voornaamwoord van die eerste afstand, laat Cole (1975:138) hom soos volg uit:

Although the initial element of the adjectival concord is clearly derived from the first demonstrative, it must be emphasized that in this type of construction it has completely lost its demonstrative force and its individuality as a separate word.

Die adjektiefskakel is dus 'n saamgestelde vormelement wat gesamentlik as deel van 'n woord fungeer, bv.

magapu amabēdi
(two watermelons)

- (b) Die enumeratief bestaan volgens Cole (1975:148), soos al die kwalifikatiewe wat hy onderskei, uit 'n skakel plus 'n stam. Hier kom slegs vier stamme voor en hy onderskei twee tipes skakels. Die 'sterk' skakels kom ooreen met die klasprefiks van die naamwoord wat gekwalifiseer word. Dit kom slegs saam met die stam -ngwe (een, 'n sekere, sekere) voor, bv.

motho mongwe
(one person, a certain person)

Die 'swak' skakel lyk soos die onderwerpskakel en dit tree saam met die volgende stamme op, nl.

-fe? (watter) bv.

merafe efe?
(which nations)

-sele (verskillende), bv.

dikgômo disele
(different cattle)

-pê (enige, sekere), bv.

Takebône batho bapê
(I do not see any people; I see no people)

- (c) Cole (1975:148) onderskei twee tipes kwantitatiewe op grond van die vormlike kenmerke daarvan. Die een tipe kwantitatief word gevorm deur 'n kwantitatiewe skakel met die vokaal ô, maar by die tweede en derde persone enkelvoud is dit ê, plus die inklusiewe stam -tlhê⁷⁾ (die hele, almal) of die eksklusiewe stam -si (slegs, alleen), bv.

rona rôtlhê
(all of us)

en

Keraya wêna wêsi
(I mean you alone)

Die ander tipe kwantitatief wat Cole (1975:157) onderskei, word gevorm deur 'n skakel wat dieselfde vorm het as die 'gemeenskaplike' possessiewe skakel plus die adjektiefstamme wat twee, drie, vier, vyf en ses aandui - die betekenis is dan al twee, al drie, ens., bv.

rona rôôbabêdi [rôôbêdi]⁸⁾
(both of us)

'n Baie rare stel kwantitatiewe wat al sewe, al agt, al nege, al tien, ens. aandui, word volgens Cole (1975:157)

afgelei van die predikatiewe en relatiewe vorme wat as telwoorde fungeer. Volgens Cole word hierdie vorme blykbaar gevorm na analogie van die normale stel wat hierbo bespreek is. Dit word egter nie algemeen in Tswana aangewend nie, bv.

9)

dinamane tšôôšupa
(all seven calves)

- (d) Die possessief word, volgens Cole (1975:159) se siening, gevorm deur die prefigering van die possessiefskakel aan verskillende vorme wat as possessiewe stamme fungeer. Hierdie vorme sluit die volgende in:

- naamwoorde uit alle klasse, bv.

mosadi wamotšomi
(the wife of the hunter)

- voornaamwoordelike possessiewe stamme gebaseer op die absolute voornaamwoord, bv.

batho ba yōne
(their people, e.g. metse - villages)

- demonstratiewe en kwalifikatiewe voornaamwoorde, bv.

tirō yayō
(the work of this one, e.g. monna - man)

en

lobelō lwaëntšho
(the speed of the black one, e.g. pitse - horse)

- sekere bywoorde, veral van tyd en plek, bv.

pula yamaabane
(the rain of yesterday, yesterday's rain)

- partisipiale vorm van werkwoorde, bv.

pele gaatsamaya
(before he goes/went lit. the front of he going)

- die stam -golo met 'n ongewone struktuur, bv.

mosadi wamogolo [wabogolo]
(the poor woman)

Hierdie konstruksie beteken 'die arme' in teenstelling met die betekenis van 'groot', 'volwasse' en 'belangrik' van die stam -golo as 'n adjektiefstam.

- batho en Modimo met 'n idiomatiese betekenis, bv.

Mosadi waModimo ošwētšwe kengwana wagagwē
(The poor woman has been bereaved of her child)

Die possessiefskakel word gevorm deur 'n element identies aan die onderwerpskakel plus 'n kenmerkende vokaal -a-. Die vokaal van die onderwerpskakelement verdwyn of word gekonsonantaliseer en soms word dit dan gepalataliseer.

Cole (1975:160) onderskei tussen twee tipes possessiewe op grond van betekenis, nl.

- direkte possessiewe, bv.

bana bakgōsi
(the children of the chief)

- beskrywende possessiewe wat eienskap, kwaliteit, funksie, ens. uitdruk, nl.

- materiaal of konstruksie, bv.

ntlo yaditene
(a house of bricks, a brick house)

- inhoud, bv.

pitsa yamētse
(a pot [full] of water)

- gebruik, funksie of aanwending, bv.

selépē sadikgong
(an axe for wood, a wood-axe)

- tipe, voorkoms of kenmerk, bv.

lefoko lannete
(a true word or statement)

- orde, bv.

thutó yantlha
(the fist lesson)

Cole (1975:163) onderskei verder 'n spesiale stel possessieskakels wat aangewend word om 'gemeenskaplike' possessiewe daar te stel wat gemeenskaplike besit deur 'n familie, gemeenskap of lokale eenheid uitdruk, bv.

dikgómo tsaētšho [tsétšho]
(my/our [family's] cattle)

Baie wisselvorme kom egter voor. Vergelyk Cole (1975:163-165).

(e) Volgens Cole (1975:171) beskik alle relatiewe oor 'n predikatiewe basis. Hy laat hom soos volg hieroor uit:

..... i.e. they are fundamentally copulative or verbal forms which are used attributively and therefore function as qualificatives.

Cole sluit alle relatiefvorme in wat hy relatiewefrases en relatiewebysinne noem. Hy onderskei verder tussen twee tipes relatiewe, nl.

- direkte relatiewe, bv.

monna yóobuang
(the man who is speaking)

Die direkte relatiefskakel word gevorm deur middel van twee elemente. Die eerste element lyk soos die eerste afstand van die demonstratiewe voornaamwoord en die tweede element lyk soos die onderwerpskakel, bv.

monna yóobuang
(the man who is speaking)

Die direkte relatief neem nie net 'n predikatiewe basis nie, 11)

maar 'n groot aantal naamwoorde kan ook as basis optree, bv.

logong lôlobokete
(a heavy piece of wood)

- indirekte relatiewe, bv.

monna yôbamoratang
(the man whom they love)

Die indirekte relatief word gevorm deur 'n relatiefskakel wat lyk soos die eerste afstand van die demonstratiewe voornaamwoord plus 'n relatiewe frase wat altyd gebaseer is op die partisipiale vorme van werkwoorde, identifiserende kopulatiewe en soms assosiatiewe kopulatiewe, bv.

dikgômo tsêredirêkilêng
(the cattle which we have bought)

Volgens Cole (1975:180) kan die indirekte relatief in verskillende sintaktiese kategorieë ingedeel word volgens die verhouding van die antesedent tot die predikaat, nl.

- die gewone voorwerpsverhouding, bv.

monna yo batho bamonyatsang
(the man whom the people despise)

- die possessiewe onderwerpsverhouding, bv.

namane êlekoto layônê lerôbêgilêng
(the calve whose leg has become broken)

- die possessiewe voorwerpsverhouding, bv.

batho bakerutang bana babônê
(the people whose children I teach)

- die bywoordelike verhouding, bv.

monna yôbarêkang kamadi agagwê
(the man with whose money they are buying)

Cole (1975:186) gee verder ook aandag aan die gedeeltelike of algehele weglating van die relatiefskakel bv albei vorme van die relatief, nl.

- by die direkte relatief word die eerste element van die relatiefskakel soms weggelaat, bv.

Kenna kemmōnyeng
(it is I [who] saw him)

teenoor

Kenna yōkemmōnyeng
(It is I who saw him)

- by die indirekte relatief word die hele indirekte relatief=skakel soms weggelaat, bv.

Ketšōnē kedibatlang
(It is they [which] I want)

teenoor

Ketšone tsēkedibatlang
(It is they which I want)

Cole (1975:186) noem hierdie konstruksies elliptiese relatiefkonstruksies en bepaal dat dit slegs alternatiewelik tot die volle vorm gebruik word.

As gevolg van Cole (1975:135) se siening dat kwalifikatiewe wat alleen, of voor die substantief in die sin fungeer, gesien moet word as kwalifikatiewe voornaamwoorde, onderskei hy, in ooreenstemming met die ware kwalifikatiewe, vyf tipes kwalifikatiewe voornaamwoorde, nl.

- (a) Adjektiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde, bv.

Kebatla sēsetona
(I want a big one)

- (b) Enumeratiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde, bv.

Bangwe babua maka
(Some tell lies)

- (c) Kwantitatiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde, bv.

Bōtlhē batsamailē

(All have gone)

- (d) Possessiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde, bv.

Wame oalwala
(Mine is sick)

- (e) Relatiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde, bv.

Kerêkilê éebogale
(I have bought a sharp one)

Die onderskeid tussen die kwalifikatiewe en die kwalifikatiewe voornaamwoorde is funksioneel gefundeerd en nie struktureel nie. Hierdie siening het tot gevolg dat wanneer 'n kwalifikatief saam met 'n substantief optree sonder om daarmee te kongruer, moet so 'n kwalifikatief as 'n kwalifikatiewe voornaamwoord beskou word, bv.

nna yōmolêêlê
(I the tall one)

Die kwalifikatiewe voornaamwoorde kan ook verbuig word om die volgende te vorm, nl.

- (a) possessiewe, bv.

letlalô laëntšho
(the skin of the black one)

- (b) kopulatiewe, bv.

Keesale
(It is a different one)

- (c) bywoorde, bv.

- lokatief:

Keya gotsame
(I am going to mine)

- instrumentaal:

gosega kaéebogale
(to cut with a sharp one)

Die belangrikheid van Cole (1975) se bydrae tot die bestudering van Tswana in die algemeen en die kwalifikatiewe in die besonder kan nie oorbeklemtoon word nie. Hy is nie net, in navolging van Doke, die eerste skrywer wat die kwalifikatiewe as 'n bepaalde kategorie vir Tswana onderskei nie, hy bespreek hierdie kategorie verder ook 'volledig' ten opsigte van die morfo-sintaktiese kenmerke daarvan. In sy definisie van die kwalifikatiewe raak hy 'n baie belangrike punt aan ten opsigte van die funksionering van die kwalifikatiewe, nl. dat dit nie net as 'n kwalifiseerder van die substantiewe funksioneer nie, maar dat dit ook die verwysing van die substantiewe modifiseer. Hiermee raak hy 'n baie belangrike aspek van die kwalifikatiewe se semantiese funksie in Tswana aan. Ongelukkig word daar nie verder aandag hieraan geskenk nie. Hierdie aspek gee aanleiding tot die belangrikste punt van kritiek teen Cole (1975), en dus ook Doke (1980), se indelingsbeginsels ten opsigte van die Bantoewoord.

Cole (1975:60-65) klassifiseer die reëdele wat hy onderskei op grond van hul strukturele, dit is morfo-sintaktiese, kenmerke. Die definisies wat hy egter van hierdie reëdele gee is alles behalwe morfo-sintaktiese definisies maar wel semantiese (funksionele) definisies. Alhoewel Cole (1975) dus die kwalifikatiewe as 'n funksionele kategorie identifiseer, misken hy die wisselwerking wat bestaan tussen die funksievlakke van die taal wanneer hy die kwalifikatiewe definieer. Hierdie miskiening gee aanleiding tot verdere punte van kritiek, soos byvoorbeeld die feit dat die kwalifiserende funksionering van voornaamwoorde misken word.

Volgens Cole (1975) fungeer alle voornaamwoorde primêr as vervangers van die naamwoord om as substantiewe in die sin te fungeer. Hierdie siening lei daartoe dat kwalifikatiewe wat alleen of voor die naamwoord optree as voornaamwoorde beskou word. Vir Cole (1975) is die proses van pronominalisasie dus uit en uit 'n vervangingsproses, en alhoewel hy noem dat die absolute voornaamwoord aangewend kan word om kontras te bewerkstellig en die demonstratief om spesifiek te verwys, gee hy nie aandag aan hierdie woordkategorieë as kwalifikatiewe nie.

'n Verdere punt van kritiek teen Cole (1975) se siening is sy stelling dat alle relatiewe 'n predikatiewe basis het. Hierdie stelling word nie genoegsaam toegelig nie. Daar word net verwys na die feit dat alle relatiewe, volgens hom, fundamenteel kopulatiewe of werkwoordelike konstruksies is. Sy onderskeid tussen relatiewe frases en relatiewe bysinne is ook nie genoegsaam nie. Wat hy egter hiermee impliseer moet gefinterpreteer word ten opsigte van die dieptestruktuur van die relatiewe. Vergelyk die siening van Lanham (1971) in hierdie verband.

Ten spyte van die tekortkominge van Doke se woordindelingsteorie ten opsigte van die Bantoetale en Cole se toepassing daarvan op Tswana, moet die bydrae wat gedurende die Dokeaanse periode gelewer is tot die bestudering van die Bantoetaalkunde baie hoog geag word. Daar is gedurende hierdie periode vir die eerste keer 'n besliste aanduiding gegee van wat die verskillende woordkategorieë in die Bantoetale behels. Vir Tswana word die

siening van Cole (1975) vandag nog redelik algemeen aanvaar en toegepas.

1.4 DIE STRUKTURELE PERIODE

Hierdie periode het, volgens Wilkes (1978:119), gedurende die laat vyftigerjare 'n aanvang geneem en veral gedurende die sestigerjare voortgeduur. Dit was veral die Europese Strukturalisme onder die leiding van Ferdinand de Saussure en later Anton Reichling wat die grootste invloed op die Bantoetaalstudie gedurende hierdie periode uitgeoefen het. Hierdie periode word dan ook as gevolg hiervan die strukturele periode genoem.

In Suid-Afrika was dit E B van Wyk (1958), wat Reichling se siening nagevolg het. In 'n ongepubliseerde doktorsale proefskrif, "Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe", beoordeel en ondersoek hy al die bestaande benaderings ten opsigte van die probleem van woordverdeling in die Bantoetale. Hy skenk ook taalwetenskaplik aandag aan die woordteorieë waarop hierdie benaderings gegrond is. Van Wyk (1958) bevind dat nie een van hierdie bestaande woordteorieë 'n wetenskaplike antwoord bied vir hierdie probleem in die Bantoetale nie. Hy ontwikkel derhalwe sy eie benadering waarvolgens hy die Bantoewoorde op grond van hulle isoleerbaarheid, skeikbaarheid, omstelbaarheid en vervangbaarheid identifiseer. Sy bevinding ten opsigte van woordidentifikasie in die Bantoetale noodsaak hom om sowel die disjunktiewe as die konjunktiewe skryfstelsels te verwerp. Hy stel 'n skryfstelsel

voor wat hy as semi-konjunktief bestempel. Hierdie sisteem van woordverdeling het weer 'n nuwe woordklasindeling in die Bantoetale genoodsaak.

In sy metode van woordklassifikasie steun Van Wyk (1958) sterk op die linguistiese teorie en metode van Reichling, en hy onderskei die volgende woordkategorieë, nl.

naamwoorde
voornaamwoorde
werkwoorde
demonstratief-kopulatiewe
bywoorde
partikels
ideofone en interjeksies

Ten opsigte van die kwalifikatiewe is Van Wyk (1958) die eerste persoon wat die "relatiefskakel", dit is die deel wat soos die demonstratief "afstand 1" lyk, 'n "relatief partikel" noem. Die tweede deel, nl. die deel wat by die naamwoordrelatiefkonstruksie soos die onderwerpskakel lyk, en wat by die adjektiefkonstruksie soos die klasprefiks van die omskrewe naamwoord lyk, noem hy 'n "relatiefmorfeem". Byvoorbeeld in

monna yo o bogale
(die kwaai man)

en

monna yo motona
(die groot man)

is yo in albei gevalle die "relatiefpartikel", terwyl die o en mo onderskeidelik die "relatiefmorfeme" is. Van Wyk onderskei

tussen die relatiefpartikel en die relatiefmorfeem deur te bepaal dat die relatiefpartikel 'n relatiewe verband aandui en koppel, terwyl die relatiefmorfeem slegs skakel. Hy beskryf ook die "adjektiefstamme" as veranderlike naamwoorde.

'n Verdere belangrike bydrae is deur C J H Krüger (1967) gedurende hierdie periode gelewer. Sy interpretasie van wat hy "woordgroepe" noem kom veral na vore in sy doktorsale proefskrif, nl. "Die Struktuur van die woordgroep in Tswana". Hierdie siening kan as sy eie vertolking van Reichling se beskouing gesien word. Sy siening ten opsigte van die kwalifikatief is dat dit meestal uit 'n inleidende lid plus 'n komplement bestaan. Hierdie siening word deur H J Ungerer (1975) in sy M.A. verhandeling, nl. "Die Kwalifikatiewe van Zoeloe", toegepas. Hierdie werk sal as verteenwoordigend van hierdie periode verder bespreek word.

Ungerer (1975:40) definieer die kwalifikatief soos volg:

'n Kwalifikatiewe bepaling is 'n woord of 'n woordgroep, wat 'n naamwoord of voornaamwoord, ook genoem die antesedent of omskrewe woord, kwalifiseer of beskrywe t.o.v een of ander hoedanigheid, eienskap, kwaliteit of posisie.

Dit blyk duidelik uit hierdie definisie dat Ungerer (1975) die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie tipeer en dat die een algemene vereiste waaraan alle kwalifikatiewe volgens hom moet voldoen, is om te kwalifiseer. Hy stel hom dit ten doel om 'n finale indeling van die kwalifikatiewe van Zoeloe te maak. In die proses om tot so 'n indeling te kom, maak hy veral van Krüger

(1967) en Van Wyk (1958) se benaderings gebruik.

Ungerer (1975:184) stel die volgende as 'n finale indeling van die woordklasse en woordgroepsoorte wat onder andere kwalifikatiewe valensie het. Slegs enkele voorbeelde word verskaf om terminologiese verwarring te verhoed:

(a) Woorde as kwalifikatiewe, nl.

- demonstratiewe
- absolute voornaamwoorde
- kwantitatiewe voornaamwoorde

Hier word onderskei tussen drie tipes:

- inklusief, bv.

Abantwana bonke bazohamba esikoleni
(Al die kinders sal skool toe gaan)

- eksklusief, bv.

Yindoda yodwa esebenzayo
(Dis die man alleen wat werk)

- getalsbeperkende inklusief, bv.

Izinkomo zonke eziyishumi zinone
(Die beste hulle almal wat tien is, is vet)

(b) Woordgroepe as kwalifikatiewe, nl.

- possessiewe betrekkingwoordgroepe
- kwalifikatiewe betrekkingwoord met sy komplemente, bv.

Indoda ehambayo
(Die man wat loop)

Uit die bostaande indeling is daar veral twee aspekte wat van belang is:

Eerstens word woordsoorte wat gedurende die Dokeaanse periode slegs as voornaamwoorde beskou is, nou weer soos deur Kruger (1883) en Jacottet (1927) as kwalifikatiewe beskou, nl.

- die demonstratief, bv.

Mina ngithanda lena emhlophe enamabala abomvu
(Ek hou van hierdie presiese/spesifieke wit een (rok) wat die rooi kolle het)

- die absolute voornaamwoord, bv.

Umfana yena uyasebenza
(Die einste seun werk)

- die kwalitatiewe voornaamwoord, bv.

Abafana bodwa bayasebenza
(Die seuns alleen werk/net die seuns werk)

Tweedens word rededele wat gedurende die Dokeaanse periode as woorde beskou is deur Ungerer (1975) as woordgroepe beskou, nl.

- die possessiewe betrekkingwoordgroep.

Daar word deur Ungerer (1975) van die standpunt uitgegaan dat hierdie woordgroep reeds deur vorige skrywers volledig beskryf is. Geen bespreking of voorbeelde is dus hieroor verskaf nie.

- die kwalifikatiewe betrekkingwoordgroep, bv.

Izinkomo ezisesibayeni
(Die beste wat in die kraal is)

Ungerer (1975:69) gee veral aandag aan die "kwalifikatiewe betrekkingwoordgroep". Hy noem die "relatiefskakel" van die Dokeaanse periode, of Van Wyk (1958) se "relatiefpartikel", 'n "kwalifikatiewe betrekkingwoord" en definieer dit soos volg:

'n Kwalifikatiewe betrekkingwoord is 'n soort verwysingselement wat as inleidende lid, 'n kwalifikatiewe betrekking lê tussen 'n antesedent, en die een of ander komplement wat daardie antesedent omskrywe, of dan nader kwalifiseer t.o.v een of ander hoedanigheid, eienskap, kwaliteit, posisie, kleur, hoeveelheid ens.

Die terme "inleidende lid" en "komplement" definieer Ungerer (1975:113) weer soos volg:

'n Inleidende lid is 'n sintakties onselfstandige woord wat een of ander betrekkingbetekenis lê tussen sy komplement, waardeur dit altyd gevolg word, en die een of ander voorafgaande (of daaropvolgende) lid

en

12)

'n Komplement daarenteen is 'n woord of woordgroep wat altyd noodsaaklik op 'n inleidende lid (betrekkingwoord) moet volg, en wat die besonderheid aandui waarvan die inleidende lid die betrekking aandui.

Alle betrekkingwoorde word as sintakties onselfstandige woorde beskou. Ungerer (1975:114) gebruik Van Wyk (1958) se siening ten opsigte van die "partikels", wat deur hom onderskei word, om hierdie punt te staaf.

Die komplementtipes wat na die kwalifikatiewe betrekkingwoord as inleidende lid kan optree, word soos volg deur Ungerer (1975:183) skematies saamgevat:

Inleidende lid	+	Komplementtipes
Werkwoordelik		Nie-werkwoordelik
1) Werkwoorde		1) Veranderlike naamwoorde
2) Werkwoordgroepe		2) Possessiewe groepe
3) Hulpwerkwoordgroepe		3) Voornaamwoorde
4) Kopulatiewe groepe		(a) Absoluut
		(b) Kwantitatief

Vir meer besonderhede omtrent hierdie samevatting raadpleeg Ungerer (1975) paragraaf 141-149.

As gevolg van Ungerer se aanvaarding van veral Krüger (1967) se siening ten opsigte van die woordgroep en Van Wyk (1958) se siening ten opsigte van woordidentifikasie, is sy werk 'n tipiese voorbeeld van die benadering wat gedurende die strukturele periode gevolg en toegepas is. Hy lewer 'n besondere bydrae ten opsigte van die identifikasie en die beskrywing van die vormlike kenmerke van die kwalifikatiewe van Zoeloe. Sy bydrae is veral toegespits op die strukturele opbou van die kwalifikatiewe wat as woordgroepe fungeer asook die morfologiese opbou van die samestellende dele daarvan. Die "adjektief" en "relatiewefrase" van die Dokeaanse periode word primêr as kopulatiewe groepe beskou terwyl die adjektiefstamme van die Dokeaanse periode as naamwoordwortels met veranderlike prefikse beskou word. Die "enumeratiewe" van die Dokeaanse periode word as gewone veranderlike naamwoorde gesien en die "relatiefstamme" as naamwoorde met 'n beskrywende betekenis.

Die "relatiewe bysinne" van Cole (1975) word deur Ungerer (1975) beskou as 'n werkwoordelike basis wat die kwalifikatiewe betrekkingwoord as inleidende lid neem. Hierdie woordgroepe staan, volgens hom, in 'n bepaalde outonome modus, wat die kwalifikatiewe modus genoem word.

Die belangrikste punt van kritiek ten opsigte van Ungerer se beskrywing van die kwalifikatief is dat hy ingestel is op die identifikasie van die kwalifikatiewe van Zoeloe op grond van die morfo-sintaktiese kenmerke daarvan. Alhoewel hy die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie definieer, gebruik hy

slegs een aspek van hierdie kategorie om dit te bespreek. Die implikasies van sy definisie ten opsigte van die semantiese en pragmatiese fungering van die kwalifikatiewe word agterweê gelaat.

13)

1.5 DIE FORMELE PERIODE

Hierdie periode het gedurende die sewentigerjare 'n aanvang geneem. Dit was veral die Transformasionele Generatiewe Grammatika van Chomsky wat gedurende hierdie periode die taalkundige denke in Suid-Afrika begin beïnvloed het. Volgens hierdie benadering word taal gesien as 'n stel sinne wat volgens formele reëls fungeer. Slegs wanneer hierdie sisteem van reëls vasgestel is, is dit moontlik om die betekenis waaroor die abstrakte sintaktiese strukture mag beskik, en die fungering daarvan te bestudeer. Dit is as gevolg van hierdie formele benadering tot taalstudie dat hierdie periode die formele periode genoem word.

Alhoewel daar aanvanklik verwag is dat die T.G.G. groot inslag sou vind by Bantoetaalkundiges, het dit slegs minimale aanhang verwerf. Die meer konkrete benaderings, waaronder Postal en Perlmutter se Relasionele Grammatika, was meer suksesvol en het die grondslag gevorm vir verskeie sintaktiese studies in die Bantoetale. As 'n voorbeeld van die toepassing van die formele benadering ten opsigte van die kwalifikatief, sal J A du Plessis (1985) se artikel "The Structure of nominal modifiers in Xhosa" as verteenwoordigend van hierdie periode bespreek word.

Du Plessis (1985:35) ondersoek twintig moontlike naamwoordbepalers¹⁴ in Xhosa om hulle struktuur vas te stel binne 'n universele stel kategorieë. Daar word bevind dat die bepalers van die naamwoord in Xhosa te reg kan kom binne die volgende kategorieë, nl.

DET (bepaaldheidsmerker), ADJ (adjektief), Quant (kwantifiseerder), PP (voorsetselfrase), NP (naamwoordstuk) en S (sin). Die \bar{X} -teorie word op hierdie kategorieë toegepas om reëls vir NP's in Xhosa vas te stel.

Daar word eerstens onderskei tussen twee tipes komplemente van naamwoorde wat sintakties nie dieselfde optree nie. Die eerste tipe het twee hoofkenmerke, nl.

- dit moet met die naamwoord kongruer, bv.

i-n-tombi e-n-tle
(girl beautiful/beautiful girl)

- dit kan sonder die naamwoord optree in verskillende sintaktiese posisies, byvoorbeeld as onderwerp of as voorwerp van die sin, bv.

[entle] iyathandeka
(the beautiful one is lovable)

Die tweede tipe komplement vertoon geeneen van die bogenoemde kenmerke nie. Dit is hoofsaaklik komplemente wat ook saam met werkwoorde kan optree, bv.

usebenzelo lwam [inkosi]
(working-for of-me chief/
my working for the chief)

Daar word verder net aandag aan die eerste tipe komplement gegee.

Du Plessis (1985:35) stel dit duidelik dat eersgenoemde tipe

komplemente ook soms as spesifiseerders van naamwoorde kan optree. Hy onderskei die volgende twintig moontlike komplemente/spesifiseerders wat ondersoek word:

- demonstratief/demonstratiewe voornaamwoord, bv.

[Lo mfazi] ngowam
(This woman is mine)

- absolute voornaamwoord, bv.

[Le ntombi yona] intle kakhulu
(This girl, as for her, she is very beautiful)

- emfatiese absolute voornaamwoord, bv.

[Eyona moto intsha] yeyam
(The newest motorcar is mine)

- possessiewe, bv.

[Imoto yam] ibiwe
(My car has been stolen)

- beskrywende possessiewe, bv.

Ndinike [iglası vegrangqa]
(Give me a glass of brandy)

- adjektiewe, bv.

[Intombi entle] iyathandeka
(A beautiful girl is lovable)

- nominale relatiewe, bv.

[Imoto ebomvu] yeyam
(The red car is mine)

- werkwoordelike relatiewe, bv.

[Umuntu ofundileyo] uyafuneka
(An educated person is needed)

- telwoorde, bv.

Ndifuna [iimoto ezimbini]
(I want two cars)

- nnye bv.

[Abanye abantu] baza kusiyeka
(Some people will be left behind)

- die kwantifiseerder onke, bv.
[Zonke iincwadi] zezam
(All the books are mine)
- inklusiewe kwantifiseerders, bv.
Babethe [bobabini abantwana]
(Hit both children)
- enumeratief odwa, bv.
Ndifuna [iilekese zodwa]
(I want only sweets)
- enumeratief mbi, bv.
Ndibone [bantu bambi]
(I have seen different people)
- enumeratief phi, bv.
Ufuna [yiphi incwadi]?
(You want which book?)
- enumeratief ni, bv.
Ufumene [mntwana mni]?
(You got what child?)
- 'enige', bv.
[Nayiphi na imoto] ilungile
(Any car is all right)
- ngokwa/pro, bv.
[Inkosi ngokwayo] isejele
(The chief himself is in jail)
- 'elke', bv.
[Iyileyo indoda] inemali
(Each man has money)
- nga-nye/bini ens., bv
Ndifuna [incwadi nganye]
(I want each book)

Hierdie twintig moontlike spesifiseerders en/of komplemente kan, volgens Chomsky (1981, 1982), gegroep word binne 'n sekere

spesifieke stel van leksikale en frase-kategorieë wat deur die Universele Grammatika voorsien word vir alle tale. Die naamwoordbepalers van Xhosa word, volgens Du Plessis (1985:37), struktureel gegroepeer binne die volgende kategorieë, nl.

Det, Adj, Quant, PP, NP en S.

Ten opsigte van die twintig naamwoordbepalers wat hy onderskei, word die indeling soos volg gedoen:

- Det : demonstratief
- Adj : adjektief
- Quant: telwoorde, absolute voornaamwoorde, nnye, onke, inklusiewe kwantifieerder, odwa, mbi en phi
- PP : possessiewe, nga-nye/bini, ens., ngokwa/pro en 'enige'
- NP : beskrywende possessiewe
- S : nominale relatiewe en werkwoordelike relatiewe

Du Plessis (1985:39) pas vervolgens die \bar{X} -teorie op die NP van Xhosa toe. Hy aanvaar dat alle PS-reëls die volgende vorm het, nl.

$$(1) \quad X^{\bar{n}} \text{ ---> } \dots X^{\bar{m}} \dots$$

waar $M = n$ of $m = n - 1$. Hierdie vorm word aanvaar as van toepassing op Xhosa as gevolg van die behoefte vir 'n PS-reël vir die relatiewe, nl.

$$(2) \quad NP \text{ ---> } NP S$$

waar die NP aan die linkerkant en die NP aan die regterkant van die pyl dieselfde vlak het. Daar word aanvaar dat die hoogste vlak van X in (1) 2 is, dit is $n = 2$. Dit beteken dat die volgende PS-reëls vir die NP van Xhosa geld, nl.

- (3a) N² ---> ... N¹ ...
 (3b) N¹ ---> ... N ...

Om te bepaal watter naamwoordbepalers as determineerders of spesifiseerders en/of komplement vir die naamwoord kan optree, word die moontlike posisie wat die naamwoordbepaler ten opsigte van die naamwoord kan inneem, aangewend. Hierdie posisionele moontlikhede word as 'n bylae deur Du Plessis (1985:40) bespreek. Die volgende samevattende tabel word in vertaalde vorm uit die artikel geneem:

Tabel 1

Die posisie van die naamwoordbepalers voor of na die naamwoord

	NET VOOR	VOOR of AGTER	VOOR ook AGTER	AGTER ook VOOR
1. Demonstratief			+	
2. Abs. vnw.				+
3. Emf. abs. vnw.	+			
4. Possessief				+
5. Adjektief				+
6. Nom. rel				+
7. Ww. rel.				+
8. Telwoord				+
9. Nye			+	
10. Onke		+		
11. Inkl. kwant.		+		
12. Odwa				+
13. Mbi		+		
14. Phi			+	
15. 'Enige'			+	
16. Ni				+
17. Nga - Nye				+
18. Ngokwa-				+
19. Almal			+	

Wanneer die PS-reëls in (3a) en (3b) geneem word, moet die posisie wat die naamwoordbepalers binne die D-struktuur inneem, gevind word voordat enige beweging plaasgevind het. Die PS-reël

Die volgende PS-reël wat Du Plessis (1985:40) aflei dek alle gevalle van die gebruik van die relatiewe in Xhosa, werkwoordelik en naamwoordelik, nl.

$$(5) \quad N \overset{1}{\text{---}} \rightarrow N \overset{1}{S}$$

bv.

iintyatyambo ezibomvu
(red flowers)

In Tabel 1 word slegs vier (buiten die demonstratief wat 'n Det is) naamwoordbepalers aangegee as 'Voor, ook Agter' nl.

9, 14, 15 en 19. Volgens die PS-reël

$$(6) \quad N \overset{1}{\text{---}} \rightarrow \dots N \dots$$

verskyn hierdie naamwoordbepalers voor N en is dus spesifiseerders met die PS-reël

$$(7) \quad N \overset{1}{\text{---}} \rightarrow \begin{pmatrix} Q \\ PP \\ S \end{pmatrix} N \dots$$

Die res van die naamwoordbepalers in Tabel 1 verskyn na N en word dus gereken as komplemente van die naamwoord. Dit word vervat binne die volgende PS-reël:

$$(8) \quad N \overset{1}{\text{---}} \rightarrow \begin{pmatrix} Q \\ PP \\ S \end{pmatrix} N \begin{pmatrix} DET \\ A \\ Q \\ PP \\ NP \end{pmatrix}$$

Du Plessis (1985) se artikel is 'n baie goeie voorbeeld van die toepassing van 'n formeel-gefundeerde benadering op 'n aspek van 'n Bantoetaal. Die tipiese verloop van die formele benadering is duidelik sigbaar nl.

- die naamwoordbepalers word geïdentifiseer

- hierdie bepalers word in universele kategorieë ingedeel
- die posisie van die kategorieë in die sin ten opsigte van die naamwoord word ondersoek en vasgestel
- uit hierdie posisies van die kategorieë word bepaalde PS-reëls afgelei.

Die feit dat Du Plessis (1985) die kwalifikatiewe as naamwoordbepalers benoem, is in pas met die siening van linguiste soos Givón (1984) en Leech (1953). Hierdie benaming sal egter nie vir die doel van hierdie studie aangeneem word nie. (Vergelyk bl.73 van hierdie studie). Verder is Du Plessis (1985) se siening ten opsigte van die demonstratief as 'n determineerder van besondere belang. Dit bevestig die feit dat die verskillende tipes kwalifikatiewe verskillend fungeer ten opsigte van die kwalifikasiefunksie wat dit teenoor die naamwoord vervul.

Omdat Du Plessis (1985) se artikel gerig is op die aflei van PS-reëls vir die NP in Xhosa, word daar slegs aandag gegee aan die sintaktiese kenmerke van die naamwoordbepalers. Alhoewel daar uit benamings soos determineerder en kwantifieerder sekere semantiese funksies afgelei kan word, is ander benaminge, soos byvoorbeeld komplement, slegs sintakties gefundeerd. Met betrekking tot die posisie wat die naamwoordbepalers ten opsigte van die naamwoord kan inneem, is Du Plessis (1985) se hantering van hierdie aspek baie eng. Daar word geen voorsiening gemaak vir die wisseling van posisies van die kwalifikatiewe ten opsigte van die naamwoord en ten opsigte van mekaar onderling nie. Dat die formele benadering tot taalstudie egter 'n besondere bydrae

gelewer het tot taalstudie is nie te betwyfel nie.

In Suid-Afrika is daar tans slegs 'n paar Bantoetaalkundiges wat nog van hierdie benadering gebruik maak. Louwrens (1985 b) som die huidige stand van sake soos volg op:

Die feit van die saak is egter dat die meerderheid Bantoetaalkundiges vandag klaarblyklik verkies om buite die dampkring van die algemene taalwetenskap te bly, en om in die beoefening van hulle vak op die gebaande weë te hou. Die duidelikste bewys hiervan is dat menige Bantoetaalkundige (en ek sluit myself in) in meerdere of mindere mate, steeds binne die ouer strukturalistiese model van taalbeskrywing doenig is, ondanks die feit dat daar die afgelope twee dekades verwikkelinge op die taalwetenskaplike terrein was, wat die internasionale linguistiese toneel geskud het.

Die jongste benadering wat by Afrikaniste aanklank vind, is die "funksionele" benadering wat as teoretiese grondslag vir hierdie studie sal dien. Wat dit behels sal in hoofstuk 2 bespreek word wanneer die teoretiese uitgangspunt ten opsigte van die kwalifikatiewe van Tswana bespreek word. 'n Uitstekende voorbeeld van die toepassing van sekere aspekte van die funksionele benadering op 'n Bantoetaal is L J Louwrens (1979) se doktorale proefskrif, nl. "Naamwoordfunksies in Noord-Sotho". Dit wil dus voorkom asof 'n verdere periode ten opsigte van die Bantoetaalstudie reeds 'n aanvang geneem het. Dit kan met reg die "funksionele periode" genoem word.

1.6 GEVOLGTREKKING

Wanneer die beskrywing van die kwalifikatiewe gedurende die

verskillende ontwikkelingsperiodes in oënskou geneem word, is daar sekere belangrike opmerkings wat gemaak kan word, nl.

- daar is veral aandag gegee aan die identifikasie van die verskillende kwalifikatiewe
- die kwalifikatiewe is voortdurend ten opsigte van vormlike kenmerke geïdentifiseer en geklassifiseer
- die morfo-sintaktiese kenmerke van die kwalifikatiewe is redelik volledig ondersoek en beskryf
- baie min aandag is gegee aan die semantiek en semantiese funksie van die kwalifikatiewe - dit is soms wel geïmpliseer
- die fungering van die kwalifikatief binne die diskoers en die invloed daarvan op die verwysing van die naamwoord is agterweë gelaat
- die kwalifikatief is wel beskryf as 'n funksionele kategorie, maar dit is slegs as 'n sintaktiese kategorie bespreek.

Dit is duidelik dat die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie bestudeer en beskryf moet word. Gepaardgaande met so 'n beskrywing is die daarstelling van 'n teoretiese raamwerk wat as grondslag kan dien vir die funksionele bestudering van die kwalifikatiewe. So 'n bestudering sal veral gerig wees op die fungering van die kwalifikatief binne die diskoers en veral op die invloed daarvan op die verwysing wat deur die naamwoord geaktiveer word. Daar sal in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan die daarstelling van 'n teoretiese raamwerk waarop die res van die studie sal berus.

VERWYSINGS

- 1) Die datum in hakies verwys na die datum van die bron soos aangedui in die literatuurlys. Dit is nie noodwendig die oorspronklike uitgawe nie.
- 2) Die terme in hakies dui op die algemeen aanvaarde terme wat later ontstaan het.
- 3) In hierdie hoofstuk word voorbeelde uit die werke onder bespreking direk saam met die vertaling daarvan aangehaal. Waar diakritiese tekens gebruik is, word dit hier weggelaat.
- 4) Wilkes (1978:112) noem hierdie periode die "funksionele periode" as gevolg van die beklemtoning van die funksie van die Bantowoord gedurende hierdie periode. Die term "funksioneel" word vir die doel van hierdie studie gereserveer vir 'n latere benaderingswyse. Vergelyk hoofstuk 2 van hierdie studie.
- 5) Doke (1980) klassifiseer die kwantitatief as 'n voornaamwoord. Vergelyk Cole (1975:154).
- 6) Cole (1975) se konjunktiewe skryfwyse word onveranderd gebruik.
- 7) Daar bestaan geen vorme vir -tlhē vir die 1ste en 2de persone enkelvoud of vir klas 1 nie.
- 8) Soms word die tweede sillabe van die adjektiefskakel weggelaat.
- 9) Die praktyk dui egter daarop dat slegs die vorm "al twee" bestaan terwyl die ander vorms nie meer voorkom nie.
- 10) Behalwe kwantitatiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde.
- 11) Daar moet in gedagte gehou word dat Cole (1975) alle

relatiewe as werkwoordelike konstruksies beskou.

- 12) Die onderstreepte gedeeltes is nie as afkortings aangehaal nie maar is voluit geskryf.
 - 13) Wilkes (1978:135) noem hierdie periode die "moderne periode".
 - 14) Du Plessis se benaming vir die kwalifikatiewe. Dit sal hier gebruik word vir hierdie bespreking.
-

HOOFSTUK 2

PROBLEEMSTELLING, TEORETIESE GRONDSLAG EN WERKSWYSE

2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is 'n oorsig gegee van wat reeds oor die kwalifikatief in die Bantoetale gepubliseer is. In hierdie hoofstuk sal daar eerstens aandag gegee word aan 'n probleemstelling. Dit word geformuleer rondom die identifikasie van die kwalifikatief en die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie. Voortvloeiend hieruit sal daar dan in die tweede plek 'n teoretiese raamwerk uitgewerk word waarvolgens die kwalifikatief in hierdie studie bestudeer sal word. Daar sal eers aandag gegee word aan 'n paar algemene punte wat as vertrekpunt sal dien om die teoretiese grondslag vir hierdie studie uit te werk. Derdens, sal aandag gegee word aan 'n werkswyse. Dit sal uitgewerk word coreenkomstig die riglyne wat deur die teoretiese grondslag vereis word. Met inagneming van die probleemstelling en die teoretiese grondslag sal daar laastens 'n doelstelling vir hierdie studie geformuleer word.

2.2 PROBLEEMSTELLING

Die belangrikste punt van kritiek teen die bestaande beskrywings van die kwalifikatief is die inkonsekwentheid wat geopenbaar word by die identifikasie en trefwydte van die kwalifikatief as 'n kategorie. Daar sal daarom vervolgens aandag

gegee word aan die identifikasie van die kwalifikatief as 'n kategorie. Tweedens, sal daar aandag gegee word aan die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie.

2.2.1 Die identifikasie van die kwalifikatief

Uit die bestaande definisies van die kwalifikatief blyk dit dat sy kwalifiserende funksie aangewend word as die belangrikste kriterium om die kwalifikatief as 'n kategorie te identifiseer. Vergelyk byvoorbeeld die definisies van Cole (1975:62) en Ungerer (1975:40) in hierdie verband. Ungerer (1975:40) bevestig hierdie waarneming as hy dit soos volg stel:

Uit die bostaande definisie is dit duidelik dat 'n kwalifikatief aan een algemene vereiste moet voldoen, nl. om te kwalifiseer

Buiten die kwalifiserende funksie van die kwalifikatief is daar ook ander faktore wat in ag geneem moet word om dit as 'n kategorie te identifiseer. Faktore soos die saak ten opsigte waarvan die kwalifiserende funksie geskied, die betekenis wat die kwalifikatief by die aanwending daarvan aktiveer en die strukturele opbou van die kwalifikatiewe moet in ag geneem word. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan hierdie faktore.

Uit bestaande definisies van die kwalifikatief blyk dit dat die meeste taalkundiges die saak ten opsigte waarvan die kwalifikatief fungeer, morfo-sintakties tipeer as 'n naamwoord of 'n voornaamwoord. Ungerer (1975) vereenselwig hom met hierdie

siening terwyl Cole (1975:62) dit beskryf as 'n substantief. Hy definieer 'n substantief soos volg:

.... a word which signifies anything concrete or abstract

Hy onderskei twee tipes substantiewe naamlik naamwoorde en voornaamwoorde, en vereenselwig hom derhalwe ook met die algemene siening.

Omdat die kwalifikatief gedefinieer word volgens die funksie wat dit vervul, is dit noodsaaklik dat die saak ten opsigte waarvan dit fungeer linguisties op dieselfde linguistiese vlak beskryf moet word. Cole (1975) het wel in 'n mate aan hierdie vereiste voldoen met sy siening ten opsigte van die substantief. Sy siening van pronominalisasie as 'n vervangingsproses is egter teenproduktief by die identifikasie van sekere vormelemente as kwalifikatiewe, byvoorbeeld die demonstratiewe en die absolute voornaamwoorde.

Die "betekenis" wat 'n kwalifikatief by die aanwending daarvan aktiveer is net deur Ungerer (1975:40) aangedui. Hy beskryf dit as:

.... een of ander hoedanigheid, eienskap, kwaliteit of posisie.

Hierdie omskrywing is egter baie beperk. Die kwalifikatief rungeer as 'n kwalifikatief op grond van die betekenis wat dit

aktiveer. Dit is nie net die betekenis wat dit opsigself aktiveer nie, maar ook die betekenis wat dit genereer binne die groter kommunikatiewe geheel waarin dit aangewend word. Hierdie probleem kan opgelos word deur 'n teoretiese grondslag uit te werk wat voorsiening maak vir die tipering van die kwalifikatief ten opsigte van die funksionele aanwending daarvan. (Vergelyk bl. 56 van hierdie studie).

Die strukturele opbou van die kwalifikatiewe is tot dusver die aspek wat deurgaans deur taalkundiges by die identifikasie van die kwalifikatiewe bespreek en aangewend is. Ungerer (1975:41) stel dit byvoorbeeld onomwonde dat dit die doel van sy studie is om 'n klassifikasie van die kwalifikatiewe van Zoeloe te maak met inagneming van die vormlike aspekte daarvan. Hierdie morfo-sintaktiese benadering tot die kwalifikatiewe is wel van belang vir die grammatikale beskrywing van die taal, maar dit laat 'n leemte aangaande die fungering van die kwalifikatiewe binne die taal. Hierdie leemte kan slegs gevul word deur die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie te bespreek binne 'n gepaste funksionele grondslag. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die tipering van die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie.

2.2.2 Die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie

Dat die kwalifikatief 'n funksionele kategorie is, kan nie betwyfel word nie. Die feit dat dit deurgaans aan die hand van die funksie wat dit binne die groter kommunikatiewe geheel vervul gedefinieer word, is genoegsame bewys hiervan. Met betrekking

tot die identifikasie van die kwalifikatief as 'n kategorie moet daar onderskei word tussen 'n funksionele en 'n kategoriale beskrywing. Dik (1978:13) som hierdie onderskeid soos volg op:

..... we can say that categorial statements specify the internal properties of constituents, while functional statements specify the relational properties of constituents with respect to the constructions in which they occur.

Hierdie onderskeid is van besondere belang by die uitwerk van 'n teoretiese raamwerk waarvolgens die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie beskryf word. Dit is veral van belang om klem te lê op die funksionele aspekte sonder om die kategoriale aspekte te verontagsaam. Die wisselwerking tussen hierdie aspekte moet deurgaans behoue bly. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die algemene teoretiese grondslag waarvolgens die kwalifikatief in hierdie studie bespreek sal word.

2.3 TEORETIESE GRONDSLAG

In hierdie afdeling sal sekere algemene teoretiese riglyne uitgewerk word wat sal dien as 'n vertrekpunt by die uitwerk van die teoretiese grondslag vir hierdie studie. Slegs sekere algemene faktore word toegelig en 'n poging tot volledigheid is nie die doel nie.

Uit die voorafgaande probleemstelling is dit duidelik dat die benaderingswyses waarvolgens die kwalifikatief tot dusver beskryf is nie sy volle omvang kan akkommodeer nie. Dit is gegrond op

die formele benadering tot taalstudie en is veral gerig op die kategoriale aspekte van die kwalifikatief as 'n kategorie. (Vergelyk bl.47 van hierdie studie). In teenstelling met die formele benadering, bied die funksionele benadering tot taalstudie beslissende voordele by die bestudering van die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie. In so 'n benadering geniet die funksionele aspekte van die kategorie prioriteit bo die kategoriale aspekte. Daar sal vervolgens hieraan aandag gegee word deur die formele benadering baie kortliks teenoor die funksionele benadering te stel.

2.3.1 Die formele benadering teenoor die funksionele benadering

By die bespreking van die formele benaderingswyse teenoor die funksionele benaderingswyse is dit onmoontlik om 'n volledige beskrywing te gee. Net sekere algemene aspekte wat vir hierdie studie van belang is, sal aandag geniet.

Volgens die algemene uitgangspunt van die formele benaderingswyse word taal beskou as 'n abstrakte objek, byvoorbeeld as 'n groep morfeme of 'n stel sinne. Wanneer 'n taal bestudeer word, moet daar eerstens gepoog word om hierdie objek te interpreteer in terme van die formele identifikasie van morfeme en die toepassing van formele sintaktiese reëls. Met betrekking tot die identifikasie van morfeme stel Nida (1976:6) dit soos volg:

One of the first tasks which confront the linguist in examining a new language with a view to discovering and describing its structure is the identification of the

minimal meaningful units of which the language is composed. These minimal units are called "morphemes".

Hierdie uitgangspunt is ook van toepassing by die morfologiese bestudering van 'n kategorie soos die kwalifikatief.

Die formele sintaktiese reëls word onafhanklik toegepas op die betekenis en fungering van die konstruksie wat ondersoek word. Wanneer 'n bepaalde konstruksie of kategorie, soos die kwalifikatief, beskryf word, moet die sisteem van sintaktiese reëls¹⁾ waarvolgens dit in die taal voorkom eers vasgestel word. Eers wanneer hierdie sisteem van reëls vasgestel is, kan die betekenis en fungering van hierdie konstruksie of kategorie bestudeer word. Die sintaksis geniet dus prioriteit bo die ander funksievlakke van die taal. Dik (1978:4) stel dit soos volg:

syntax is autonomous with respect to semantics; syntax and semantics are autonomous with respect to pragmatics; the priorities run from syntax via semantics to pragmatics.

Die formele benadering staan in kontras met die funksionele benadering. Hiervolgens word taal beskou as 'n instrument om verbale interaksie tussen mense te bewerkstellig. Interaksie deur middel van taal is 'n vorm van gestruktureerde gemeenskaplike aktiwiteit. Dit is gestruktureerd in die sin dat daar beperkings gestel word op natuurlike taal deur die menslike kognisie. Hierdie beperkings word vervat binne bepaalde reëls, en hierdie reëls verteenwoordig die onderliggende sisteem tot verbale interaksie. Die taaluiting is op sigself gestruktureerd.

Dit word beheers deur reëls, wat gesamentlik die taalsisteen vorm. Binne die funksionele benadering moet daar dus rekening gehou word met twee tipes reëlsisteme nl.

- a) die reëls wat verbale interaksie beheers as 'n vorm van gestruktureerde aktiwiteit, dit is pragmatiese reëls, en
- b) die reëls wat die gestruktureerde taaluitinge beheers wat as instrumente in hierdie aktiwiteit aangewend word, dit is semantiese, morfo-sintaktiese en fonologiese reëls.

Die funksionele benadering is nie gerig op die taalreëls ter wille van die reëls self nie. Dit is eerder gerig op die verduideliking van hierdie reëls in terme van die wyse waarvolgens dit aangewend word en die uiteindelijke doel daarvan.

By die funksionele benadering tot taalstudie geniet die pragmatiese funksies van 'n taaluiting prioriteit bo die ander funksievlakke. Dik (1978:5) stel dit soos volg:

pragmatics is the all encompassing framework within which semantics and syntax must be studied; semantics is subservient to pragmatics and syntax to semantics; the priorities run from pragmatics via semantics to syntax.

Die funksionele benadering is dus hoofsaaklik gerig op die funksionele aspek van die kwalifikatief as 'n kategorie en nie op die kategoriale aspek nie. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die funksionele benadering as die algemene teoretiese grondslag waarvolgens die kwalifikatief in hierdie studie bestudeer sal word.

2.3.2 Die kwalifikatief binne 'n funksionele raamwerk

Volgens Dik (1978:13) onderskei die funksionele benadering funksionele relasies ten opsigte van drie verskillende vlakke, nl.

- a) semantiese funksies
- b) sintaktiese funksies
- c) pragmatiese funksies

Vir die doel van hierdie studie sal daar van die standpunt uitgegaan word dat elkeen van hierdie funksies sekere aspekte van taal kodeer as synde die invloedseer van daardie funksie. Omdat die kwalifikatief, soos reeds aangedui, deurgaans omskryf word ten opsigte van die funksie wat dit binne die groter kommunikatiewe geheel verrig, sal dit in hierdie studie hoofsaaklik ondersoek word met betrekking tot die pragmatiese funksies daarvan. Daar sal vervolgens kortliks aandag gegee word aan wat hierdie funksievlak behels.

Volgens Dik (1978:13) kan die pragmatiese funksies soos volg omskryf word:

Pragmatic functions specify the informational status of the constituents within the wider communicative setting in which they occur.

Ten opsigte van die kwalifikatief sal dit op hierdie funksievlak ondersoek word met betrekking tot die informasie en funksie wat dit genereer binne die groter kommunikatiewe geheel waarbinne dit aangewend word gedurende die spraakaksie.

Die spraakaksie, vir die doel van hierdie studie ook die "skryfaksie", is van besondere belang by die bestudering van 'n taalitem. Leech (1983:13) beskou die volgende aspekte as van belang:

- spreker en hoorder
- konteks
- doelstelling
- die taaluiting as 'n spraakaksie
- die taaluiting as die produk van 'n verbale aksie.

Hierdie aspekte word vir die doel van hierdie studie soos volg gefinterpreteer:

(a) Spreker en hoorder

By enige spraakaksie/skryfaksie is daar 'n spreker/skrywer betrokke. Dit wat die spreker/skrywer sê of skryf word gehoor/gelees deur een of meer hoorders/lesers. Die benamings "spreker" en "hoorder" sal voortaan oorkoepelend in hierdie studie aangewend word om respektiewelik na die "taalaanwender" en die "taalontvanger" te verwys. Met "taalontvanger" word hier bedoel die "aangesprokene" en nie 'n "toevallige taalontvanger" nie. Let daarop dat die spreker en hoorder dieselfde persoon kan wees, soos wanneer nagedink word. Vir die doel van hierdie studie word die spreker en die hoorder egter as twee afsonderlike individue aangedui.

(b) Konteks

Wanneer 'n spreker 'n taaluiting aanwend om met 'n hoorder te kommunikeer moet die spreker verskeie aspekte in ag neem,

nl.

- die onmiddellike situasie by aanwending,
- die konteks by aanwending, en
- die universele werklikheid. (Vergelyk bl.59 van hierdie studie).

Hierdie aspekte is van besondere belang vir hierdie studie. As aspekte, wat die aanwending van 'n taaluiting beïnvloed met betrekking tot die betekenis en funksie daarvan, word dit spesifiek betrek by die aanwending van die kwalifikatief en die fungering daarvan. Daar sal later teruggekeer word na hierdie aspekte wanneer die besondere teoretiese grondslag vir hierdie studie uiteengesit word. (Vergelyk bl.59 van hierdie studie).

(c) Doelstelling

Wanneer 'n spreker 'n bepaalde taaluiting binne 'n spraakaksie aanwend, het hy altyd een of ander rede waarom hy dit aanwend - hy het 'n bepaalde doel daarmee. By die aanwending van 'n kwalifikatief kan die doel wat die spreker daarmee het in verband gebring word met die funksie daarvan binne die groter kommunikatiewe geheel.

(d) Die taaluiting as 'n spraakaksie

Waar daar op die ander funksievlakke met meer abstrakte statiese elemente soos sinne en proposisies gewerk word, werk die pragmatiek met taal binne bepaalde situasies in tyd. Daar word met 'n taaluiting gewerk as 'n vorm van spraakaksie. Daar word dus met taal op 'n meer konkrete vlak gewerk.

(e) Die taaluiting as die produk van 'n verbale aksie

Hier verwys die woord "taaluiting" na die produk van die verbale aksie, en nie soos in (d) hierbo na die verbale aksie self nie. Die taaluiting in hierdie sin is die eenheid waarvan die betekenis op die pragmatiese vlak bestudeer word. Die volgende definisie van Hurford & Heasley (1983:15) vir 'n taaluiting word aanvaar:

An utterance is any stretch of talk, by one person, before and after which there is silence on the part of the person.

'n Taaluiting is die gebruik van 'n "stuk" taal deur die spreker binne 'n bepaalde kommunikatiewe geheel. Op die grammatikale vlak kan 'n taaluiting 'n groep sinne, 'n enkele frase of selfs 'n woord wees.

Met die voorafgaande breë raamwerk as uitgangspunt sal daar vervolgens aandag gegee word aan die uitwerk van die teoretiese grondslag vir hierdie studie.

2.3.3 Die teoretiese grondslag vir hierdie studie

Die teoretiese raamwerk waarop daar vir hierdie studie besluit is, word gebaseer op die voorafgaande algemene raamwerk en die spesifieke behoeftes wat die bestudering van die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie vereis. Slegs die aspekte van die funksionele benaderingswyse wat vir hierdie studie van belang is, word geïnkorporeer. Aandag sal gegee word

aan die verduideliking van wat met sekere terme en begrippe bedoel word. Soms sal dit nie hier volledig beskryf word nie omdat die volle implikasie van die terme en begrippe eers ten volle duidelik sal word wanneer dit in verband met die fungering van die kwalifikatiewe aangewend en verduidelik word. In sulke gevalle sal verwysings na die besondere uiteensetting van die terme en begrippe aangebring word.

Die skematiese voorstelling wat op bl.56 van hierdie studie verskyn, dien as 'n opsomming van die teoretiese grondslag wat vir hierdie studie uitgewerk is. Die volgende bespreking en die opskrifte met Romeinse syfers is daarop gebaseer.


I. Die kwalifikatiewe as 'n kwalifiserende verwysende uitdrukking

Vir die doel van hierdie studie word die kwalifikatiewe beskou as "'n kwalifiserende verwysende uitdrukking" en dit word as sulks gedurende die spraakaksie aangewend. Hierdie aanname word as vertrekpunt geneem en in die skematiese voorstelling op bl. 56 word dit as Romeinse I aangedui. Die kwalifikatiewe verwys altyd na 'n saak en dit staan altyd in 'n kwalifiserende relasie tot die saak waarna dit verwys. Omdat dit op sigself verwysing aktiveer kan dit individueel of in kombinasie met ander verwysende uitdrukkings aangewend word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

- 2)
1. Basetsana ba bantle ba ne ba sala

In voorbeeld 1 verwys die kwalifikatiewe ba bantle na dieselfde

Skematiese voorstelling van die teoretiese
grondslag vir hierdie studie



saak as die verwysende uitdrukking Basetsana. Die verskil is dat die kwalifikatief op 'n kwalifiserende wyse na die saak verwys. Hierdie kenmerk onderskei die kwalifikatief van alle ander verwysende uitdrukkings.

Daar is dus twee aspekte van belang by die aanwending van 'n kwalifikatief, naamlik "die verwysingsrelasie tot die saak", dit is Romeinse II (a) in die skema, en "die kwalifiserende aspek t.o.v die saak", wat in die skema met Romeinse II (b) aangedui word. Hierdie onderskeid laat die skema in twee bene uiteenval. Die linkerbeen is gerig op "die verwysing wat die kwalifikatief aktiveer" en die regterbeen is gerig op "die funksie van die kwalifikatief". Daar sal vervolgens op elke horisontale vlak van die skematiese voorstelling eers aandag gegee word aan die linkerbeen en daarna aan die regterbeen .

II (a). Die verwysingsrelasie tot die saak

Die nosie "verwysing", wat met die Romeinse II (a) in die skema aangedui word, is vir hierdie studie baie belangrik. Lyons (1981:177) sien dit soos volg:

When a sentence like 'Napoleon is a Corsican' is uttered to make a statement, we will say that the speaker refers to a certain individual (Napoleon) by means of the referring expression. If the reference is succesful, the referring expression will correctly identify for the hearer the individual in question: the referent

In aansluiting hierby omskryf Hurford & Heasley (1983:25)

"verwysing" soos volg:

By means of reference, a speaker indicates which things in the world (including persons) are being talked about.

Hierdie definisies van "verwysing" is gerig op die "verwysingsrelasie" wat tussen die "verwysende uitdrukking" en die "saak" bestaan. Hurford & Heasley (1983) stel dit soos volg:

..... reference is a relationship between parts of a language and things outside the language (in the world). (Eie onderstreping).

Die kwalifikatief staan dus in 'n "verwysingsrelasie" tot die saak/referent waarna dit verwys. Verder is hierdie definisies gerig op die definitiewe identifikasie van 'n spesifieke referent. Hurford & Heasley (1983) stel dit soos volg:

A referring expression is any expression used in an utterance to refer to something or someone (or a clearly delimited collection of things and people), i.e. used with a particular referent in mind. (Eie onderstreping).

Hulle verduidelik dit soos volg:

The name Fred in an utterance such as "Fred hit me", where the speaker has a particular person in mind when he says "Fred", is a referring expression. Fred in "There's no Fred at this address" is not a referring expression, because in this case a speaker would not have a particular person in mind in uttering the word.

II (b). Die kwalifiserende aspek t.o.v die saak

Met betrekking tot "die kwalifiserende verwysingsrelasie" waarin die kwalifikatief teenoor 'n saak staan word daar altyd van 'n

bepaalde "kwalifiserende aspek" gebruik gemaak om die saak te kwalifiseer. Hierdie "kwalifiserende aspek" word verkry vanuit die "konteks", of dit kan 'n betekenisaspek wees wat die saak self openbaar. (Vergelyk bl. 139 van hierdie studie). Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die "konteks" as 'n onderafdeling van die "universele werklikheid" waarin die kwalifikatief aangewend word. In die skema is dit Romeinse III.

III. Konteks as 'n onderafdeling van die universele werklikheid

Die saak waarna 'n kwalifikatief verwys en die kwalifiserende aspek wat dit t.o.v die saak aktiveer kan uit die "konteks" ontleen word. "Konteks" word as 'n onderafdeling van die "universele werklikheid" gesien. Die "universele werklikheid" word deur Hurford & Heasley (1983:59) soos volg omskryf:

We define the Universe of discourse for any utterance as the particular world, real or imaginary (or part real, part imaginary) that the speaker assumes he is talking about at the time.

Dit is belangrik om daarop te let dat die "universele werklikheid" alle moontlike sake insluit waarna daar met taal verwys kan word - ook fiktiewe sake soos feëttjies. Hurford & Heasley (1983:59) verduidelik dit soos volg:

When an astronomy lecturer, in a serious lecture, states that the Earth revolves around the Sun, the universe of discourse is, we all assume, the real world (or universe). When I tell my children a bedtime story and say "The dragon set fire to the woods with his hot breath", the universe of discourse is not the real world but a fictitious world.

Vanuit die "universele werklikheid" word 'n klein onderafdeling geneem om as die "konteks" te dien vir 'n bepaalde taaluiting. Dit is 'n onderafdeling van die "universele werklikheid" in terme van die informasie wat dit vir 'n bepaalde gesprekssituasie beskikbaar stel. Hurford & Heasley, (1983:68) omskryf die "konteks" van 'n taaluiting soos volg:

The context of an utterance is a small subpart of the universe of discourse shared by speaker and hearer, and includes facts about the topic of the conversation in which the utterance occurs, and also facts about the situation in which the conversation itself takes place.

Die "konteks" waarbinne 'n taaluiting aangewend word sluit dus die fisiese onmiddellike omgewing rondom die spreker en die hoorder in. Om hierdie rede sal daar hoofsaaklik daarna verwys word as "die onmiddellike konteks". Dit word gedoen om die fisiese aspek te beklemtoon omdat alle sake wat fisies vir die gespreksgenote waarneembaar is, deel van die konteks is. Hurford & Heasley (1983:68) verduidelik dit soos volg:

If I meet a stranger on a bus and we begin to talk about the weather (and not about anything else), then facts about the weather (e.g. that it is raining, that it is warmer than yesterday etc.), facts about the bus (e.g. that it is crowded) and also obvious facts about the two speakers (e.g. their sex) are part of the context of utterances in this conversation. Facts not associated with the topic of the conversation or the situation on the bus (e.g. that England won the World Cup in 1966, or that kangaroos live in Australia) are not part of the context of this conversation, even though they may happen to be known to both speakers.

Verder is enige saak waarna in die diskoes verwys word, maar wat nie in die konteks voorkom nie, deel van die universele

werklikheid. Sodra daar egter vir 'n tweede keer na hierdie saak verwys word is dit wel deel van die konteks. Bestaande diskoers is dus deel van die konteks. 'n Diskoers word vir die doel van hierdie studie beskou as die kommunikatiewe (taal) geheel binne die konteks. Dit kan gesproke (ook gedagtes) of geskrewe wees. 'n Diskoers handel altyd oor 'n bepaalde tema of temas en dit word vir die doel van hierdie studie die diskoerstema(s) genoem. Wanneer 'n kwalifikatief in die diskoers aangewend word, aktiveer dit "spesifieke" of "nie-spesifieke verwysing" met betrekking tot die saak waarna dit verwys. Die informasie wat as kwalifiserende aspek aangewend word is ook "spesifiek" of "nie-spesifiek". Die aspekte "spesifiek" en "nie-spesifiek" hang nou saam met die universele werklikheid en die konteks. In die skema word dit op die vlak aangebied wat deur die Romeinse IV aangedui word. Daar sal vervolgens aan hierdie vlak van die skema aandag gegee word.

IV. Spesifieke en nie-spesifieke verwysing en informasie

Vir die doel van hierdie studie word daar onderskei tussen "spesifieke" en "nie-spesifieke verwysing". Wanneer 'n verwysende uitdrukking "spesifieke verwysing" aktiveer, dit is IV (a) van die skema, verwys dit na 'n saak wat binne die konteks waarneembaar is, hetsy deur fisies teenwoordig te wees of deurdat daarna in die voorafgaande diskoers verwys is. "Spesifieke verwysing" word dus geaktiveer wanneer die spreker na 'n saak verwys wat definitief identifiseerbaar is vir die hoorder. Die hoorder is dus vertrou met die saak vanuit die konteks. "Nie-spesifieke verwysing", dit is IV (b) in die skema, word geaktiveer wanneer die spreker na 'n saak verwys sonder dat die hoorder dit definitief kan identifiseer. Die saak is in hierdie

geval 'n voorbeeld van alle moontlike soortgelyke sake vanuit die universele werklikheid. Vergelyk die volgende voorbeelde:

2. (a) Go na le basadi ba babedi. Yo mongwe o nonne, mme yo mongwe o montle. Yo montle o tshotse ngwana.
- (b) Ka moso ke tla ya kwa toropong. Ke batla go ithekela koloi e ntsho.

In voorbeeld 2(a) is die saak waarna die spreker met die kwalifikatief yo montle verwys definitief identifiseerbaar binne hierdie bepaalde konteks. Die verwysende uitdrukking yo montle aktiveer dus spesifieke verwysing. In voorbeeld 2(b) verwys die spreker na 'n saak, wat hy die volgende dag in die dorp wil gaan koop, met die verwysende uitdrukking koloi e ntsho. Die spreker verwys na 'n "voorbeeld" van die saak wat hy in gedagte het. Die hoorder kan die saak nie definitief identifiseer nie. Dit kan enige swart motor binne die universele werklikheid wees. Die verwysende uitdrukking koloi e ntsho aktiveer dus nie-spesifieke verwysing binne hierdie konteks en verwys na 'n saak binne die universele werklikheid.

Die saak waarna 'n verwysende uitdrukking verwys kan dus 'n saak vanuit die konteks wees, of dit kan 'n saak vanuit die universele werklikheid wees.

Die aspek wat aangewend word om 'n saak te kwalifiseer kan, met betrekking tot die konteks, "spesifieke" of "nie-spesifieke informasie" wees. Wanneer dit "spesifieke informasie" is, dit is IV (c) in die skema, is dit informasie wat spesifiek van

toepassing is op die besondere saak waarna verwys word. Indien die kwalifiserende aspek "nie-spesifieke informasie" is, dit is IV (d) in die skema, sal dit nie uniek van toepassing wees op 'n spesifieke referent nie. Hierdie onderskeid tussen "spesifieke" en "nie-spesifieke informasie" moet in verband gebring word met die "spesifieke" en "nie-spesifieke verwysing" wat 'n verwysende uitdrukking kan aktiveer. Informasie vanuit die konteks sal altyd spesifiek wees en informasie vanuit die universele werklikheid sal nie-spesifiek wees. (Vergelyk bl. 149 van hierdie studie).

Uit die voorafgaande beskrywing ten opsigte van die verwysing wat 'n verwysende uitdrukking aktiveer en die informasie wat kwalifiserend aangewend word, is dit duidelik dat die funksie wat 'n kwalifikatief genereer altyd vanuit die konteks verklaar kan word. Met betrekking tot die informasie wat vanuit die konteks of universele werklikheid bekom word, word daar onderskei tussen hoofsaaklik drie tipes informasie. Dit word op die vlak van die skema aangebied wat met 'n Romeinse V aangedui word. Daar sal vervolgens aan hierdie vlak aandag gegee word.

V. Nuwe, ou of deïktiese informasie

Met betrekking tot die informasie wat deur die kwalifikatief geaktiveer word wanneer dit na 'n saak verwys en wat dit as kwalifiserende aspek aanwend, word daar onderskei tussen drie tipes informasie, nl.

nuwe informasie;
ou informasie en
deïktiese informasie

In die skema op bl.56 word dit aangedui deur die Romeinse V en

dit word afsonderlik aangebied as (a), (b) en (c).

Met betrekking tot "nuwe informasie", dit is (a) onder die Romeinse V in die skema, word daar by Louwrens (1979:9) aangesluit as hy Chafe (1975:30) se definisie daarvan aanvaar, nl.

"... new information is what the listener is not expected to know already, something that is being introduced into the addressee's knowledge for the first time".

"Nuwe informasie" dui dus op informasie of 'n saak wat nog nie deur 'n spreker in die diskoers aangewend is nie en vir die eerste keer in die diskoers aangewend word. Dit is dus hoofsaaklik informasie of 'n saak uit die universele werklikheid. 'n Saak of informasie wat fisies waarneembaar is kan nie nuwe informasie wees nie. (Vergelyk bl. 103 van hierdie studie).

Louwrens (1979:10) se siening van wat "ou informasie" is, word ook hier aanvaar, nl.

... as daardie informasie wat, na die spreker se oordeel, binne 'n gegewe diskoerskonteks reeds aan die aangesprokene bekend is.

Dit word in die skema as (b) onder die Romeinse V aangebied en dui op informasie of 'n saak wat vanuit die voorafgaande diskoers beskikbaar is. Slegs informasie of 'n saak vanuit die diskoers kan ou informasie wees. (Vergelyk bl.103 van hierdie studie).

"Deïktiese informasie", dit is (c) onder die Romeinse V van die skema, is informasie of 'n saak wat deïkties (fisies) waarneembaar is vanuit die konteks. Die spreker en die hoorder is bewus van die fisiese en konkrete bestaan en voortbestaan van die informasie of saak waarna verwys word in die diskoers. (Vergelyk bl. 82 van hierdie studie).

Wanneer die kwalifikatief nou aangewend word met inagneming van al die bostaande aspekte sal daar onderskei kan word of dit "bepaaldstellend" of "omskrywend" na 'n saak verwys of fungeer. Hierdie aspekte word in die skema aangebied op die vlak wat aangedui word met die Romeinse VI. Daar sal vervolgens aan hierdie vlak van die skema op bl. 56 aandag gegee word.

VI. Bepaalde en omskrywende verwysing / Bepaaldstellende en omskrywende kwalifisering

Met betrekking tot die verwysing en fungering van die kwalifikatief binne die diskoers moet daar onderskei word tussen "bepaalde" en "omskrywende verwysing" en die "bepaaldstellende" en "omskrywende fungering" daarvan. In die skema word dit onderskeidelik aangedui as VI (a) en VI (b) en as VI (c) en VI (d). Volgens Givón (1984:399) moet hierdie verwysings- en fungeringsmoontlikhede soos volg funksioneel omskryf word:

Indefinite: "Speakers code a referential nominal as indefinite if they think that they are not entitled to assume that the hearer can - by whatever means - assign it unique referential identity".

Definite : "Speakers code a referential nominal as definite if they think that they are entitled to assume that the hearer can - by whatever means - assign it unique reference".

Uit die bostaande bespreking is dit duidelik dat "bepaaldstelling" gerig is op "spesifieke verwysing en informasie" terwyl "omskrywing" gerig is op "nie-spesifieke verwysing en informasie". (Vergelyk bl.150-162 van hierdie studie vir toepaslike illustrasies van hierdie aspekte).

Omdat die kwalifikatief hoofsaaklik gerig is op die verkryging van spesifieke verwysing binne die diskoers sal daar vervolgens aandag gegee word aan verskeie gronde waarvolgens spesifieke verwysing in die diskoers verkry word. Givón (1984) en Hurford & Heasley (1983) se sienings word as uitgangspunt geneem en aangepas vir Tswana:

(a) Bepaaldheid vanuit die langtermyn geheue

Hier word 'n gemeenskaplike voorafkennis tussen die hoorder en die spreker geïmpliseer. Dit is informasie wat in albei se geval kennis uit die langtermyn geheue is.

(i) Unieke verwysing na fisiese of kulturele sake

Volgens Givón (1984) is sake soos "die son", "die maan", "die aarde", ens. uniek identifiseerbaar. Hurford & Heasley (1983:71) sluit hierby aan met hulle definisie van bepaaldheid, nl.

Definiteness is a feature of a noun phrase selected by a speaker to convey his assumption that the hearer will be able to identify the referent of the noun phrase, usually because it is the only thing of its kind in the context of the utterance, or because it is unique in the universe of discourse. (Eie onderstreping).

Hulle gee ook die volgende voorbeeld wat aansluit by Givón

(1984) se siening, nl.

The earth is definite. It is the only thing in a normal universe of discourse known by this name.

Hierdie sienswyse geld ook vir Tswana. Vergelyk die volgende voorbeeld:

3. O tla goroga fa ngwedi a phirima.

In 3 aktiveer die verwysende uitdrukking ngwedi beslis spesifieke verwysing omdat dit die enigste saak is binne die universele werklikheid wat met hierdie uitdrukking aangedui word. In dieselfde sin is sake soos "thaba" (die berg), "noka" (die rivier), "setlhare" (die boom), ens. uniek identifiseerbaar binne kleiner kommunikatiewe groepe waar dit uniek is binne die groter konteks, bv.

4. Noka e gaufi. Ke eng o gelela metsi mo mogobeng o?

In 4 bevind die spreker en die hoorder hulle binne 'n konteks waar daar net een referent is waarna verwys kan word met die uitdrukking noka.

In aansluiting hierby kom kultureel nie-fisiese gemeenskaplike sake soos "modimo" (die groot gees), "tautona" (die groot leier), "moletlo" (die fees), ens. By hierdie tipes van unieke identifiseerbaarheid is die grootte van die kommunikatiewe groep nie van belang nie, solank dit net

stabiel voortbestaan. Die stabiliteit van die groep verseker dat verwysende toeganklikheid via die langtermyn geheue ten opsigte van unieke sake bly bestaan.

(ii) Eiename

Eiename van mense, diere, plekke, ens. word ook beskou as verwysende uitdrukkings wat spesifieke verwysing aktiveer. Givón (1984:399 stel dit soos volg:

Names of persons, locations etc. may be viewed as entries in the permanent file, again with various degrees of generality vis-a-vis the group which shares them as unique referents.

(iii) Spesifieke beskrywing van die saak

'n Saak is uniek identifiseerbaar wanneer dit spesifiek beskryf word binne 'n bepaalde konteks. Lyons (1981:179) stel dit soos volg:

.... we can identify a referent not only by naming it, but also by providing the hearer or reader with a description of it, sufficiently detailed, in the particular context of utterance, to distinguish it from all other individuals in the universe of discourse.

Vergelyk die volgende voorbeeld:

5. E rile ke goroga fa lesakeng ka fitlhela go le dikgomo tse dintsi. Fa ke ntse ke di lebeletse ka bona moroba o mohunwana o ke o ratang. Ka ya go bua le mong wa dikgomo. Ka mmolelela gore ke batla go reka moroba o mohunwana o.

Hier is die saak moroba spesifiek beskryf binne die konteks. Dit is uniek identifiseerbaar omdat die beskrywing daarvan

so spesifiek is dat die hoorder dit sonder twyfel sal identifiseer.

(b) Bepaaldheid wat ontstaan as gevolg van die onmiddellike deiktiese beskikbaarheid van die saak

(i) Absolute deiktiese beskikbaarheid.

'n Saak is deikties beskikbaar as dit fisies in tyd en ruimte teenwoordig is binne die konteks. Lyons (1983:637) stel dit soos volg:

By deixis is meant the location and identification of persons, objects, events, processes and activities being talked about or referred to, in relation to the spatiotemporal context created and sustained by the act of utterance and the participation in it, typically, of a single speaker and at least one addressee.

Vergelyk die volgende voorbeeld:

6. Ke batla go ja nama ya nku. Ke tla tihaba nku e.

In 6 is die saak nku e deikties teenwoordig. Die verwysende uitdrukking nku e aktiveer spesifieke verwysing. Die deiktiese beskikbaarheid van 'n saak word altyd vanuit die konteks afgelei. Lyons (1983:661) stel dit soos volg:

.... there will usually be some concomitant paralinguistic feature (a nod of the head, a gesture with the hand, etc.) which draws the attention of the addressee to the referent in the situation-of-utterance.

(ii) Relatiewe of toevallige deiktiese teenwoordigheid.

Waar 'n saak in die konteks teenwoordig is, sal die

verwysing na sekere permanente kenmerke van hierdie saak ook unieke verwysing aktiveer, bv. "ntlo ya gagwe" (haar huis), "ditlhako tsa gagwe" (sy skoene), ens.

Dieselfde unieke verwysing word verkry deur te verwys na dele van 'n geheel waar die geheel reeds ou informasie is, byvoorbeeld by 'n slang wat vooraf reeds in die diskoers genoem is, sal die verwysende uitdrukkings soos "mateng" (binnegoed) "mogatla" (stert), "tlhogo" (kop) en "meno" (tande) unieke verwysing aktiveer as synde die slang se binnegoed, kop, stert of tande.

(c) Bepaaldheid wat ontstaan uit die onmiddellike of spesifieke konteks (active file)

Givón (1984:401) sien die spesifieke konteks (soos vir hierdie studie gefinterpreteer) as die aktiewe geheue of die diskoersregister. Informasie word deur die spreker of hoorder uit die onmiddellike konteks verkry om 'n diskoers te produseer en te interpreteer soos wat dit as kommunikasiemedium aangewend word. Hierdie diskoersregister oorvleuel noodwendig met die langtermyn geheue (permanent file). Informasie wat binne die onmiddellike konteks voorkom beweeg na die langtermyn geheue en word later, wanneer dit weer in die diskoers aangewend word, as ou informasie opgeroep en met spesifieke verwysing aangewend, bv.

7. Go kile ga bo go le monna le mosadi. Ba ne ba nna mo motsaneng o o gaufi le noka ya Odi. Monna yo o ne a tsofetse thata.

In 7 is dit duidelik dat die verwysende uitdrukking monna yo spesifieke verwysing aktiveer wanneer dit as ou informasie in die diskoers heraangewend word.

Hierdie proses werk ook andersom. Verwysende uitdrukkings wat spesifieke verwysing binne die langtermyn geheue aktiveer tree met dieselfde status binne die onmiddellike konteks op, bv.

8. Re ne re lapile. Letsatsi le ne le tihaba.

In 8 aktiveer die verwysende uitdrukking Letsatsi spesifieke verwysing binne die onmiddellike konteks omdat dit reeds unieke verwysing binne die langtermyn geheue aktiveer. Wanneer hierdie wedersydse wisselwerking tussen die langtermyn geheue en die onmiddellike konteks gevestig is, is die basiese vereiste vir bepaaldheid daargestel.

(d) Verwysende toeganklikheid: aanwending en heraanwending binne die diskoers

Wanneer 'n spreker 'n verwysende uitdrukking vir die eerste keer in die diskoers aanwend, kan die verwysing wat dit aktiveer bepaald of onbepaald wees. Wanneer dit onbepaald is sal die daaropvolgende verwysing na hierdie saak bepaald wees. (Vergelyk voorbeeld 7 hierbo). Verskeie metodes bestaan om hierdie ou informasie as bepaald te kodeer. In Tswana word hierdie informasie morfo-sintakties gekodeer deur dit te kwalifiseer met een of meer kwalifikatiewe, bv.

9. Go kile ga bo go na le monna le mosadi. Ba ne ba na le

bana ba babedi; mosimane le mosetsana. Mosimane yo o ne a le botlhale thata, mme mosetsana ena o ne a le montle tota.

In 9 word die verwysende uitdrukkings mosimane en mosetsana respektiewelik deur 'n demonstratief en 'n absolute bepaler, met ander woorde 'n absolute voornaamwoord, as bepaald gekodeer. Die belangrikste is egter dat wanneer die status van die verwysing na 'n saak nie uit die langtermyn geheue verkry kan word nie, die konteks ondersoek moet word. Op hierdie wyse kan vasgestel word of 'n verwysende uitdrukking bepaaldheid of onbepaaldheid met betrekking tot die verwysing wat dit aktiveer, genereer.

(e) Generiese bepaaldheid

Tradisioneel word verwysende uitdrukkings wat generiese verwysing aktiveer, beskou as uitdrukkings wat onbepaalde verwysing aktiveer, bv.

10. Tau ke sebata se se kotsi.

Dit geld ook vir die generiese meervoud, bv.

11. Ditau di a tshajwa.

Volgens Givón (1984:406) aktiveer hierdie tipe verwysende uitdrukkings onder bepaalde omstandighede wel bepaalde verwysing. Hy stel dit soos volg:

In spite of the fact that generic-definite NP's do not refer to individual members of the type but rather to the type

itself, there are grounds for suggesting that - at least for generic-definite subjects - their referential properties are inherently the same as those of definite NP's.

Die voorwaarde is egter dat so 'n verwysende uitdrukking reeds vooraf in die diskoers aangewend moet wees - deur die diskoers self of deur deiktiese teenwoordigheid binne die konteks.

Die voorafgaande bespreking is gerig op die wisselwerking tussen die konteks en die daarstelling van spesifieke verwysing. Soos blyk uit voorbeeld 9 is dit in Tswana die geval dat daar hoofsaaklik van "bepaaldheidsmerkers" gebruik gemaak word om spesifieke verwysing ten opsigte van 'n sekere saak te aktiveer. Hierdie "bepaaldheidsmerkers" kwalifiseer die saak deurdat dit daardeur bepaald gestel word. Soms fungeer die kwalifikatiewe egter bloot as 'n omskrywer. Dit is die geval waar dit nie-spesifieke verwysing aktiveer. (Vergelyk bl.156 van hierdie studie). Dit is daarom verkeerd om alle kwalifikatiewe sondermeer as "bepaaldheidsmerkers" te beskryf. Daarom sal daar in hierdie studie steeds na hierdie uitdrukkings verwys word as kwalifikatiewe en nie as "naamwoordbepalers" nie.

Uit die voorafgaande teoretiese grondslag is dit duidelik dat die kwalifikatiewe, in hierdie studie op geheel-en-al 'n ander vlak van taalstudie bespreek sal word as wat tot nou toe die geval was. Dit verg 'n besondere werkswyse waaraan vervolgens aandag gegee sal word.

2.4 WERKSWYSE

Die besondere werkswyse wat in hierdie studie gevolg gaan word, vloei voort uit die teoretiese grondslag wat hierbo uiteengesit is. Daar is veral twee punte wat van belang is, nl.

- die kwalifikatief word beskou as 'n verwysende uitdrukking
- die fungering van enige verwysende uitdrukking kan slegs binne die konteks waarin dit aangewend word, bestudeer word.

Daar sal afsonderlik aandag gegee word aan die fungering van die verskillende tipes kwalifikatiewe wat funksioneel onderskei word. Navorsing wat vir hierdie studie gedoen is, toon aan dat daar 'n besliste verdeling tussen twee hoofgroepe kwalifikatiewe is. Die een groep is slegs bepaaldstellend terwyl die ander groep oor 'n meer ingewikkelde fungeringsstelsel beskik.

Daar sal in hoofstuk 3 aandag gegee word aan die kwalifikatiewe wat slegs as "bepaaldheidsmerkers" kan fungeer. In hoofstuk 4 sal aandag gegee word aan alle ander verwysende uitdrukkings wat in 'n kwalifiserende verwysingsrelasie tot 'n saak kan staan. In hoofstuk 5 sal aandag gegee word aan die aanwending van die kwalifikatiewe binne die kwalifikatiewe reeks.

Die bespreking van die fungering van die kwalifikatiewe in hoofstukke 3 en 4 sal geskied deur telkens 'n stelling te maak oor die fungering van die kwalifikatief of kwalifikatiewe onder bespreking. Die stelling sal gestaaf word aan die hand van 'n voorbeeld of voorbeelde waarin die besondere fungering van die

kwalifikatief geïllustreer word. Die voorbeeld of voorbeelde sal dan ontleed word en verdere voorbeelde sal waar nodig verstrekk word. In die meeste gevalle sal 'n diskoersanalise gedoen word wat slegs gerig is op die aanwending van die betrokke kwalifikatief onder bespreking. In sommige gevalle mag dit egter nodig wees om 'n meerledige diskoersanalise te doen. Die invloed van ander uitdrukkings op die aanwending van die kwalifikatief binne die diskoers word dan in berekening gebring. (Vergelyk bl. 113 van hierdie studie).

Aanhalings wat as voorbeelde dien is uit letterkundige werke, koerante en handboeke geneem. Omdat die geskrewe tekste dikwels deur verskeie faktore beperk word, sal daar ook van voorbeelde gebruik gemaak word wat self geskep is en deur informante, wat moedertaalsprekers is, aanvaarbaar gevind is. Voorbeelde wat self geskep is, is ontleen uit die ervaringswêreld van die skrywer, en die landelike eensydigheid daarvan mag kritiek ontlok.

2.5 DOELSTELLING

Die volgende doelstelling word vir hierdie studie beoog:

Die doel van hierdie studie is om die informasionele status van die kwalifikatief as 'n funksionele kategorie binne sy wyer kommunikatiewe konteks te spesifiseer en te beskryf.

Om hierdie doel te kan verwesenlik is dit nodig om veral aandag te gee aan die volgende aspekte, nl.

- die kommunikatiewe krag waaroor die kwalifikatief beskik en
- die uitwerking van die kwalifikatief op die diskoers wanneer dit aangewend word.

Daar sal in die hieropvolgende hoofstukke aandag gegee word aan die bespreking van die kwalifikatiewe teen die agtergrond van die voorafgaande teoretiese grondslag, werkswyse en doelstelling.

VERWYSINGS

- 1) Vergelyk die bespreking van Du Piessis se bydrae tot die bestudering van die kwalifikatief op bl.31 van hierdie studie.
 - 2) Vir 'n vertaling van hierdie voorbeeld, soek alle verdere voorbeelde, raadpleeg Bylaag I op bl.225 aan die einde van hierdie studie. Die vertalings is genummer om ooreen te stem met die voorbeeldnommers.
-

HOOFSTUK 3

DIE FUNGERING VAN DIE DEMONSTRATIEF EN ABSOLUTE 1) BEPALER AS KWALIFIKATIEWE IN TSWANA

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die fungering van die demonstratief en absolute bepaler as kwalifikatiewe in Tswana. Dit geskied teen die agtergrond van die teoretiese grondslag en werkswyse wat in die vorige hoofstuk uiteengesit is.

Die hoofstuk val in drie dele uiteen:

- (a) Die identifikasie van die demonstratief en absolute bepaler as kwalifikatiewe
- (b) Die fungering van die demonstratief as 'n kwalifikatief
- (c) Die fungering van die absolute bepaler as 'n kwalifikatief

3.2 DIE IDENTIFIKASIE VAN DIE DEMONSTRATIEF EN ABSOLUTE BEPALER AS KWALIFIKATIEWE

In hoofstuk 1 is aangedui dat die demonstratief en absolute bepaler gedurende die klassieke periode as voornaamwoorde beskou is en dat hulle in hierdie hoedanigheid as kwalifikatiewe getipeer is. (Vergelyk bl.3 van hierdie studie). Gedurende die Dokeaanse periode word afgesien van hierdie beskouing. Cole (1975) huldig die siening dat die demonstratief en absolute bepaler primêr as vervangers van die naamwoord fungeer. Omdat

pronominalisasie as 'n vervangingsproses beskou is, word alle uitdrukkings, ook die kwalifikatiewe, wat in die plek van 'n naamwoord in die sin kan optree as voornaamwoorde beskou wanneer hulle sonder die naamwoord voorkom. (Vergelyk bl.22 van hierdie studie).

Gedurende die strukturele periode word teruggekeer na die siening dat die demonstratief en die absolute bepaler as kwalifikatiewe fungeer. (Vergelyk bl.26 van hierdie studie). Daar word egter van die morfo-sintaktiese standpunt uitgegaan en die redes vir hierdie siening word nie funksioneel uiteengesit nie.

Gedurende die formele periode word die fungering van die demonstratief en absolute bepaler as kwalifikatiewe bevestig. (Vergelyk bl.32 van hierdie studie). Hierdie indeling word egter gedoen vanuit die sisteem van sintaktiese reëls wat vasgestel word. Funksioneel is dit onaanvaarbaar.

Volgens die teoretiese grondslag wat in hoofstuk 2 uiteengesit is, moet alle kwalifikatiewe aan twee algemene funksionele vereistes voldoen. Dit moet altyd verwysing aktiveer en dit moet altyd in 'n kwalifiserende verwysingsrelasie staan tot die saak waarna dit verwys. Die demonstratief en absolute bepaler sal vervolgens aan die hand van hierdie vereistes as kwalifikatiewe bewys word.

Dat die demonstratief en absolute bepaler verwysing aktiveer is nie te betwyfel nie. Morfologies beskik albei oor 'n verwysende

element wat kongruensie met die naamwoord bewerkstellig en sodoende altyd na 'n saak verwys of dit in sekere gevalle aanwys. (Vergelyk 3.3.1 bl.82 van hierdie studie). Hierdie uitdrukkings aktiveer altyd verwysing na 'n saak wat spesifieke verwysing aktiveer of wat uit die onmiddellike konteks verkry word. (Vergelyk bl.69 van hierdie studie). Verder hoef die kwalifikatief nie saam met die verwysende uitdrukking, wat op sigself na die saak verwys, te verskyn nie. Die demonstratief of absolute bepaler kan alleen as verwysende uitdrukking aangewend word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

12. (a) Mmutle o ne a gana go epa sediba. A re ena ga a ka ke a nwa mo go sona.

(b) Tontobane o ne a gana go fofa. Se, se ne sa dira gore dinonyane tse dingwe di mo nyatse.

In 12 (a) word die absolute bepaler ena op sigself as 'n verwysende uitdrukking aangewend. Dit verwys na die saak mmutle wat reeds in die diskoers aangewend is. In 12 (b) word die demonstratief Se as 'n verwysende uitdrukking aangewend. Dit verwys na die weiering van Tontobane om te vlieg. Hierdie fungeringsmoontlikhede van die demonstratief en absolute bepaler bevestig die aanwending daarvan as verwysende uitdrukkings.

Wanneer 'n demonstratief of absolute bepaler in 'n diskoers voorkom, fungeer dit bepaaldstellend teenoor 'n saak wat reeds aan die hoorder bekend is. Dit is dus by die heraanwending of hertoetrede van 'n verwysende uitdrukking in die diskoers waar

die spreker 'n demonstratief of absolute bepaler kan aanwend om die saak bepaald te stel. Vergelyk die volgende voorbeeld:

13. Mogapi (1981:4)

Ga twe go kile ga bo go le monna le mosadi ba na le ngwana a le mongwefela a bidiwa Mmapula. E rile lobaka lo ntse lo ya mosadi a tlhokofala, mme dipelo tsa monna le ngwana tsa nna botlhoko thata. E rile morago monna yo a nyala gape.

Aan die begin van 13 word die verwysende uitdrukkings mosadi en monna as nuwe informasie in die diskoers ingebring. By die heraanwending in die diskoers word die verwysende uitdrukking mosadi as spesifieke ou informasie aangebied omdat dit pas vooraf in die diskoers genoem is. By die heraanwending van die verwysende uitdrukking monna, in die diskoers, wend die spreker 'n demonstratief aan om spesifieke verwysing te aktiveer. Die spreker doen dit om te verseker dat die hoorder die spesifieke saak sal identifiseer waarna hy verwys, naamlik die man wie se vrou gesterf het en wie Mmapula se vader is. Die rede waarom die spreker dit nodig ag om 'n kwalifikatief aan te wend sal later duidelik blyk. (Vergelyk bl.106 van hierdie studie)

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die demonstratief en absolute bepaler beslis as kwalifikatiewe in Tswana fungeer. Hulle is nie net verwysende uitdrukkings nie maar hulle aktiveer beslis ook 'n kwalifiserende verwysingsrelasie, in die besonder 'n bepaaldstellende verwysingsrelasie, met betrekking tot die saak waarna verwys word. Die demonstratief en absolute bepaler fungeer dus primêr

as bepalers wanneer hulle as kwalifikatiewe getipeer word. Met betrekking tot wat 'n bepaler is word Lyons (1983:454) se definisie aanvaar:

We can say that a determiner is any element whose function it is to enter into the structure of referring expressions and to determine their reference as definite rather than non-definite.

Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die fungering van die demonstratief as 'n kwalifikatief terwyl die absolute bepalers in 3.4 aandag sal geniet.

3.3 DIE FUNGERING VAN DIE DEMONSTRATIEF AS 'N KWALIFIKATIEF

Die bepaaldstellende funksie word in Tswana hoofsaaklik vervul deur kwalifiserende verwysende uitdrukkings wat bepaaldstellend fungeer. Lidwoorde kom nie in Tswana voor nie en die belangrikste bepaaldstellende komponent binne die diskoers is die demonstratief. Givón (1975:157) stel dit dat die meeste Bantoe-tale nie 'n bepaaldstellende artikel per se het nie. Almal beskik egter oor 'n verskeidenheid van demonstratiewe elemente wat ontwikkel het tot bepalers. 'n Verdere bevestiging hiervan is die feit dat die demonstratiewe element behou word by die strukturele opbou van kwalifikatiewe uit nominale en werkwoordelike elemente, bv.

14. (a) Mosadi yo montle
- (b) Mosadi yo o jang....

(c) Monna yo o neng a le kgosi

Met betrekking tot die fungering van die demonstratief in Tswana word daar onderskei tussen die deiktiese en non-deiktiese fungering daarvan. Cole (1975:129) stel dit soos volg:

Normally the demonstrative pronouns are used in reference to things which are in sight; but in narrative they may be used of things which have been seen at some time in the past; and in conversation they often refer to something which has been previously mentioned.

Dit sal daarom verkeerd wees om soos Kotzé (1985) die demonstratiewe te benoem as deiktiese demonstratiewe en non-deiktiese demonstratiewe, aangesien dit nie 'n soortlike verskil is nie, maar 'n fungeringsverskil. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die deiktiese fungering van die demonstratief.

3.3.1 Die deiktiese fungering van die demonstratief

Met deiktiese fungering word bedoel dat die saak waarna die verwysende uitdrukking verwys, ruimtelik teenwoordig is binne die omgewing (konteks) waarin die gespreksgenote hulle self bevind. Bepaaldstelling geskied deur middel van die kwalifiserende aspek wat gerig is op die deiktiese beskikbaarheid van die saak. Die saak word fisies aangewys. Levinson (1983:54) stel dit soos volg:

Essentially, deixis concerns the ways in which language encode or grammaticalize features of the context of utterance or speech event, and thus also concerns ways in

which the interpretation of utterances depends on the analysis of that context of utterance.

Alhoewel 'n saak aangewys word is die uitdrukking steeds 'n verwysende uitdrukking wat binne die diskoers verwysend fungeer deur 'n saak binne die konteks aan te wys. Die uitdrukking bly dus funksioneel 'n verwysende uitdrukking wat met betrekking tot die saak aanwysend fungeer. So 'n uitdrukking kan daarom nie 'n "aanwysende uitdrukking" genoem word nie. Met betrekking tot die funksie wat dit vervul kan dit as aanwysing/deiktiese aangedui word. Dit gaan dus om "aanwysende verwysing."

Met betrekking tot die deiktiese fungering van die demonstratief word dit aangewend om die verwysing na 'n saak wat fisies teenwoordig is, bepaald te stel. Kotzé (1985:83) beskryf die deiktiese fungering van die demonstratiewe soos volg:

2)

Deiktiese demonstratiewe verwys na objekte/sake op grond van hulle lokaliteit t.o.v die spreker en/of aangesprokene, waar die objek(te)/saak(e) altyd in die fisiese werklikheid aanwesig is.

Die volgende voorbeeld illustreer die deiktiese fungering van die demonstratief:

15. Snyman et. al (1986:44)

Lebelela dipolelo tse di latelang:

Maswi a monate
Ngwana o kgwa mathe

Metsi a dirisetswa go tlhatswa
Batho ba bangwe ba rata mageu

Maina a (i), a tsaya tlhogo ma-, a mme a ka tsaya tlhogo le?
Jaaka o ka itemogela leina mathe le na le bongwe, e bong
lethe, a mangwe a tlhagelela mo bontsing fela. Ikwalele
dingwe tsa dikao tse (ii) mmogo le bongwe ba tsona, jk.

madila > -
madi > -
mafura > lefura

A o lemogile gore bontsi bo kaya seeledi kgotsa sekaseledi
fa bongwe bo kaya sengwe se se komota, jk. lefura
Dingwe tsa dikao tse (iii), tse di kayang dieledi kgotsa
dikadieledi, di fitlhelwa mo setlhopheng sa lo-, jk.

lobese logodu
loraga lorito

A maina a (iv), a na le bontsi, tota bontsi jo bo
tlhalosang? jk.

maraga marito
mabese magodu

O nepile maina a (v), a kaya dimeto tse di farologaneng,
dieledi le dikadieledi. Ikwalele maina mangwe a a welang mo
ditlhopheng tsa N- diN-, jk.

khadi
pula

A bontsi jwa maina a (vi), bo sa ntse bo kaya dieledi le
dikadieledi? Lebelela dikao tse (vii):

dikhadi
dipula

In 15 hierbo word sewe (i - vii) demonstratiewe binne die
diskoers aangedui wat as kwalifikatiewe fungeer. In die geval
van (ii), (iii) en (vi) fungeer die demonstratief binne 'n
kwalifikatiewe reeks waar dit 'n saak kwalifiseer wat op sigself
deel is van die kwalifikatiewe reeks, maar self nie genoegsame
bepaaldstellende verwysing aktiveer om bepaaldstelling te
bewerkstellig nie. (Vergelyk bl.195 van hierdie studie). Die

fungering van die demonstratief binne die kwalifikatiewe reeks sal in hoofstuk 5 weer aandag geniet. Daar sal vir eers net aandag gegee word aan die deiktiese fungering daarvan waar dit individueel as kwalifikatief optree soos by (i), (iv), (v) en (vii) in 15 hierbo.

By elkeen van hierdie gevalle veroorsaak die aanwending van die demonstratief dat die verwysing van die verwysende uitdrukkings maina en dikao so beïnvloed word dat aanwysende of deiktiese verwysing verkry word. Sake wat fisies teenwoordig is binne die konteks word aangewys. In die geval van (i) word die woorde, wat onderstreep is en ma- as 'n prefiks neem, as die saak aangewys. By (iv) en (v) word die voorafgaande woorde wat as voorbeelde dien aangewys. Die aanwysing is in hierdie gevalle retrogressief, dit wil sê na sake wat aanwysbaar is binne die voorafgaande teks. In die geval van (vii) is die aanwysing, progressief, dit wil sê na 'n saak wat nog in die gespreksituasie ingebring gaan word. Die saak is egter onmiddellik deikties beskikbaar en sodoende word spesifieke verwysing reeds geaktiveer. (Vergelyk bl.69 van hierdie studie). Die aanwending van die demonstratief is egter funksioneel binne die diskoers omdat dit die fisiese teenwoordigheid van die saak bevestig en bepaaldstelling aktiveer. Daar sal later weer aandag gegee word aan die deiktiese fungering van die demonstratief wanneer die betekenis van die verskillende paradigmatische stelle wat by die demonstratief onderskei word, bespreek word. (Vergelyk 3.3.4 bl.91 van hierdie studie).

3.3.2 Die non-deiktiese fungering van die demonstratief

Met non-deiktiese verwysing word bedoel dat die saak waarna 'n verwysende uitdrukking verwys nie fisies teenwoordig is binne die onmiddellike konteks nie. Alle abstrakte sake word ook ingesluit. Die bepaaldstelling geskied hier binne 'n bepaaldstellende verwysingsrelasie waar die bepaaldstellende aspek gegrond is op die non-deiktiese beskikbaarheid van die saak. Dit word verkry deurdat daar in die voorafgaande diskoers na die saak verwys is. Kotzé (1985:83) beskryf die non-deiktiese fungering van die demonstratiewe soos volg:

3)

Non-deiktiese demonstratiewe dui nie relatiewe verwyderdheid van 'n objek m.b.t. die gespreksgenote in 'n fisiese sin aan nie, maar in 'n tydruimtelike sin.

Vergelyk die volgende voorbeeld:

16. Mogapi (1981:8)

Koko le phokojwe

E rile bogologolo phokojwe a bo a agile ka kagiso le koko. E ne ya re lobaka longwe phokojwe a fitlhela koko a na le bana ba gagwe mme koko a tsentse tlhogo ka fa teng ga diphuka a ithuna makgantsetse. Phokojwe a gakgamala thata go bona tlhogo ya koko e nyeletse. E rile a botsa dikokwana tsa mo raya tsa re tlhogo ya ga mmaatso e rekisitswe. Phokojwe e rile a tsena kwa gae a ba a kgaola tlhogo ya ga mmaagwe, ka maikaelelo a go ya go e rekisa. Mmaagwe phokojwe a ba a a swa, mme tiragalo e ya gakatsa phokojwe. A simolola go tsoma koko gore fa a mmonang teng a ba a mmolaya gonne o mo akeditse.

In 16 hierbo word die demonstratief e in die orderstreepte verwysende uitdrukking non-deikties aangewend. Dit stel die

verwysing van die verwysende uitdrukking bepaald ten opsigte van 'n saak wat reeds vooraf in die diskoers uiteengesit is en dus aan die hoorder bekend is, alhoewel dit nie fisies teenwoordig is nie. In hierdie geval verwys die verwysende uitdrukking na 'n gebeurlikheid as die saak, naamlik die afsterwe van Jakkals se moeder. Vergelyk ook die onderstreepte verwysende uitdrukkings in die volgende voorbeeld:

17. Mogapi (1981:4)

Mosetsana Mmapula

Ga twe go kile ga bo go le monna le mosadi ba na le ngwana a le mongwefela a bidiwa Mmapula. E rile lobaka lo ntse lo ya mosadi a tlhokafala, mme dipelo tsa monna le ngwana tsa nna botlhoko thata. E rile morago monna yo a nyala gape. Mosadi yo o ne a tshwenya Mmapula, mme rraagwe a se ka a re sepe. Ga dirala gore mosadi yo a tshole ngwana wa mosetsana, ba mmita Mmaletsatsi. Mmaletsatsi o ne a le maswe mme Mmapula ene a le montle, jalo mmaagwe Mmaletsatsi a ila Mmapula go feta, mo a neng a mo tima le dijo tota.

Uit die voorafgaande besprekings van die deïktiese en non-deïktiese fungering van die demonstratief, is dit duidelik dat die demonstratief primêr as 'n kwalifikatief fungeer en spesifiek, as 'n bepaaldstellende komponent binne die verwysende uitdrukking waarin dit voorkom. Omdat hierdie fungering van die demonstratief as 'n kwalifikatief voortspruit uit die verwysing wat dit ten opsigte van 'n bepaalde saak aktiveer, is dit nodig om ook hierdie aspek van die demonstratief te ondersoek met betrekking tot die diskoers waarin dit voorkom. Vir die doel van hierdie ondersoek sal daar weer eens duidelik onderskei word tussen die deïktiese en non-deïktiese fungering van die demonstratief. Daar sal verder ook veral gebruik gemaak word van

navorsing wat gedoen is vir die uiteensetting van die demonstratiewe in die Tswanawoordeboek wat tans nog in manuskripvorm is. Voordat aandag gegee kan word aan die verwysing wat die demonstratief aktiveer, moet daar eers aandag gegee word aan die paradigmatische stelle van die demonstratief wat in Tswana onderskei word.

3.3.3 Die paradigmatische stelle van die demonstratief in Tswana

In Tswana word vyf paradigmatische stelle van die demonstratief onderskei. Hierdie onderskeid berus op die verskil wat die verskillende paradigmatische stelle van die demonstratiewe ten opsigte van die bepaaldstellende aspek genereer. Cole (1975:129) onderskei vier stelle en stel dit soos volg:

Tswana, like most typical Bantu languages, has four sets of demonstrative pronouns, and these are arranged in two contrast pairs, signifying "this", "that"; and "this here", "that yonder". In Tswana the first set is the basic one, the other three being derived therefrom by adding various suffixes.

Hy onderskei 'n alternatiewe stel tot die basiese stel, wat gevorm word deur -na aan (die basiese stel) te voeg. Hierdie stel word vir die doel van hierdie studie as 'n afsonderlike stel behandel.

Die volgende paradigmatische stelle van die demonstratief word vir die doel van hierdie studie in Tswana onderskei. Vergelyk die volgende Tabel:

Tabel 2

Tabel van die paradigmatische stelle van die demonstratiewe

Klas		Stel I	Stel II	Stel III	Stel IV	Stel V
1	mo-	yô	yôna	yôo	yôle	yôno
2	ba-	ba	bana	bao	bale	bano
3	mo-	ô	ôna	ôo	ôle	ôno
4	me-	ê	êna	êo	êle	êno
5	le-	lê	lêna	lêo	lêle	lêno
6	ma-	a	ana	ao	ale	ano
7	se-	sê	sêna	sêo	sêle	sêno
8	di-	tsê	tsêna	tsêo	tsêle	tsêno
9	N-	ê	êna	êo	êle	êno
10	diN-	tsê	tsêna	tsêo	tsêle	tsêno
11	lo-	lô	lôna	lôo	lôle	lôno
14	bo-	bô/jô	bôna/jôna	bôo/jôo	bôle/jôle	bôno/jôno
15	go	gô	gôna	gôo	gôle	gôno
16	fa-	fa	fana	fôo	fale	fano
17	go-	gô	gôna	gôo	gôle	gôno
18	mo-	mô	môna	môo	môle	môno

(a) Stel I demonstratiewe

Die basiese stel demonstratiewe word vir die doel van hierdie studie beskou as stel I demonstratiewe, bv.

18. Monna yo o a ja.

Die rede hiervoor is dat die ander vier stelle wat in Tswana onderskei word, morfologies van hierdie stel afgelei word deur die suffigering van verskillende suffikse.

(b) Stel II demonstratiewe

Hierdie stel demonstratiewe word morfologies van stel I afgelei deur die suffigering van die suffiks -na, bv.

19. Selo sena se robegile.

(c) Stel III demonstratiewe

Dit word morfologies afgelei van stel I deur die suffigering van die suffiks -o, bv.

20. Monna yoo o a ja.

(d) Stel IV demonstratiewe

Stel IV demonstratiewe word van stel I afgelei deur die suffigering van die suffiks -le, bv.

21. Monna yole o a ja.

(e) Stel V demonstratiewe

Hierdie stel demonstratiewe word afgelei van stel I deur die suffigering van die suffiks -no, bv.

22. Lefatshe leno ke la Batswana.

Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die verwysingsmoontlikhede wat geaktiveer word wanneer die verskillende paradigmatische stelle van die demonstratief deikties/aanwysend aangewend word. Die verwysingsmoontlikhede wat die demonstratief aktiveer wanneer dit non-deikties/verwysend aangewend word sal in 3.3.5 bespreek word.

3.3.4 Die deïktiese fungering van die paradigmatische stelle van die demonstratief

By die deïktiese fungering van die paradigmatische stelle van die demonstratief verskil die stelle van mekaar ten opsigte van die posisie vanaf die spreker enersyds en/of die hoorder andersyds, as die vaste verwysingspunte, en die posisie van die saak waarna verwys word. Drie vaste verwysingspunte word onderskei, nl:

die spreker,

die hoorder en

die saak waarna verwys word.

Elke stel demonstratiewe word verskillend deur die spreker aangewend met betrekking tot hierdie verwysingspunte.

Die aanwysing van 'n saak (bepaaldstelling) kan geskied ten opsigte van die universele werklikheid of die onmiddellike konteks. Wanneer die aanwysing ten opsigte van die universele werklikheid geskied, word 'n saak bepaald gestel ten opsigte van alle bestaande soortgelyke sake. Die saak is dan ook die enigste soortgelyke referent wat aanwesig is binne die onmiddellike konteks. Vergelyk die volgende:

23. Ke a itse gore ga o ise o bone ntšwa e e ka bolayang nkwe,
mme ke a go bolelela, ntšwa e, e a e bolaya.

In 23 gebruik die spreker die verwysende uitdrukking ntšwa om generiese verwysing te aktiveer. (Vergelyk bl.72 van hierdie studie). Wanneer dieselfde verwysende uitdrukking weer aangewend

word, word die demonstratief e aanwysend aangewend. Dit fungeer bepaaldstellend teenoor ntšwa en wys die saak "ntšwa" aan met betrekking tot die generiese verwysing daarvan. Bepaaldstelling geskied hier dus ten opsigte van die universele werklikheid.

Wanneer die aanwysing ten opsigte van die onmiddellike konteks geskied, word 'n saak bepaald gestel ten opsigte van een of meer soortgelyke sake wat ook binne die onmiddellike konteks voorkom. Die saak is dus een van twee of meer soortgelyke referente wat binne die onmiddellike konteks aanwesig is. By implikasie word die saak ook ten opsigte van alle ander soortgelyke sake binne die universele werklikheid bepaald gestel. Hierdie onderskeid is egter nodig omdat die konteks vir elke fungeringsmoontlikheid verskil. Vergelyk die volgende voorbeeld:

24. Sello: "Ke ntšwa efe mo dintšweng tse e e ka bolayang tshwene?"
Shole: "Mo go tseo ga go ra la fa e le nngwe, mme ntšwa ele e ka iteka".

In 24 is dit duidelik dat daar meer as een hond binne die onmiddellike konteks deïkties waarneembaar is. Dit word aangedui deur die verwysende uitdrukking dintšweng tse wat bepaaldstellend is ten opsigte van alle ander honde. Die tweede spreker, dit is Shole, wil een spesifieke hond aanwys en hy gebruik die demonstratief ele om dit bepaald te stel ten opsigte van die honde wat fisies teenwoordig is binne die onmiddellike konteks.

Die belangrikste punt by die deiktiese fungering van die demonstratiewe is die relatiewe afstand wat daar bestaan tussen die vaste verwysingspunte wat op bl.91 onderskei is. Hierdie "posisie" is die uiteindelijke faktor om te bepaal watter stel demonstratiewe aangewend sal word in 'n bepaalde diskoers. Dit word ook aangewend as die bepaaldstellende aspek. Omdat hierdie "posisie" relatief is ten opsigte van byvoorbeeld die grootte van die saak waarna verwys word, is daar geen vaste reëls wat deurgaans gehandhaaf word nie. Kotzé (1985:84) stel dit soos volg:

Dit is interessant dat die grootte van die objek 'n invloed het op die spreker se persepsie van die afstand tussen hom en die objek, of van die tussen die aangesprokene en die objek. Wanneer 'n mens voor 'n groot voorwerp staan, voel dit asof jy nader is daaraan as bv. aan 'n klein voorwerp wat net so ver van jou af is as die groot voorwerp. So, bv., sal die spreker as hy (en die aangesprokene) ongeveer 10 m van 'n groot gebou af staan, sê:

Moago wo ke wo mogolo
'Hierdie gebou is groot.'

As die spreker egter wil verwys na 'n hond wat net so ver van hom af staan as die gebou in die vorige voorbeeld, sal hy nie die demonstratief van die eerste verwysing kan gebruik om na die hond te verwys nie, maar wel dié van die derde verwysing.

Die konteks is die bepalende faktor waarbinne die spreker sal vasstel watter stel demonstratiewe aangewend moet word. 'n Mate van reëlmatigheid kom wel voor en met inagneming van die diskoers kan sekere algemene gebruiksmoontlikhede uitgewys word. Daar sal vervolgens aandag aan die gebruiksmoontlikhede van die deiktiese fungering van die paradigmatische stelle van die demonstratief gegee word.

(a) Die stel I demonstratiewe

Die stel I demonstratiewe fungeer deikties wanneer die spreker en die hoorder relatief naby of verwyderd van mekaar is in terme van die hoorafstand tussen hulle. Wanneer die gespreksgenote relatief naby aan mekaar is sal die saak altyd in die onmiddellike nabyheid van die gespreksgenote wees en in die besonder nader aan die spreker. Vergelyk die volgende voorbeeld:

25. Raditladi (----:16)

Fa Matšheng a re: "A go nne jalo", botlhe mo ntlong, le Rra Bontle tota, ba ne ba setse ba wetse ka boammaaruri mo thapelong, ba bile ba buduletse kwa ntle ga pelaelo. "Tsaya selo se o se sekaseke", ga bua Matšheng a neela Rra Bontle segai se se se mo seatleng sa gagwe. Rra Bontle a isa seatla a ntse a belaela, a diga mmele wa gagwe mme a tsenya segai mo seatleng, sa gagwe. A se sekaseka, jaana a nyenya. "Selo se ke logong fela. Ga se segai", ga bua Rra Bontle ka bofefo. Matšheng a tshenga.

Hier is die spreker, naamlik Matšheng, en die hoorder Rra Bontle, bymekaar. Hulle is so naby aan mekaar dat die spreker die saak selo, aan die hoorder gee. Wanneer die spreker die saak aanwys deur die aanwending van 'n stel I demonstratief se, is die saak naby hom. Dit is nader aan hom as aan die hoorder want hy gee dit aan die hoorder Rra Bontle. Later, in dieselfde diskoers, is dieselfde saak in Rra Bontle se hande. Wanneer hy as die spreker daarna verwys gebruik hy ook die stel I demonstratief se om dit aan te wys. In hierdie geval is die saak in sy besit en dus nader aan hom.

In 25 geskied bepaaldstelling ten opsigte van die universele werklikheid . Stel I demonstratiewe kan ook aangewend word om bepaaldstelling te bewerkstellig ten opsigte van die onmiddellike konteks. In so 'n geval is die bepaaldstelling gerig op die uitwysing van 'n spesifieke saak ten opsigte van 'n ander soortgelyke saak of sake wat ook binne die konteks aanwesig is. Die spesifieke saak sal nader aan die spreker wees as aan die hoorder. Vergelyk die volgende voorbeeld:

26. Fa re ya go tsoma, nna ke tla tsaya ntšwa e. Tse dingwe tseo, ga ke di rate.

In 26 is dit duidelik dat daar meer as een hond teenwoordig is. Die meervoudige verwysende uitdrukking tse dingwe tseo dui dit aan. Deur van 'n stel I demonstratief e gebruik te maak in die verwysende uitdrukking ntšwa e, maak die spreker seker dat hy die spesifieke saak deikties uitwys. Die saak ntšwa word bepaald gestel deurdat dit nader aan die spreker is as die ander honde. Hierdie aspek word as die bepaaldstellende aspek deur middel van die stel I demonstratief aangewend. Bepaaldstelling geskied dus ten opsigte van die onmiddellike konteks.

Wanneer daar verwarring bestaan met betrekking tot die verskil in afstand van die verskillende soortgelyke sake tot die spreker, byvoorbeeld as almal ewe vër van die spreker is, sal daar van 'n aanwysingsgebaar gebruik gemaak word. Hierdie aanwysingsgebaar kan 'n kyk in die rigting van die

spesifieke saak wees of selfs 'n aanwysing met die hand of voet. (Vergelyk bl.69 van hierdie studie). Wanneer die gespreksgenote relatief verwyderd van mekaar is, sal die stel I demonstratiewe aangewend word om 'n saak aan te wys wat relatief nader aan die spreker is. Ook hier geskied bepaaldstelling ten opsigte van die universele werklikheid of die onmiddellike konteks. Wanneer dit ten opsigte van die universele werklikheid geskied sal daar nie 'n soortgelyke saak binne die onmiddellike konteks voorkom nie. Neem byvoorbeeld 'n gespreksituasie waar die spreker en die hoorder relatief verwyderd van mekaar is. Die spreker staan by 'n skaap wat besig is om te vrek. Hy roep die hoorder, wat redelik vër is, en sê die volgende:

27. "Hei, monna! Nku e e a swa".

Die saak nku word hier bepaald gestel ten opsigte van die universele werklikheid, dit wil sê alle moontlike sake wat binne die universele werklikheid voorkom. Vir die doeleindes van die universele werklikheid is die blote nabyheid van die saak aan die spreker genoeg en is 'n aanwysingsgebaar oorbodig maar nie uitgesluit nie. Wanneer die spreker en die hoorder relatief verwyderd van mekaar is en twee of meer soortgelyk sake bevind hulle binne die onmiddellike konteks sal die spreker 'n stel I demonstratiewe aanwend om die saak naaste aan hom bepaald te stel. Die ander saak of sake sal hulle dan verder van die spreker af bevind. Wanneer die sake almal min of meer ewe vër van die

spreker is, maar steeds naby aan hom, sal die aanwysing gepaard gaan met 'n aanwysingsgebaar. Die aanwysing geskied dus weer eens ten opsigte van uitwysing binne die konteks.

(b) Die stel II demonstratiewe

Die aanwending van hierdie stel demonstratiewe kom in 'n groot mate ooreen met die aanwending van die stel I demonstratiewe. Die aanwysing is egter meer emfasies/intens en veral gerig op uitwysing. Vergelyk byvoorbeeld voorbeelde 26 en 28.

Soos by die stel I demonstratiewe kan die spreker en die hoorder bymekaar wees of relatief verwyderd van mekaar wees. Die saak is meestal in besit van die spreker en indien nie, is dit binne sy bereik. Die spreker kan dit daarom altyd aanwys of uitwys deur middel van 'n bepaalde gebaar of deur daaraan te raak. By die stel I demonstratiewe kan die saak ook in besit van die spreker wees, vergelyk voorbeeld 25, maar dan sal die bepaaldstelling ten opsigte van die universele werklikheid geskied. Die stel II demonstratiewe word aangewend om bepaaldstelling te genereer waar daar twee of meer soortgelyke sake binne die onmiddellike konteks is wat baie naby aan die spreker is en veral waar uitwysing nodig is. 'n Voorbeeld van so 'n konteks is waar die spreker twee sleutels vashou - een in elke hand. Hy hou die een sleutel in die regterhand na die hoorder en sê byvoorbeeld:

28. "Senotlele sena ke sa lebati la ntlo"

Daarna hou die spreker die sleutel in sy linkerhand na die

hoorder en sê byvoorbeeld:

29. "Sena ke sa lebati la llori".

In 28 en 29 word die stel II demonstratief sena aangewend gepaardgaande met 'n uitwysingsgebaar. Die bepaaldstelling geskied hier ten opsigte van 'n saak wat in die onmiddellike konteks voorkom.

Dit wil dus voorkom of die stel II demonstratiewe meer gerig is op uitwysing binne die onmiddellike konteks terwyl die stel I demonstratiewe meer gerig is op aanwysing binne die universele en onmiddellike werklikheid.

(c) Die stel III demonstratiewe

Die stel III demonstratiewe word deikties aangewend wanneer die saak wat dit aanwys relatief nader aan die hoorder is as wat dit aan die spreker is. Die spreker en die hoorder kan naby aan mekaar wees of hulle kan verwyderd van mekaar wees. Bepaaldstelling deur middel van die stel III demonstratiewe geskied ook ten opsigte van die universele werklikheid of die onmiddellike konteks. Wanneer die aanwysing ten opsigte van die universele werklikheid geskied, sal die saak die enigste soortgelyke saak binne die onmiddellike konteks wees. Dit sal nader aan die hoorder wees. Gestel, byvoorbeeld twee mans stap iewers heen. Langs die pad kom hulle 'n meisie teë. Die een man ken die meisie en gaan staan om met haar te gesels. Die ander man stap aan. Wanneer die man wat aanstap as die spreker optree en hy wil die meisie, met ander woorde die saak, aanwys, sal hy 'n stel III

demonstratief yoo aanwend. Die rede hiervoor is omdat hy met die ander man praat en omdat die saak dan nader aan hierdie man (die aangesprokene) is, bv.

30. "Hei, monna! Tlogela mosetsana yoo re tsamaye."

Hier is die saak mosetsana die enigste sodanige saak binne die onmiddellike konteks en bepaaldstelling geskied daarom ten opsigte van die universele werklikheid. Die feit dat die saak nader aan die hoorder is word as die bepaaldstellende aspek aangewend.

Wanneer meer as een soortgelyke saak binne die onmiddellike konteks voorkom sal die stel III demonstratiewe aangewend word om die saak aan te wys wat die naaste aan die hoorder is. As daar meer as een soortgelyke saak naby die hoorder is kan 'n verdere kwalifikasie gebruik word. (Vergelyk bl. 195 van hierdie studie). Omdat die saak wat aangewys word verwyderd van die spreker is, kan 'n aanwysingsgebaar nie altyd gebruik word nie. Die aanwysing is dus hoofsaaklik gerig op die uitwysing van die saak naaste aan die hoorder. Vergelyk die volgende voorbeeld:

31. Raditladi (----:17)

Go ise go nne lobaka lope, ga utlwala mantswe a batho kwa morakeng o o neng o le gaufi le wa ga Rra Bontle. Batsumi ba boMatšheng ba nnela moraka oo seduledi, fa gare ga bone ga bo go gobeya lekoko le le tshogileng la banna le basadi le bana.

"Tswa mo bathong bao, Matšheng!" moeteledipele wa mephato a bitsa ka lentswe le le kwa godimo. "Ineele ka bonako!"

In 31 is die spreker moeteledipele wa mephato. Die hoorder is Matsheng en die saak wat aangewys word is lekoko le le tshogileng la banna le basadi le bana. Die hoorder bevind hom tussen die mense wat die saak is. Die saak is daarom noodwendig nader aan die hoorder en die spreker wend die stel III demonstratiewe aan om die saak aan te wys. Die bepaaldstelling geskied hier ten opsigte van die onmiddellike konteks omdat daar 'n ander soorgelyke saak binne die konteks voorkom, naamlik die groep mense wat rondom Rra Bontle vergader het. Die bepaaldstelling is hier dus gerig op uitwysing.

(d) Die stel IV demonstratiewe

Die stel IV demonstratiewe word deikties aangewend wanneer 'n saak wat aangewys word relatief verwyderd is van sowel die spreker as die hoorder. Die gespreksgenote kan bymekaar wees of verwyderd van mekaar wees sonder dat een van die twee nader aan die saak is. Vergelyk 'n situasie waar twee mans in die veld stap. 'n Endjie van hulle af wei 'n os. Die man wat as die spreker fungeer sal die stel IV demonstratiewe aanwend om die os aan te wys. Vergelyk byvoorbeeld as hy sou sê:

32. Pholo ele ke batla go e rekisa.

In 32 is die spreker en die hoorder relatief naby aan mekaar terwyl die saak, Pholo verwyderd is van albei gespreksgenote. Die aanwysing geskied hier ten opsigte van die universele werklikheid. Sou daar nog 'n os of osse

binne die onmiddellike konteks teenwoordig wees sal die stel IV demonstratiewe aangewend word om die os, wat die vërste verwyderd van die spreker en die hoorder is, aan te wys. 'n Aanwysingsgebaar is gewoonlik nie effektief in hierdie tipe konteks nie. Die vërste saak van 'n groep kan gewoonlik sonder 'n gebaar aangedui word deur die eerste sillabe van die stel IV demonstratiewe met lengte uit te spreek, bv. "pholo eeeele". Waar die sake egter verwyderd van mekaar is, byvoorbeeld in verskillende rigtings vanaf die gespreksgenote, kan 'n aanwysingsgebaar aangewend word. 'n Verdere kwalifikasie kan ook aangewend word om finale uitwysing te bewerkstellig, bv.

33. Pholo e ntsho ele, ke batla go e rekisa.

Die bepaaldstelling is hier gerig op uitwysing binne die onmiddellike konteks.

(e) Die stel V demonstratiewe

Die stel V demonstratiewe word deikties aangewend om 'n saak aan te wys wat die spreker en die hoorder fisies omring. Die spreker en die hoorder is meestal naby aan mekaar maar hulle kan ook verwyderd van mekaar wees binne die saak. Omdat die deiktiese fungering van die demonstratiewe die fisiese teenwoordigheid van die saak vereis is die spreker en die hoorder altyd deur 'n ruimte omring wat die saak is. Vergelyk die volgende voorbeelde:

34. (a) Raditladi (----:58)

Khumo a goga setilo, a tla go nna gaufi le Peolane. A tshotlha dinala tsa gagwe ka meno a letile Mohumagadi go latlhela potso nngwe kana go umaka sengwe.

"A ko o mpolelele," Peolane a botsa a thamile pelo, "mo lelwapeng leno o batla eng kana o batla mang?"

(b) Moroke (1981:90)

"Mpedi o letse a laleditse morutabana Molamu le baba ba me ba motse jno wa ga Moletsi gore ba tle go mpolelela mafoko a a botlhoko. Hei! Batho ba mpolelela tse borre ba di jeleng ka tlala.

In 34 (a) en 34 (b) word die gespreksgenote ruimtelik deur die saak omring. In die geval van 34 (a) is Peolane die spreker en Khumo is die hoorder. Hulle bevind hulle binne die saak, dit is lelwapa. In 34 (b) is Mnabontsho die spreker en Tekemane is die hoorder. Ook hier bevind albei gespreksgenote hulle binne die saak, naamlik motse.

Dit is duidelik dat die stel V demonstratiewe net delkties fungeer wanneer dit 'n ruimtelike saak aanwys. In 34 (a) en (b) geskied bepaaldstelling ten opsigte van die universele werklikheid. Dit kan ook binne die onmiddellike konteks geskied. Vergelyk die volgende voorbeeld:

35. Batho ba re kwa Botswana go na le dibata tse dintsi. Fa o batla go tsoma tau o ye teng. Mo lefatsheng leno ga o ka ke wa bona tau le fa e le nkwe.

In 35 bevind die spreker en die hoorder hulle self in 'n gebied buite Botswana. Dit word aangedui deur die merkers kwa en o ye teng. Die gebied waarbinne die spreker en die hoorder hulself bevind, word bepaald gestel met 'n stel V

demonstratief leno. Hierdie bepaaldstelling van die saak lefatshe leno geskied met betrekking tot Botswana. Bepaaldstelling geskied hier dus ten opsigte van die onmiddellike konteks. Let daarop dat die saak Botswana nie fisies teenwoordig is binne die konteks nie. Dit is deur die diskoers in die konteks ingebring.

Die bostaande beskrywing van die deiktiese fungering van die demonstratief as 'n kwalifikatief kan beskou word as die konstante fungering van die demonstratief waar dit 'n saak aanwys wat fisies teenwoordig is binne die onmiddellike konteks. Dat daar uitsonderings ten opsigte van hierdie fungeringsmoontlikhede kan voorkom word nie betwyfel nie. Sulke afwykings sal egter altyd vanuit die onmiddellike konteks verklaar kan word.

Dit is van belang om daarop te let dat die aspekte van nuwe informasie en ou informasie nie betrek word by die deiktiese fungering van die demonstratief nie. Die saak wat bepaald gestel word is fisies teenwoordig binne die onmiddellike konteks en is dus deiktiese informasie. (Vergelyk bl.69 van hierdie studie).

3.3.5 Die non-deiktiese fungering van die paradigmatiese stelle van die demonstratief

Soos reeds uiteengesit fungeer die demonstratief non-deikties wanneer dit 'n saak bepaald stel wat nie fisies teenwoordig is binne die onmiddellike konteks nie. Dit fungeer bepaaldstellend ten opsigte van 'n saak waarna reeds vooraf in

die diskoers verwys is. Dit sluit ook die bepaaldstelling van die verwysende uitdrukking wat na abstrakte sake verwys in. Omdat hier nie sprake is van 'n saak wat fisies teenwoordig is nie, kan daar nie, soos by die deïktiese fungering, gebruik gemaak word van vaste verwysingspunte om te bepaal watter stel demonstratiewe aangewend moet word nie.

Wanneer 'n demonstratief aangewend word om binne 'n non-deïktiese verwysingsopset bepaaldstelling te aktiveer, is daar verskillende faktore wat 'n rol speel om te bepaal watter stel demonstratiewe aangewend sal word. Die saak is byvoorbeeld in 'n mindere of meerdere mate verwyderd in tyd of ruimte of in tyd en ruimte. Dit is dan hierdie mate van verwyderdheid wat bepaal watter stel demonstratiewe aangewend sal word. Vergelyk die volgende voorbeelde:

36. (a) Maloba ke bone segole se feta fana. Segole sele e ne e le legodu le re neng re le batla.
- (b) A re ye go kopa metsi kwa modiseng wa moraka wa ga Malome. Go kgakala e bile monna yole o bogale, mme gongwe o tla re fa metsi fa re ka kopa ka tshwanelo.

In 36 (a) is die saak segole in tyd verwyderd van die spreker en die hoorder. Die gebruik van die tydsaanduidende uitdrukking maloba en die aanwending van die verledetydsuitdrukking e ne e le dui op die verwyderdheid in tyd. 'n Stel IV demonstratief sele word non-deïkties aangewend om hierdie verwyderdheid in tyd aan te dui.

In 36 (b) is die saak monna bekend aan die spreker sowel as aan

die hoorder. Albei weet hy is kwaai. Die gespreksgenote bevind hulle 'n hele ent vanaf die saak. Hulle is dors en wil gaan water vra. Die man wat daar bly is kwaai. Wanneer die spreker na hierdie man verwys is die man in ruimte verwyderd vanaf die gespreksgenote. Die stel IV demonstratiewe word aangewend om hierdie saak, naamlik monna bepaald te stel. Die ruimtelike verwyderdheid word in hierdie diskoers aangedui deur die lokaliteitsaanduidende uitdrukking kwa modiseng en die uitdrukking Go kgakala. Hierdie uitdrukking dui 'n verwyderde lokaliteit aan deur middel van die lokatiewe element kwa daarin. 'n Verdere faktor wat bepaal watter stel demonstratiewe non-deikties aangewend sal word is die persoon wat aanvanklik na die saak verwys. Indien dit die eerste persoon is, dit wil sê die spreker, sal 'n bepaalde stel demonstratiewe aangewend word. So ook in die gevalle waar die tweede, dit is die hoorder, en derde persone na 'n saak verwys het en die spreker bepaaldstellend daarna verwys. Vergelyk die volgende voorbeeld:

37. Sello: "Monna Piti, kgang e ya dikgomo tse di timelang e nkutlwa botlhoko. O ka re batho ba solofela gore gongwe ke nna".
 Piti : "Ao Sello! Tlogela kgang eo re bue ka ga selo se se monate jaaka dijo tsa ga Mpho".

In 37 verwys Sello na 'n saak. Hierna verwys Piti na dieselfde saak waarna die tweede persoon, dit is Sello, verwys het. Piti wend 'n stel III demonstratief eo aan om die saak waarna die tweede persoon verwys het, bepaald te stel. Dit is duidelik dat daar by die non-deiktiese aanwending van die demonstratiewe

dikwels sekere "merkers" binne die diskoers voorkom wat bepaal watter stel demonstratiewe aangewend sal word om bepaaldstelling te aktiveer. Hierdie aspek vereis dat daar 'n meerledige diskoersanalise gedoen moet word by die beskrywing van die non-deiktiese fungering van die demonstratiewe.

Alhoewel die faktore, ou en nuwe informasie, nie 'n rol kan speel by die deiktiese fungering van die demonstratiewe nie, speel dit wel 'n rol by die non-deiktiese fungering daarvan. 'n Demonstratief kan slegs na 'n saak verwys wat reeds bekend is aan die hoorder en die spreker. Die saak kan ou informasie wees deurdat dit reeds vooraf in die diskoers benoem is, soos in 36 (a) en 37, of dit kan informasie wees wat bekend is aan sowel die spreker as die hoorder en in die langtermyn geheue van albei gespreksgenote voorkom, soos in 36 (b).

Bepaaldstelling geskied ook, soos by die deiktiese fungering van die demonstratiewe, ten opsigte van die onmiddellike konteks of die univiversele werklikheid. (Vergelyk bl.91 van hierdie studie). Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die non-deiktiese fungering van die paradigmatische stelle van die demonstratief.

(a) Die stel I demonstratiewe

Die stel I demonstratiewe word in Tswana non-deikties aangewend om 'n saak bepaald te stel waarna daar pas vooraf in die diskoers verwys is maar nie fisies teenwoordig is nie. So 'n saak kan deel uitmaak van 'n gesproke of geskrewe diskoers maar telkens geld die voorvereiste dat die saak nie

self fisies teenwoordig is nie. In 'n geskrewe diskoers besef die spreker die tydloosheid van die geskrewe woord. Telkens wanneer die "nuwe" hoorder (leser) die informasie ervaar, is dit vir hom naby aan die hede. Dit is pas "gesê" en pas "gehoor". Die stel I demonstratiewe word dan aangewend om die saak bepaald te stel waarna pas verwys is maar wat nie fisies teenwoordig is nie. In die gesproke diskoers is die saak waarna verwys word, maar wat nie fisies teenwoordig is nie, ook 'n voorbeeld van 'n saak wat in tyd naby kan wees. Vergelyk die volgende voorbeeld:

38. Mogapi (1981:4)

Ga twe go kile ga bo go le monna le mosadi ba na le ngwana a le mongwefela a bidiwa Mmapula. E rile lobaka lo ntse lo ya mosadi a tlhokafala, mme dipelo tsa monna le ngwana tsa nna botlhoko thata. E rile morago monna yo a nyala gape. Mosadi yo o ne a tshwenya Mmapula, mme kraagwe a se ka a re sepe. Ga dirala gore mosadi yo a tshole ngwana wa mosetsana, ba mmitsa Mmaletsatsi. Mmaletsatsi o ne a le maswe mme Mmapula ene a le montle, jalo mmaagwe Mmaletsatsi a ila Mmapula go feta, mo a neng a mo tima le dijo tota.

In 38 vertel die spreker van 'n man en 'n vrou. Omdat hierdie sake die enigste man en vrou binne die onmiddellike diskoers is, is bepaaldstelling aanvanklik nie nodig by die heraanwending van die sake in die diskoers nie. Vergelyk, "E rile lobaka lo ntse lo ya mosadi a tlhokafala....", waar die verwysende uitdrukking mosadi spesifieke verwysing aktiveer omdat dit die enigste vrou binne die onmiddellike konteks is. Die saak monna word as nuwe informasie in die diskoers ingebring. By die heraanwending van hierdie verwysende uitdrukking in die diskoers word dit as ou informasie as

deel van 'n kwalifikatief aangewend in die uitdrukking "dipelo tsa monna le ngwana". Hierna word dit weer in die diskoers aangewend. Die spreker wil verseker dat die hoorder bewus is daarvan dat dit steeds dieselfde referent is. Om die beginsel van, "dit is steeds dieselfde referent waarna ek nog steeds verwys" te handhaaf, word 'n stel I demonstratief yo aangewend. Die saak is daarom nie in 'n tyd of ruimtelike sin enigszins verwyderd nie. Die spreker is steeds besig om daaroor te praat en die referent bly dieselfde saak, naamlik die man wat Mmapula se vader is. Die voorkoms van die uitdrukking morago dui egter op 'n tydsverloop. Die spreker vind dit nodig om bepaaldstelling te aktiveer en die stel I demonstratief yo word aangewend. Die saak monna word in 38 bepaald gestel ten opsigte van die universele konteks, dit wil sê ten opsigte van alle ander mans wat binne die universele werklikheid voorkom. Die saak mosadi word in 38 aangewend om na twee verskillende referente te verwys. In die eerste geval word dit as nuwe informasie aangewend. By die heraanwending daarvan aktiveer dit spesifieke verwysing binne die onmiddellike konteks. Dit verwys na die referent wat Mmapula se moeder is en dit is ou informasie. Hierdie referent sterf. Die man trou weer. Hy kan net met 'n ander vrou trou. Die uitdrukking nyala met betrekking tot monna impliseer dat 'n ander soortgelyke referent in die diskoers ingebring word. Die verwysende uitdrukking mosadi word weer eens aangewend om na hierdie ander referent te verwys. Die spreker is verplig om hierdie verwysende uitdrukking onmiddellik bepaald te stel

ten opsigte van die ander soortgelyke referent wat vroeër in die diskoers genoem is. Omdat die spreker (die eerste persoon) pas vooraf praat van die man wat weer trou en die nuwe vrou sodoende in die konteks ingebring word, word die stel I demonstratiewe aangewend om bepaaldstelling te aktiveer. Die bepaaldstelling word hier gedoen ten opsigte van die onmiddellike konteks en is gerig op uitwysing.

Die bepaaldstellende komponent, in hierdie geval die stel I demonstratief yo, word gewoonlik behou totdat meer informasie aangaande die besondere referent beskikbaar raak soos wat die diskoers opgebou word. Vergelyk byvoorbeeld in 38 waar daar later na dieselfde referent verwys word met die verwysende uitdrukking mmaagwe Mmaletsatsi.

Omdat die beskrywing van die non-deiktiese funksie van die demonstratief 'n meerledige diskoersanalise verg kan die voorafgaande beskrywing slegs as 'n basis beskou word ten opsigte van die non-deiktiese funksie van die stel I demonstratiewe in Tswana. Vergelyk byvoorbeeld ook die volgende voorbeelde:

39. (a) Moloto (1984:1)

E ne e le mantsiboa ka letsatsi lengwe la malatsi a go neng go tletse batho ba bantsi mo mebileng ya motse wa Fitase, ha go fitlha lekgarebe le le makgasa, maleka a dikhai tsa gagwe a bile a phaphametse mo phefeng ekete diphofa tsa ntshe; ka mokgwa oo a neng a le mantabola, a bile a itlhaganetse ka gone. Mosetsana yo, o na a bonala gore o tswa kgakala. Dinao tsa gagwe di ne di tletse dithole, di bile di phanyegile manga, go bonala o kile a ralala mo kupeng e e boitshegang. Mosese o na apere o montsho, mme o sa tlhole o le montsho ka ntlha ya dithole, o setse o le mohibidu, go tshwana jaaka ekete o na a ntse a ipitika mo mmung o mohibidu. Ha fitlha fa pele ga ntlo e nngwe. fa go neng go eme

mosadimogolo gone, mosetsana yo a ema gonne o na a bolailwe ke tlala, a bile a tshwerwe ke lenyora. O na a ema jaana ka ntlha ya kakanyo ya gore mosadimogolo yo a neng a eme fa pela ga monyako wa ntlo o tla mo utlwela botlhoko, mme a mo thuse ka dijo le metse. Tlala e ne e mo tshwere moo a neng a palelwa ke go bua go bolela se a se batlang. Mosadimogolo o ile a utlwela mosetsana yo botlhoko, mme a mo tsenya mo ntlung ya gagwe, a mo naya dijo le borobalo. Mosetsana yo ka a na a le moimana, e ile ya re mo go jone bosigo jo a bo robetseng mo tlung ya mosadimogolo, yo o bidiwang Rebeka a lala a tshotse ngwana wa mosimane. Ka lekgarejwana le le ne le le bokoa, ga le aka la tshela go bona ngwana wa lona, gonne le ile la swa gone bosigong joo.

(b) Mogapi (1981:5-6)

Pele ga phokojwe a mmolelela a mo tthalosetsa gore kwa sakeng le a jang mo go lone go na le phelefu e e itayang tlhogo e e maswe, mo go rayang gore a ipaakanyetse phelefu e. O ne a tthalosetsa phiri gore phelefu e e thula gararo fela e bo e feletswe ke thata.

Uit hierdie voorbeelde en baie ander wat bestudeer is, is dit duidelik dat die stel I demonstratiewe in Tswana non-deikties fungeer om 'n saak bepaald te stel waarna die spreker (die eerste persoon) pas vooraf in die diskoers verwys het. Op hierdie manier verseker die spreker dat die hoorder steeds dieselfde referent identifiseer, al verander die "benoeming" van die referent. (Vergelyk voorbeeld 39 (a) waar die benoeming van mosetsana verander na lekgarejwana). Die referent is nie verwyderd in tyd nie. Dit gaan om wat die spreker pas "gesê" het en die hoorder pas "gehoor" het.

(b) Die stel II demonstratiewe

Soos by die deiktiese fungering van die demonstratief kom die non-deiktiese fungering van die stel II demonstratiewe in 'n groot mate ooreen met die van die stel I

demonstratiewe. Die stel II demonstratiewe word ook non-deikties aangewend om bepaaldstelling te aktiveer ten opsigte van dit wat pas "gesê" en pas "gehoor" is. Die verskil is dat dit aangewend word om 'n saak bepaald te stel wat besonder baie in die voorafgaande diskoers deur die spreker genoem word. Funksioneel is dit die diskoerstema wat baie figureer en wat met die stel II demonstratiewe bepaald gestel word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

40. Bogologolo batho ba ne ba tshwenngwa ke ditau. Di ne di simolola ka go bolaya dikgomo. Morago ga nako tsa simolola go tshwara dipodi, dinku le dintšwa. Fa di feditse diruiwa tsotlhe, tsa tllhasela batho. Ditau tsena di ne di sa tsabe batho.

In 40 word die saak ditau aanvanklik met generiese verwysing in die diskoers ingebring. Soos wat die diskoers opgebou word is dit duidelik dat dit die diskoerstema is. Die hele diskoers handel oor die besondere lees. Na die aanvanklike verwysing na die lees word daar verder anafories⁵⁾ verwys na die lees. Wanneer die benoeming van die saak, naamlik ditau weer aangewend word, is die hoorder vertrouwd met die saak. Dit is die diskoerstema waaroor die hele voorafgaande diskoers handel. Die spreker wil die saak egter bepaald stel en hy wend 'n stel II demonstratief vir die doel aan. Die bepaaldstelling geskied in 40 ten opsigte van die universele werklikheid maar die stel II demonstratiewe kan ook non-deikties fungeer om bepaaldstelling ten opsigte van die onmiddellike konteks te aktiveer. Vergelyk die volgende voorbeeld:

41. Motsomi o bone ditholo tse pedi di nwa metsi fa mogobeng. A bolaya e nngwe. E nngwe ya sia. A e sala morago. Ya tshabela mo thabeng. Motsomi a se ka a tlhola a e bona gape. Tholo ena e ne e sa batle go bolawa.

In 41 is die koedoes die diskoerstema. Een koedoe word gedood. Die ander een vlug. Die diskoers handel oor die vlug van die koedoe wat oorleef. Wanneer hierdie koedoe weer genoem word, moet dit bepaald gestel word ten opsigte van die koedoe wat gedood is. Omdat dit die diskoerstema is, word die stel II demonstratief ena as bepaler aangewend. Die bepaaldstelling geskied hier ten opsigte van die onmiddellike konteks.

(c) Die stel III demonstratiewe

Om die non-deiktiese fungering van die stel III demonstratiewe sondermeer te beskryf, is nie 'n maklike taak nie. Uit navorsing wat vir hierdie studie gedoen is, blyk dit dat die beginsel van "verwyderdheid" van die saak ten opsigte van die spreker behoue bly. Die nabyheid van die saak met betrekking tot die hoorder, wat by die deiktiese fungering geld, is in 'n mate nog steeds van toepassing. In Tswana word die stel III demonstratiewe non-deikties aangewend om 'n saak bepaald te stel waarna 'n ander persoon verwys het of waarmee hy gepraat het of waarmee hy in assosiasie gebring word. Hierdie persoon kan 'n derde persoon wees of dit kan die tweede persoon binne die gespreksituasie (konteks) wees.

Sekere sleutel uitdrukkings wat dui op die feit dat 'n ander persoon na die saak verwys het, of dit aangespreek het, kom

telkens in die diskoers voor, naamlik: "a bolela", "a tlhalosetsa", "a re" en "a umaka".

Hierdie uitdrukkings, asook die variasies daarvan, sal in die voorbeelde onderstreep word. Dit moet as merkers gesien word wat dui op die non-deiktiese aanwending van die stel III demonstratiewe. Vergelyk die volgende voorbeeld:

6)

42. Dikgang tsa Gompiano

(Labotlhano Hirikgong 10, 1986, Kgatiso 5)

JWANENG: E rile bosheng Molaodi wa Jwaneng, Rre Gaetswe Koketso, a bolela mo dipotsolotsong gore komiti e e dirang dithulaganyo tsa meletlo ya boipuso ya masome a mabedi, e tswelotse ka dithulaganyo.

Rre Koketso yo e leng modulasetilo wa komiti eo a re go tswelotse sentle thata, mme a tswelotse ka gore komiti eo e na le dikomiti tse di potlana di le tharo, tse di kgobokanyang madi le go baakanyetsa metshameko ya letsatsi leo le thulaganyo ya dino le dijo ya tsatsi la boipuso.

In 42 is die verslaggewer die spreker. Hy doen verslag oor wat Rre Gaetswe Koketso te sê gehad het oor die werksaamhede van 'n komitee wat verantwoordelik is vir die reëlings by 'n onafhanklikheidsfeesviering wat voorlê. Hierdie persoon is die burgermeester van Jwaneng. Die burgermeester staan in 'n sekere assosiasie tot die saak komiti. Hy is voorsitter daarvan en het ook na die saak komiti verwys. Die spreker doen hieroor verslag en stel die saak bepaald deur gebruik te maak van 'n stel III demonstratief eo. Die rede hiervoor is omdat dit gaan om die komitee waarvan die burgermeester die voorsitter is en waaroor hy gepraat het. Die woorde "was by hom" toe hy na die saak verwys het. Die spreker voel hom verwyderd van die

saak as hy daarvoor verslag doen aan die hoorder.

Hierdie aanwending van die stel III demonstratiewe is veral waarneembaar in beriggewings in koerante. Vergelyk ook die volgende voorbeeld:

43. Dikgang tsa Gompiano

(Mosupologo Motsheganong 5, 1986, Kgatiso 82)

FRANCISTOWN: Baagi ba Sekokwe le Matshelagabedi mo kgaolong ya bokone botlhaba ba amogetse molao o mosha wa itshireletso mme ba ntsha kakanyo ya gore a katlholo ya one e nne loso. E rile Mothusa Tona ya Dikgaolo le Ditsha Rre Chapson Butale a buisa phuthego ya kgotla kwa Sekokwe a bolela gore katlholo ya molao oo ke dingwaga di le masome mararo. Rre Butale o boletse gore mengwe ya melato ya dikatlholo tseo ke ya go ntsha diphiri tsa mmuso, go apara kapari ya mmuso o sa letlelelwa, go dirisa koloi ya mmuso e se kafa tshwanelong. A re mmuso o tlaa dirisa P50 million mo leubeng le jaanong e setseng e le ngwaga wa botlhanano le ntse le re tshware. O boleletse baagi ba motse oo gore ba seka ba tsaya madi a namole leuba jaaka tiro e ba e direlang ruri.

In 43 kom die stel III demonstratiewe weliswaar as deel van 'n kwalifikatiewe reeks voor, maar hulle fungeer steeds soos hierbo beskryf word. (Vergelyk hoofstuk 5 van hierdie studie). Die verwysende uitdrukking motse oo is 'n voorbeeld van waar die spreker verslag doen van 'n derde persoon wat met die saak wat bepaald gestel word praat. Vergelyk ook die volgende voorbeeld:

44. Dikgang tsa Gompiano

(Laboraro Hirikgong 8, 1986 Kgatiso 3)

E rile maloba, malatsinyana pele ga Keresemose, Tona ya Ofisi ya ga Tautona le Badirela Puso Rre Kedikilwe a bua go alosiwa mophato wa masole, a digela mafoko a gagwe ka go ba raya a re, o ba eleletsa ngwaga o mosha o o nang le kagiso.

Ka fa go bonalang ka teng, masole ao, le seshaba seno, ga a na go bona kagiso epe ngwaga eno, ka gore matshelo a sone a mo diphatseng tse di kgolo go gaisa gale.

In 44 is die saak masole ao toegesprek deur 'n derde persoon waaroor die spreker verslag doen. In 42, 43 en 44 is die persoon waaroor die spreker verslag doen iemand buite die gespreksituasie. Hierdie persoon kan egter ook die hoorder, dit is die tweede persoon, binne die gespreksituasie (konteks) wees. (Vergelyk voorbeeld 37). Vergelyk ook die volgende voorbeeld:

45. Mpho : "Piti, jaaka nna ke bona ke solofela gore dikgomo tse di timetseng di utswitswe."
Piti : "Ao Mpho! O itse gore ga re ise re di batle. Dikgomo tseo di teng. Re tla di bona."

In 45 is die sprekers Piti, en Mpho. Mpho verwys na 'n saak, naamlik dikgomo tse di timetseng. Hierna verwys Piti na dieselfde saak. Nou is Mpho die hoorder en ook die tweede persoon in terme van die feit dat hy na die saak verwys, het. Die spreker Piti wend 'n stel III demonstratief aan om die saak bepaald te stel. Hierdie beginsel geld ook waar 'n tweede persoon met 'n saak in die voorafgaande diskoers geassosieer is. Die stel III demonstratiewe word non-deikties in Tswana aangewend om 'n saak bepaald te stel waarna 'n derde of tweede persoon verwys het, of aangesprek het, of in assosiasie mee was en waaroor die spreker aan die hoorder verslag doen.

In die voorbeelde wat tot dusver behandel is, geskied

bepaaldstelling ten opsigte van die universele werklikheid. Die stel III demonstratiewe kan egter ook non-dekties aangewend word om bepaaldstelling ten opsigte van die onmiddellike konteks te aktiveer. Vergelyk die volgende voorbeeld:

46. Go kile ga tla monna mongwe fa. O ne a batla go reka meroba. O ne a itse gore ke kile ka reka dipoo tse pedi, mme e nngwe ya swa.
O ne a re ena o batla go bona dinamane tsa poo eo ka gore o bone dinamane tsa poo e e sa ntseng e phela di le mekogo.

In 46 geskied bepaaldstelling beslis ten opsigte van die onmiddellike konteks. Daar is sprake van twee bulle. Die een het nog gelewe en die ander een het gevrek. Die koper wil die kalwers van die een wat gevrek het sien. Die spreker doen verslag van wat die koper gesê het en stel die saak, dit is die bul wat gevrek het, bepaald met 'n stel III demonstratief eo, teenoor die ander soortgelyke saak, dit is die bul wat nog gelewe het.

(d) Die stel IV demonstratiewe

Stel IV demonstratiewe word in Tswana non-dekties aangewend om 'n saak bepaald te stel wat vroeër in die diskoers genoem is. Die saak is verwyderd in tyd of ruimte of in tyd en ruimte. Die saak is in 'n groter mate verwyderd van die spreker en die hoorder as by die stel I en II demonstratiewe. Vergelyk die volgende voorbeeld:

47. Dikgang tsa Gompiono

(Laboraro Hirikgong 8, 1986, Kgatiso 3)

Dipuonyana tse di buiwang ke segongwana sa makgoanyana se se busang ka fa South Africa di supa fa ba itumile molomo-watlase gore ba tlaa gaila batho ba Botswana le ba mafatshe a mangwe ba sena sepe gore mang a reng, batho bao ba dirile sengwe sa molato ampo ba sa se dira. Mme ebile kana tota ga re na thata ya go dira sepe sa molato.

Re itse sentle gore ga ba itire, ba dirisiwa ke mogote le manoko-noko a ntwana ya kgololesego ya batho ba South Africa ba inamola puso ya bone e e ba gateletseng.

Ka gore jaana ntwa ele e bihela pele, go raya gore e tlaa ne e re fela ba mmuso wa South Africa ba utlwa mogote wa yone ba bo ba e tlogela, ba ya go gaila batho gongwe fela kwa ba ratang teng, le fa e ka nna kwa Lesotho, Mozambique ampo Botswana.

In 47 word daar na die vryheidstryd in Suid-Afrika verwys met die verwysende uitdrukking ntwa ya kgololesego ya batho ba South Africa. Later in die diskoers word daar weer na hierdie saak verwys. Die spreker en die hoorder bevind hulle in Botswana. Die saak ntwa is in Suid-Afrika aan die gang. Die spreker en die hoorder is ruimtelik ver verwyderd van die saak en 'n stel IV demonstrateif ele word aangewend om die saak ntwa bepaald te stel. Vergelyk ook die volgende voorbeeld:

48. Magoleng & Motlhake (1985:4)

Ee. Ke a itse jaanong gore Disang o ne a nthata. Ke mosupi gape gore, ke lwala jaana, o ka bo a le fa go nna fa, a nkoka.

Melemo le yona, ga ke itse gore ke efe mo go e mentsintsi e, fa ke e nwa, e tsamaya le mokwatla wa me, ke bo ke ye go tshela metsi a mantsi fela a a bothitho mo bateng, ke apole, ke thume nako e telele, mme ke ikutiwe ke le motho, ke kgona go robala.

Ditsala tsele tsa me, ke a bona ka go sisimoswa ke segotihola sa leruri, se se kanakana, le tsona, jaaka Solly, ga ke sa di bona mo phaposing ya me.

In 48 is die spreker besig om aan die hoorder haar siening

oor haar omstandighede aan die einde van haar lewe te gee. Haar gewese vriende besoek haar nie meer nie. In tyd voel sy so vër verwyderd van hulle dat wanneer sy na hulle verwys, sy dit nodig ag om die verwysing na hulle met 'n stel IV demonstratief bepaald te stel, naamlik as ditsala tsele.

Die stel IV demonstratiewe kan ook bepaaldstelling aktiveer ten opsigte van die universele werklikheid of die onmiddellike konteks. In 47 en 48 aktiveer dit bepaaldstelling ten opsigte van die universele werklikheid. Wanneer 'n soortgelyke saak as die een wat bepaald gestel word ook in die onmiddellike konteks voorkom, geskied bepaaldstelling ten opsigte van die onmiddellike konteks en dit is dan gerig op die uitwysing van die saak. Vergelyk die volgende voorbeeld:

49. Basimane ba tsamaya mo tseleng ba gatela poo ya bona. Poo e, e fentswe. E fentswe ke poo ya kwa morakeng o mongwe. Poo ele e ne e lwa ka mokgwa o ba sa o itseng, mme ya rata go boloya ya bona.

In 49 is die saak wat bepaald gestel word in tyd en ruimte verwyderd van die spreker. Hierdie "verwyderdheid" word aangedui deur die merkers e fentswe, ya kwa morakeng o mongwe en e ne e lwa. Hierdie "verwyderdheid" van die saak word aangewend om dit bepaald te stel ten opsigte van die ander soortgelyke saak binne die onmiddellike konteks. Daar is sprake van twee bulle. Een bul het 'n ander bul in 'n geveg gewen. Die seuns is verslae. Die seuns jaag hulle bul aan. Die geveg is verby en die seuns is in tyd en ruimte

verwyderd van die bul wat die oorwinnaar was. Die spreker is die verteller en hy betrek die hoorder ook deur te vertel van die seuns wat besig is om die bul wat verloor het aan te jaag. Die bul wat gewen het is verwyderd en die spreker stel dit bepaald deur van 'n stel IV demonstratiewe ele gebruik te maak. Bepaaldstelling geskied dus binne die onmiddellike konteks.

By die non-deiktiese funksie van die stel IV demonstratiewe is die aanwending daarvan ook dikwels vanuit die diskoers verklaarbaar met verwysing na die aanwending van tyd in die predikaat of bywoorde van tyd. In 48 voel die spreker in alle opsigte alleen. Wanneer die hele kortverhaal gelees word, is dit duidelik dat die spreker aan die einde van die verhaal verwyderd voel van haar vriende. Sy wil die hoorder laat beseft dat sy verwyderd voel en deur die deurlopende aanwending van die verlede tyd word die verwyderdheid beklemtoon en ook oorgedra na die hoorder. In 47 word die verwyderdheid vir die uitdrukking ntwa ele uitgebeeld deur die insluiting van die benaming South Africa in die eerste verwysing na die saak. Die saak ntwa is in ruimte verwyderd. In 49 is die saak poo ele in tyd en ruimte verwyderd. Dit word uitgedruk deur die uitdrukkings ya kwa morakeng o mongwe en e ne e lwa.

By die stel IV demonstratiewe voel die spreker dat hy, sowel as die hoorder, verwyderd is vanaf die saak in tyd of ruimte of in tyd en ruimte.

(e) Die stel V demonstratiewe

Hierdie stel demonstratiewe word, non-deikties aangewend om

'n abstrakte saak wat in 'n abstrakte sin die spreker en die hoorder omsluit, bepaald te stel. Hierdie saak is altyd 'n tydsaanduidende saak wat die spreker en die hoorder in tyd omsluit. Vergelyk die volgende voorbeelde:

50. (a) Dikgang tsa Gompieno

(Laboraro Hirikgong 8, 1986, Kgatiso 3)

Ka fa go bonalang ka teng, masole ao, le seshaba seno, ga a na go bona kagiso epe ngwaga eno, ka gore matshelo a sone a mo diphatseng tse di kgolo go gaisa gale.

(b) Snyman et. al (1987: Les 24.7)

Gongwe ke ona mokgwa o o siameng wa go atihola ngangisano kgotsa ke mokgwa o o botoka wa go tsaya tshwetso mabapi le dithulaganyo tse re di bonang malatsi ano.

(c) Snyman et. al (1987: Les 26.2)

Diterama di ne tsa tlwaelega mo bakwading ba rona mo dingwageng-someng tseno.

Uit die bostaande voorbeelde is dit duidelik dat die spreker 'n tydsaanduidende saak bepaald stel waarbinne die spreker en die hoorder hulle bevind. In 50 (a) is dit ngwaga eno, in 50 (b) is dit malatsi ano en in 50 (c) is dit dingwageng-someng tseno.

Bepaaldstelling geskied in 50 (a-c) deurgaans ten opsigte van die universele werklikheid. Die stel V demonstratiewe kan egter ook non-deikties aangewend word om bepaaldstelling binne die onmiddellike konteks te aktiveer. Vergelyk die volgende voorbeeld:

51. Ngogola re ne re ile go tsoma kwa Botswana, mme mo

ngwageng ono re batla go ya kwa Zimbabwe.

In 51 word die tydseenheid waarin die spreker en die hoorder hulle bevind, bepaald gestel teenoor die vorige jaar, naamlik ngogola. Bepaaldstelling geskied hier ten opsigte van die onmiddellike konteks.

In die voorafgaande bespreking van die non-delktiese fungering van die demonstratief is gepoog om die konstante fungering daarvan die beskryf. Verskeie uitsonderings mag voorkom met betrekking tot hierdie beskrywing maar so 'n uitsonderlike fungeringswyse sal altyd vanuit die bepaalde konteks verklaar kan word.

3.3.6 Die invloed van die sintaktiese posisie van die demonstratief op die fungering daarvan

Uit die navorsing wat vir hierdie studie gedoen is, het dit geblyk dat die demonstratief so te sê altyd na die verwysende uitdrukking waarteenoor dit fungeer in die sin voorkom. Waar die posisie wel wissel, het dit geen invloed op die funksie van die demonstratief nie. Dit is slegs 'n stilistiese verskynsel wat deur 'n spreker aangewend kan word om 'n groter mate van beklemtoning te bewerkstellig. Louwrens (1979:54) beskryf dit soos volg:

Dit het naamlik geblyk dat die pre-nominale gebruik van die demonstratiewe met groter klem op die demonstratiewe/verwysende aspek gepaard gaan, as wanneer die demonstratief

na die naamwoord verskyn.

Hierdie bevinding geld ook ten opsigte van Tswana en omdat dit verder geensins 'n invloed op die fungering van die demonstratief as 'n kwalifikatief uitoefen nie, sal daar nie verder hieraan aandag gegee word nie.

3.3.7 Gevolgtrekking

In die voorafgaande bespreking van die fungering van die demonstratief as 'n kwalifikatief word daar onderskei tussen die deiktiese en non-deiktiese fungering daarvan. Die demonstratief fungeer deikties wanneer dit 'n saak aanwys wat fisies teenwoordig is binne die onmiddellike konteks. In hierdie geval word drie vaste verwysingspunte aangewend om te bepaal watter stel demonstratiewe aangewend sal word om bepaaldstelling te aktiveer, naamlik die spreker, die hoorder en die saak.

Die demonstratief fungeer non-deikties wanneer dit na 'n saak verwys wat nie fisies teenwoordig is nie, maar waarna daar verwys word binne die onmiddellike konteks. Die tydsverloop binne die diskoers, die verwyderdheid van die spreker in tyd of ruimte of albei vanaf die saak en die feit of die spreker verslag doen oor 'n ander persoon se assosiasie met die saak, speel 'n rol om te bepaal watter stel demonstratiewe bepaaldstellend aangewend sal word. By die non-deiktiese fungering van die demonstratief speel die gebruik van tyd binne die predikaat en die aanwending van verskeie bywoorde wat verskillende grade van verwyderdheid aandui

'n belangrike rol. 'n Meerledige diskoersanalise is daarom noodsaaklik.

Met betrekking tot die bepaaldstelling wat deur die demonstratief binne die diskoers geaktiveer word, word daar onderskei tussen bepaaldstelling ten opsigte van die universele werklikheid en die onmiddellike konteks. Wanneer bepaaldstelling ten opsigte van die universele werklikheid geskied, word die saak bepaald gestel ten opsigte van die generiese verwysing wat deur 'n verwysende uitdrukking gegenerieer word. Dit wil sê ten opsigte van alle moontlike referente wat deur daardie verwysende uitdrukking aangedui kan word.

By bepaaldstelling ten opsigte van die onmiddellike konteks kom daar 'n soortgelyke saak of sake binne dieselfde konteks voor. Bepaaldstelling geskied ten opsigte van hierdie soortgelyke sake en is daarom eerder gerig op die uitwysing van die saak binne die onmiddellike konteks.

Die demonstratief is beslis die belangrikste bepaaldstellende komponent in Tswana. Dit is egter nie die enigste nie. 'n Ander baie belangrike bepaaldstellende komponent in Tswana is die absolute bepaler. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die fungering van die absolute bepaler as 'n kwalifikatief in Tswana.

3.4 DIE FUNGERING VAN DIE ABSOLUTE BEPALER AS 'N KWALIFIKATIEF

Alhoewel hierdie bepaaldstellende komponente as

voornaamwoorde bekend staan, word hulle vir die doel van hierdie studie as bepalers beskou en ook as sulks benoem. Vergelyk die volgende Tabel:

Tabel 3

Tabel van die absolute bepalers

		Absolute bepalers
	Eerste pers. enkv	nna
	Eerste pers. mv.	rona
	Tweede pers. enkv.	wëna
	Tweede pers. mv.	lona
Klasse (Derde pers.)		
1	mo-	ëna
2	ba-	bōna
3	mo-	ōna
4	me-	yōna
5	le-	lōna
6	ma-	ōna
7	se-	sōna
8	di-	tsōna
9	N-	yōna
10	diN-	tsōna
11	lo-	lōna
14	bo-	bōna/jōna
15	go	gōna
16	fa-	gōna
17	go-	gōna
18	mo-	gōna

Omdat die anaforiese aanwending van die absolute bepalers steeds gerig is op bepaaldstelling, word hierdie komponente primêr as bepalers in Tswana aangewend. Vergelyk die volgende voorbeeld:

52. Monna o ne a robetse ka mo ntlong. O ne a sa tsoge fa a utlwa dintšwa di bogola. O ne a re ena o tla utlwa fa ditau di batla go boloya dikgomo.

In 52 word die saak "monna" in die diskoers ingebring deur die verwysende uitdrukking monna. Later in die diskoers word die

absolute bepaler ena aangewend om na dieselfde saak te verwys. Hierdie absolute bepaler word anafories aangewend maar dit is ook bepaaldstellend omdat dit die saak monna spesifiek aandui as dieselfde man waarna vooraf in dieselfde diskoers verwys is.

By die fungering van die absolute bepaler as 'n bepaler, en dus as 'n kwalifikatief, verskil dit in verskeie opsigte van die fungering van die demonstratief as 'n bepaler. Die absolute bepalers fungeer binne 'n bepaaldstellende verwysingsrelasie teenoor 'n saak wat in die diskoers aangewend word. Dit fungeer nie aanwysend nie. Die fungering van die absolute bepaler as 'n bepaaldstellende komponent is hoofsaaklik gebaseer op die aanwending van 'n kontrasterende bepaaldstellende aspek binne die onmiddellike konteks. Die fungering van die demonstratief daarenteen is gebaseer op die aanwending van 'n posisionele of verwysende bepaaldstellende aspek. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die kontrasterende fungering van die absolute bepaler as 'n kwalifikatief.

3.4.1 Die kontrasterende fungering van die absolute bepalers

Volgens Louwrens (1979:35) hou die fungering van die absolute bepaler met twee diskoersfunksies verband, te wete kontras en spesifisering. Louwrens (1979:18) verbind hom egter nie aan 'n spesifieke definisie van wat hy beskou as kontras en spesifisering nie. Hy verwys na sy bespreking van hierdie verskynsels in Noord-Sotho en gee dan later in sy werk uitgebreide besprekings daarvan met verwysing na die invloed

daarvan op die naamwoordfunksies van Noord-Sotho. Omdat hierdie studie gerig is op die fungering van die absolute bepalers as kwalifikatiewe word die fungering daarvan in verband gebring met die diskoersfunksie "bepaaldstelling". Gesien vanuit hierdie gesigspunt word die optrede van die absolute bepalers ten opsigte van die bepaaldstelling wat die aanwending daarvan bewerkstellig as 'n fungeringswyse getipeer, en nie as 'n diskoersfunksie opsigself nie. Verskillende diskoerstrategieë word deur die spreker by die aanwending van die absolute bepalers gevolg om bepaaldstelling te aktiveer. Hierdie diskoerstrategieë is gerig op die posisie van die absolute bepaler teenoor 'n ander verwysende uitdrukking, dit is meestal die "benaming" van die saak, by die gelyktydige aanwending daarvan. Die mees algemene posisie van die absolute bepaler is direk na die ander verwysende uitdrukking. Bepaaldstelling word dan bewerkstellig deur die aanwending van 'n kontrasterende bepaaldstellende aspek binne die onmiddellike konteks.

Volgens Cole (1955:127) fungeer die absolute bepalers dikwels kontrasterend in Tswana. Hy stel dit soos volg:

Absolute pronouns are primarily emphatic in significance and are often used for purposes of contrast.

Daar sal vervolgens aandag aan hierdie fungeringswyse van die absolute bepalers gegee word:

Uit navorsing wat vir hierdie studie gedoen is, het dit geblyk dat die absolute bepalers primêr kontrasterend

fungeer. Kontrastering word vir die doel van hierdie studie beskou as die bepaaldstelling van 'n saak deur dit teenoor 'n ander soortgelyke saak of sake te stel waarmee dit reeds vooraf in die onmiddellike konteks geassosieer is. Die betekenis "daarenteen" word dus geaktiveer. Dit kan slegs verkry word as daar vooraf binne die konteks 'n assosiasie met 'n ander soortgelyke saak of sake ontstaan het waarmee die saak gekontrasteer kan word. Die kontrasterende verwysingsrelasie word altyd teweeggebring deurdat iets met 'n saak gebeur of dat die saak iets doen wat die ander saak of sake nie doen of ondergaan nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

53. (a) Mogapi (1981:11)

Go kile ga bo go le dinoko di le pedi, di na le bana ba le some. Tsatsi lengwe mmotle a goroga fa lelwapeng la dinoko a batla tiro. Mmanoko a dumela gore mmotle a ba tlhokomelele bana, fa ba ile masimo. Gape mmotle o ne a tshwanetse go ne a ba apeela a be a ba isetsa dijo kwa tshimong.

Letsatsi le le latelang dinoko tsa ya tshimong, mmotle ene a tlhola le bana.

(b) Mogapi (1981:7)

Phokojwe o kile a bitsa phiri go ya go mo kaela kwa dijo di leng teng. E rile ba ntse ba di ja, e bile ba kgotshe, Maburu a goroga. Phiri a kgona go falola mme phokojwe ene a tshwarwa ke Maburu.

(c) Snyman et. al (1986b:31)

Mo thutong e e fetileng, o ne wa ithuta gore lediri le kaya tiragalo kgotsa tiro mo polelong. Sediri se diragatsa tiragalo kgotsa tiro, fa sedirwa sona se diragalelwa ke tiro, jk.

Monna	o	besa	dikgong
▼		▼	▼
sediri		leairi	sedirwa

In 53 (a) word daar in die voorafgaande diskoers uiteengesit hoe haas by 'n gesin ystervarke aansluit. Die twee volwasse ystervarke en haas word as soortgelyk geassosieer ten opsigte van hulle volwassenheid teenoor die ystervarke se kleintjies. Wanneer die twee volwasse ystervarke na die land gaan, bly haas daarenteen agter by die kleintjies. Om hierdie kontrasterende aspek van haas teenoor die ystervarke uit te wys, word 'n absolute bepaler aangewend. In die proses word die saak mmutle bepaald gestel binne die onmiddellike konteks omdat dit "uitgewys" word ten opsigte van 'n ander soortgelyke saak waarmee dit binne die diskoers geassosieer word met betrekking tot die aspek "volwassenheid".

In 53 (b) word beskryf hoe Wolf en Jakkals saam gaan soek het na kos. Die Afrikaners daag op. Wolf ontkom maar Jakkals, daarenteen word gevang. Hier is twee sake, naamlik Phiri en Phokojwe soortgelyk. Albei gaan soek na kos en die Afrikaners wil albei vang. Jakkals word gevang maar Wolf ontkom. Om hierdie kontrastering uit te lig word die absolute bepaler ene na die verwysende uitdrukking phokojwe aangewend. Dit veroorsaak dat die saak phokojwe binne die onmiddellike konteks bepaald gestel word omdat dit "uitgewys" word ten opsigte van 'n ander soortgelyke saak waarmee dit binne die diskoers geassosieer word met betrekking tot die aspekte "saam kos soek" en "deur die Afrikaners gejaag".

In 53 (c) word drie sake geassosieer as soortgelyk met betrekking tot die feit dat elkeen 'n funksie binne die sin

vervul. Elkeen verrig 'n bepaalde funksie. Die sake sediri en sedirwa verwys albei na 'n bepaalde verhouding teenoor die handeling wat binne die sin uitgedruk word. Die verwysende uitdrukking sediri verwys na die saak wat die handeling uitvoer, terwyl die verwysende uitdrukking sedirwa daarenteen, verwys na die saak wat die handeling ondergaan. Kontrastering is duidelik. Dit word uitgedruk deur die absolute bepaler sona. Die bepaaldstelling word hier uitgedruk met betrekking tot die soortgelykheid binne die onmiddellike konteks en wel ten opsigte van die funksie, "as onderwerp en as voorwerp binne die sin".

Die absolute bepaler kan ook kontrasterend fungeer wanneer dit anafories optree. (Vergelyk voorbeeld 52). Die kontrastering word ook binne die voorafgaande diskoers geaktiveer en dan aangewend om bepaaldstelling te verkry. Vergelyk die volgende voorbeeld:

54. Monnamogolo o ne a sa rate go tshameka le bana jaaka mosadimogolo. A re ena o tsofetse go feta mosadimogolo.

In 54 is die sake monnamogolo en mosadimogolo soortgelyk. Albei is oud en albei kan met die kinders speel. Die saak monnamogolo voel daarenteen, dat hy ouer as mosadimogolo is en hy hou nie daarvan om met die kinders te speel nie. Die ou vrou speel wel met die kinders. Hierdie kontras word uitgedruk deur die aanwending van ena om na die saak monnamogolo te verwys.

Vanuit die voorafgaande beskrywing is dit duidelik dat die absolute bepalers altyd kontrasterend fungeer indien dit direk na 'n ander verwysende uitdrukking wat na dieselfde saak verwys, verskyn. Wanneer dit anafories optree word die kontras ook binne die onmiddellike konteks bewerkstellig. Die kontras word deurgaans geskep deur 'n saak teenoor 'n soortgelyke saak of sake te stel. Hierdie aspek beklemtoon die feit dat die absolute bepalers slegs kontrasterend kan fungeer teenoor ou informasie. (Vergelyk bl.64 van hierdie studie).

Die absolute bepalers kan ook voor die verwysende uitdrukking verskyn. Wanneer dit die geval is, is daar nie sprake van 'n kontrasterende bepaaldstellende aspek binne die onmiddellike konteks nie. Vir die doel van hierdie studie staan hierdie fungeringswyse bekend as die nie-kontrasterende fungering van die absolute bepalers.

3.4.2 Die nie-kontrasterende fungering van die absolute bepalers

Alhoewel 'n absolute bepaler nie so gereeld voor 'n verwysende uitdrukking verskyn nie, kom dit wel voor en moet daarom beskryf word. Louwrens (1979:35) beweer dat hierdie optrede van die absolute bepaler gerig is op spesifisering. Eie navorsing het getoon dat dit ook die geval in Tswana is. Die aanwending van die absolute bepalers direk voor 'n ander verwysende uitdrukking is dus gerig op die versterking of beklemtoning van 'n saak wat besonder nou betrokke is by die

diskoerstema. Bepaaldstelling geskied binne 'n bepaaldstellende verwysingsrelasie en die bepaaldstellende aspek is spesifisering. (Vergelyk bl.61 van hierdie studie). Hierdie bevindings sal vervolgens aan die hand van gepaste voorbeelde bespreek word:

Dat die absolute bepaler beslis bepaaldstelling aktiveer wanneer dit voor 'n ander verwysende uitdrukking verskyn is nie te betwyfel nie. Hierdie bepaaldstelling skyn gewoonlik "oortollig" te wees. Vergelyk die volgende voorbeeld:

55. Mogapi (1981:6)

Phokojwe o tladisa phiri

Phiri o ne a nyetse mosadi yo montle, mme phokojwe a mo tswela pelo. Phokojwe a leka maano a le mantsi mme a fitlhela a palelwa ke go tladisa phiri. La bofelo a raya mosadi wa ga phiri a re phiri ke pitse ya gagwe, a ba a mo solofetsa gore o tlaa mo kaela gore se a se buang ke boammaaruri. E rile lobaka longwe go le tlala phokojwe a utlwisa phiri botoro mme a mo raya a re o e utswile mo dikoloing tsa Maburu ka go ipaya yo a suleng, Maburu a re a mmona a mo latlhela mo koloing mme ene phokojwe a diga diputhela tsa botoro. Morago a iphotsha a di pitikela mo sekgweng. Phokojwe a raya phiri a re le ene a dire jalo.

In 55 is phokojwe die referent om wie se doen en late die diskoers gebou word. Die verwysende uitdrukking phokojwe is reeds bepaald. Dit word reeds deur die titel van die diskoers aangedui. Voordat die spreker die verwysende uitdrukking ene phokojwe aanwend, kom die verwysende uitdrukking phokojwe reeds vier keer in die voorafgaande diskoers voor. Die vraag ontstaan dus waarom die spreker 'n absolute bepaler voor die verwysende uitdrukking phokojwe aanwend? Louwrens (1979:56) wil dit hê dat dit gaan om spesifisering. Wilkes (1976:76) beskou dit weer as emfase.

Navorsing wat vir die doel van hierdie studie onderneem is, toon aan dat albei bogenoemde skrywers reg is. Dit het naamlik aan die lig gekom dat die aanwending van die absolute bepalers direk voor 'n ander verwysende uitdrukking, wat na dieselfde saak verwys, gerig is op die identifisering van 'n referent wat as diskoerstema fungeer. Die spreker wil dus verseker dat die hoorder deurentyd bewus is van die feit dat 'n bepaalde referent deurgaans optree ten opsigte van die diskoerstema. Hy verwys gereeld na die referent en wanneer die referent 'n handeling uitvoer wat vir die verdere verloop van die diskoers van besondere belang is, beklemtoon of spesifiseer hy die referent. Dit is verder ook van belang om kennis te neem van die feit dat 'n saak wat deur die voorplasing van 'n absolute bepaler voor 'n ander verwysende uitdrukking bepaald gestel word, gewoonlik in die titel genoem word en dus deel is van die diskoerstema. Vergelyk byvoorbeeld die volgende voorbeeld:

56. Mogapi (1981:10)

Phokojwe le phiri le motho

E kile ya re phokojwe a na le phiri mo sekgweng, a botsa phiri gore a o itse motho. Phiri a bolela fa a sa mo itse. Phokojwe a mmolelela gore 'motho ke phologolo e e maoto mabedi, e e leng gore fa o ka kopana nayo o mo kotsing.' Ya re fa ba ntse ba buisanya jalo, kgakajana le bone ga bo go le monnamogolo le mosimane ba disitse letsomane la dinku. Monnamogolo a roma mosimane go ya go kganela. E rile phiri a mmona a kokomoga, a botsa gore a ke ene motho. Phokojwe a bolela gore ga a ise a nne motho, e sa le mothwana. Kgantele ga ithoma monnamogolo go ya go kganela. E rile phiri go mmona a ema a botsa gore a ke ene motho. Phokojwe a bolela gore e kile ya bo e le motho jaanong ke sekgoropa fela.

Kgantelenyana ga feta lekau. Phiri a ema gape, a botsa gore a le sone e ntse e se motho, mme phokojwe a fetola ka go re

jaanong ke ene mot cota. Phiri a tabogela kwa go ene.

In 56 word daar na verskillende referente verwys met die verwysende uitdrukking ene motho. Die referent wat phiri egter in gedagte het is 'n mens en elkeen van die referente voldoen aan phokojwe se beskrywing van 'n mens. Die verwysende uitdrukking ene motho word deurgaans aangewend om hierdie referent te identifiseer waarom die diskoers gebou is. Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

57. (a) Moloto (1983:13)

Molatlhegi a ya go moruti mme a mmolelela tirafalo yotlhe ya botshelo jwa gagwe le ka moo ene Molatlhegi a nyoretsweng tshiamo ka gona.

(b) Mogapi (1981:11)

Le ene mmutle a bo a tsamaya, ba tlogela tihware foo, a ntse a gatisitswe ke lejwe.

(c) Mogapi (1981:46)

Rraagwe o ne a ntsha pegi ya go re morwadie o tlaa tsewa ke monna yo o tlaa bolelelang ene kgosi, polelo e teleletelele, e e neng e tlaa mo lapisa, yone e ise e fele.

Die nie-kontrasterende fungering van die absolute bepalers is duidelik gebaseer op die uitlig of beklemtoning van 'n referent wat gekoppel word aan die diskoerstema. Soos by die kontrasterende fungering van die absolute bepalers kan dit ook slegs nie-kontrasterend fungeer teenoor ou informasie. Om die waarheid te sê, die informasie moet behoorlik bekend wees deur byvoorbeeld herhaling, soos in 55. Dit wil egter soms voorkom asof die aanwending van die absolute bepalers direk voor 'n ander

verwysende uitdrukking, bloot net 'n stilistiese kenmerk is van 'n meer bedrewe spreker van Tswana. Daar sal nie verder op hierdie punt ingegaan word nie.

3.4.3 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die absolute bepaler primêr as 'n kwalifikatief in Tswana fungeer. Hierdie fungering as 'n bepaalstellende element berus op die kontrasterende en nie-kontrasterende fungering van die absolute bepaler, wat weer 'n noue verband toon met die posisie van die absolute bepaler ten opsigte van 'n ander verwysende uitdrukking wat na dieselfde saak verwys.

Die kontrasterende fungering van die absolute bepalers kan vanuit die diskoers verklaar word. 'n Kontrasterende bepaalstellende aspek wat berus op die soortlikheid van twee sake ten opsigte van 'n bepaalde aspek word in die diskoers daargestel. Die kontrasterende aanwending van die absolute bepalers hang ook saam met die aanwending van sekere voegwoorde wat die kontrasterende bepaalstellende aspek versterk. Vergelyk byvoorbeeld die aanwending van me in 53 (b) en fa in 53 (c). Dit laat die gedagte ontstaan dat die kontrasterende aanwending van die absolute bepaler mag saamhang met 'n bepaalde sintipe. Hierdie saak verg egter 'n sintaktiese ondersoek wat uitgaan van 'n meerledige diskoersanalise. Die ruimte is hier te beperk om verder hieraan aandag te gee.

Waar die kontrasterende fungering van die absolute bepalers gepaard gaan met die aanwending daarvan direk na 'n ander verwysende uitdrukking wat na dieselfde saak verwys, gaan die nie-kontrasterende fungering van die absolute bepalers gepaard met die direkte aanwending daarvan voor 'n verwysende uitdrukking wat na dieselfde saak verwys. Die nie-kontrasterende aanwending van die absolute bepalers hang saam met die identifisering van die referent wat as die belangrikste bydraer tot die diskoerstema gereken word. Bepaaldstelling geskied hier dus ten opsigte van die referent self met betrekking tot die diskoerstema.

3.5 GEVOLGTREKKING TEN OPSIGTE VAN DIE FUNGERING VAN DIE DEMONSTRATIEWE EN ABSOLUTE BEPALERS AS KWALIFIKATIEWE

Dat die demonstratief en absolute bepaler beslis primêr as kwalifikatiewe in Tswana fungeer is nie te betwyfel nie. Albei hierdie verwysende uitdrukkings vervul 'n bepaaldstellende funksie wanneer dit saam met 'n ander verwysende uitdrukking binne die diskoers fungeer. Die opbou van die diskoers en ekstra-linguistiese faktore oefen 'n besonder belangrike invloed uit op die aanwending van 'n demonstratief of absolute bepaler. So bepaal die konteks byvoorbeeld watter stel demonstratiewe aangewend word terwyl 'n soortlike assosiasie in die voorafgaande diskoers die kontrasterende aanwending van die absolute bepalers moontlik maak.

Uit die aansienlike aantal werke wat deurgelees is om voorbeelde vir hierdie studie te versamel, het dit geblyk dat skrywers in

Tswana die demonstratief en absolute bepaler heel dikwels aanwend om 'n bepaalde stilistiese effek te verkry. Hierdie aspek is 'n interessante ondersoekveld waaraan aandag gegee kan word.

Omdat die konteks nie altyd van so 'n aard is dat 'n demonstratief of absolute bepaler as die bepaaldstellende komponent aangewend kan word nie, is daar ook ander bepaaldstellende elemente in Tswana. Hierdie elemente sal aandag geniet in die volgende hoofstukke.

VERWYSINGS

- 1) Vergelyk bl.124 van hierdie studie.
- 2) Hierdie benaming word vir die doel van hierdie studie nie as juis erken nie. (Vergelyk bl.82 van hierdie studie).
- 3) Hierdie benaming word vir die doel van hierdie studie nie as juis erken nie. (Vergelyk bl.82 van hierdie studie).
- 4) Let daarop dat Kotzé se indeling van die paradigmatische stalle van die demonstratief verskil van die indeling wat in hierdie studie gemaak word.
- 5) Sonder om die saak te "benoem" met die verwysende uitdrukking wat daarna verwys. Vergelyk Levinson (1983:85).
- 6) Daily News (Wednesday March 19, 1986, No. 52) Republic of Botswana.

HOOFSTUK 4

DIE FUNGERING VAN DIE FUNKSIONELE BEPALERS AS KWALIFIKATIEWE IN TSWANA

4.1 INLEIDING

Soos reeds aangedui is dit nie net die demonstratiewe en absolute bepalers wat kwalifiserend teenoor 'n verwysende uitdrukking kan fungeer nie. (Vergelyk bl.74 van hierdie studie). Verskeie ander verwysende uitdrukkings kan ook as kwalifikatiewe fungeer. In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die identifikasie en fungering van hierdie uitdrukkings.

4.2 DIE IDENTIFIKASIE VAN DIE FUNKSIONELE BEPALERS AS KWALIFIKATIEWE

'n Hele aantal verwysende uitdrukkings word op grond van hulle morfo-sintaktiese kenmerke deur verskillende skrywers as kwalifikatiewe geldentifiseer en beskryf. Cole (1975:62) stel dit soos volg:

Though all qualificatives perform essentially the same function, they are divided into five types, termed Adjectives, Enumeratives, Quantitatives, Possessives and Relatives. This division is based primarily on differences in the form of the concords.

Verskillende sienings het deur die jare omtrent hierdie uitdrukkings ontstaan. Die nuutste neiging is om hoofsaaklik

vier kategorieë te onderskei. Alle nominale kwalifikatiewe word as adnomina beskou, terwyl die werkwoordelike groepe as relatiewe getipeer word. Die uitdrukkings wat semanties op kwantiteit gegrond is word kwantors of kwantifieerders genoem. Die vierde kategorie sluit alle kwalifikatiewe in wat op 'n besitsverhouding gebaseer is. Hierdie groep word possessiewe bepalers genoem.

Hierdie indeling is steeds, tot 'n sekere mate, morfo-sintakties van aard. Dit is onaanvaarbaar. Vir die doel van hierdie studie moet 'n funksionele indeling gemaak word, veral met betrekking tot die groep kwalifikatiewe wat die demonstratiewe en absolute bepalers uitsluit. Hierdie groep kwalifikatiewe word vir die doel van hierdie studie funksionele bepalers genoem omdat hulle op grond van hulle semantiese funksie as kwalifikatiewe fungeer. Die semantiese funksie berus op 'n bepaalde aspek van die saak wat gekwalifiseer word. Enige verwysende uitdrukking wat 'n saak kwalifiseer met betrekking tot een of ander semantiese aspek wat dit openbaar, fungeer as 'n funksionele bepaler. Vergelyk die volgende voorbeeld:

58. Monnamogolo o ne a batla go ya le rona kwa thekisono ya dikgomo. O ne a batla go ithekela poo e ntsho.

In 58 word die semantiese aspek "kleur" aangewend om die saak poo te kwalifiseer. Die verwysende uitdrukking e ntsho word aangewend om hierdie aspek uit te druk. Die hoorder het nou 'n beter kennis van die saak wat die ou man wou koop. Die verwysing is meer spesifiek.

Soos die demonstratief en absolute bepalers staan die funksionele bepalers ook in 'n bepaalde verwysingsrelasie tot die saak wat dit kwalifiseer. Waar hierdie verwysingsrelasie by die demonstratief en absolute bepaler bepaaldstellend is (vergelyk bl.80 van hierdie studie), is dit by die funksionele bepalers gegrond op die semantiese aspek wat elke funksionele bepaler genereer. Hierdie semantiese aspek is die kwalifiserende aspek wat die spreker aanwend om die referent te kwalifiseer. Die kwalifiserende aspek kan vanuit die onmiddellike konteks verkry word of dit kan 'n aspek wees wat die referent self openbaar. Die belangrikste is dat 'n bepaalde saak op grond van hierdie aspek gekwalifiseer moet kan word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

59. Phiri o ne a nyetse mosadi yo montle. Phokojwe a bolelela mosadi wa ga Phiri gore o a mo rata.

In die verwysende uitdrukking mosadi yo montle is die verwysingsrelasie gebaseer op 'n omskrywing van die referent mosadi. Die kwalifiserende aspek is die kenmerk "mooi" wat die spreker op 'n subjektiewe wyse aan die saak toeken. (Vergelyk bl.142 van hierdie studie). In die verwysende uitdrukking mosadi wa ga Phiri is die verwysingsrelasie 'n possessiewe relasie. Die kwalifiserende aspek is die besitter.

Met betrekking tot die funksionele bepalers word die volgende verwysingsrelasies in Tswana onderskei:

'n Possessiewe relasie,

- 'n Omskrywingsrelasie,
- 'n Handelingsrelasie en
- 'n Seleksierelasie

Elkeen van hierdie verwysingsrelasies kan weer onderverdeel word ten opsigte van die kwalifiserende aspekte wat binne elke relasie voorkom. Hieraan sal vervolgens aandag gegee word.

4.2.1 Possessiewe relasie

Wanneer 'n funksionele bepaler 'n saak kwalifiseer ten opsigte van een of ander besitsverhouding is die verwysingsrelasie 'n possessiewe relasie. Voorbeelde van sulke funksionele bepalers is:

60. (a) wa Piti
 (b) wa ga Shole
 (c) wa kgosi
 (d) sa gago
 (e) ya mmu
 (f) ya bobedi
 (g) yo o nang le thipa
 (h) yo e leng wa monna
 (i) malomaagwe (malome wa gagwe)
 (j) tsa gaabo

In Tswana word die possessiewe relasie gebaseer op drie tipes kwalifiserende aspekte, nl.

- (a) die besitter, bv.

61. wa monna

- (b) die besitting, bv.

62. yo o nang le kgomo

(c) 'n beskrywing, bv.

63. ya ditena

By die possessiewe relasie kan daar anafories verwys word na die kwalifiserende aspek, bv.

64. sa gagwe

Die vereiste is, soos by enige anaforiese verwysing, dat die kwalifiserende aspek ou informasie moet wees. (Vergelyk bl.150 van hierdie studie).

4.2.2 Omskrywingsrelasie

'n Funktionele bepaler wat 'n saak kwalifiseer ten opsigte van 'n kenmerk wat die saak openbaar of met betrekking tot wat die saak is of waar die saak is, staan in 'n omskrywingsrelasie tot die saak, bv.

65. (a) yo mosweu
(b) yo montle
(c) e e leng kima
(d) yo e leng kgosi
(e) tse di leng mo sakeng
(f) yo o timanang

Met betrekking tot die kwalifiserende aspek wat onder hierdie

tipe verwysingsrelasie aangetref word, word daar tussen drie groepe onderskei, nl.

(a) 'n kenmerk eie aan die saak

Hier word verder onderskei tussen twee moontlikhede, nl.

- (i) 'n objektiewe kenmerk waar die kwalifiserende aspek 'n objektiewe permanente kenmerk van die saak is, bv.

66. (a) e e sedika
(b) e namaqadi
(c) se sesweu

- (ii) 'n subjektiewe kenmerk waar die kwalifiserende aspek bepaal word deur die spreker se subjektiewe betrokkenheid by die saak, bv.

67. (a) yo o maswe
(b) yo montle
(c) yo o timanang

(b) wat die saak is, bv.

68. (a) yo e leng kgosi
(b) e e leng sebata
(c) se e leng segagabi

(c) waar die saak is, bv.

69. (a) tse di leng mo nageng
(b) yo a leng mo ntlong
(c) se se leng fa

4.2.3 Handelingsrelasie

By hierdie tipe verwysingsrelasie kwalifiseer die funksionele bepaler 'n saak ten opsigte van 'n bepaalde handeling. Die kwalifiserende aspek is gerig op twee moontlikhede, nl.

(a) die saak voer die handeling uit, bv.

70. (a) yo o jang
(b) tse di swang
(c) ba ha buang

(b) die saak ondergaan die handeling, bv.

71. (a) se se remilweng
(b) e ba e rekisang
(c) se se tlhatswiwang

Die handelingsrelasie geld ook ten opsigte van die negatief. 'n Saak word dan gekwalifiseer ten opsigte van 'n handeling wat dit nie ondergaan of uitvoer nie, bv.

72. (a) se se sa remeng
(b) se se sa rengweng

Hierdie handelingrelasie maak ook voorsiening vir tyd en aspek met betrekking tot die handeling wat uitgevoer of ondergaan word, bv.

73. (a) yo o neng a tsamaya
(b) se se ka remang

- (c) tse di sa fulang (tse di sa ntseng di fula)
- (d) ba ba tla jang

Die plek waar die handeling plaasvind, die tyd wanneer die handeling plaasvind, die wyse waarvolgens die handeling plaasvind, en dit waarmee die handeling saam plaasvind, ens. kan ook as kwalifiserende aspek aangewend word, bv.

- (e) yo o remang ka selepe
- (f) e e emeng mo lesakeng
- (g) tse a di rekisang ka moso
- (h) yo ba tsamayang le ena

4.2.4 Seleksierelasie¹⁾

Hierdie tipe verwysingsrelasie is altyd gerig op die seleksie van die saak wat gekwalifiseer word. Die wyse waarvolgens die seleksie geskied is tweërlei van aard. Dit kan geskied met betrekking tot die saak as geheel of met betrekking tot 'n gedeelte van die saak of selfs niks, bv.

74. (a) mongwe
 (b) botlhe
 (c) sepe
 (d) tse pedi

Die kwalifiserende aspek is hier ook tweërlei van aard, nl.

- (a) definitiewe seleksie, waar die geselekteerde aspek definitief aangedui word, bv.

75. (a) tse tharo
 (b) tsoopedi

- (c) tsotlhe
- (d) dipe

(b) nie-definitiewe seleksie, waar die geselekteerde aspek nie definitief aangedui word nie, bv.


76. (a) mongwe
(b) mongwe le mongwe
(c) tse dintsi
(d) di sele
(e) ofe?
(f) ba ba mmalwa
(g) yo mongwe

Hierdie indeling van die funksionele bepalers is gerig op die funksionele aanwending daarvan. (Vergelyk die skematiese voorstelling op bl. 146 van hierdie studie). Dit is nie 'n finale indeling nie en 'n enkele kwalifiserende aspek kan, afhangende van die konteks, in meer as een verwysingsrelasie aangewend word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

77. Mosimane yo o timanang ga a fe bana dimonamone

In 77 word die saak mosimane gekwalifiseer ten opsigte van die feit dat hy suinig is. Dit is 'n funksionele bepaler wat in 'n omskrywingsrelasie tot die saak staan wat gegrond is op die subjektiewe toekenning van 'n kenmerk wat fungeer as die kwalifiserende aspek. Dieselfde kwalifiserende aspek kan ook kwalifiserend aangewend word waar dit in 'n handelingsrelasie tot die saak is. Vergelyk voorbeeld 78 na die skematiese voorstelling op die volgende bladsy:

Skematiese voorstelling van 'n funksionele indeling
van die funksionele bepalers in Tswana



78. Dimonamone di filwe basimane gore ba di fe bana. E rile ke ntse ke ba lebeletse ka bona mosimane yo mongwe a sa di fe bana. Ena o ne a di itseela. Basimane ba bangwe bona ba ne ba di kgaoganya bana. Ke batla go itse gore mosimane yo o timang bana ke mang.

In 78 word van die saak mosimane verwag dat hy 'n bepaalde handeling moet uitvoer. Hy voer nie die handeling uit nie en hy word hiervolgens deur die spreker gekwalifiseer as die seun wat die kinders snoep en nie die lekkergoed uitdeel nie.

Hierdie tipe funksionele bepalers is baie min en die fungering daarvan kan altyd vanuit 'n meerledige diskoersanalise verklaar en getipeer word. Die indeling en identifikasie van die funksionele bepalers hang nou saam met die fungering daarvan binne die onmiddellike konteks. Daar sal vervolgens hieraan aandag gegee word.

4.3 DIE FUNGERING VAN DIE FUNKSIONELE BEPALERS AS KWALIFIKATIEWE

Die fungering van die funksionele bepalers as kwalifikatiewe in Tswana is baie meer kompleks as die van die demonstratiewe en absolute bepalers. Die funksionele bepalers kan bepaaldstellend of omskrywend fungeer. Sommige funksionele bepalers kan net as bepalers fungeer en ander weer net as omskrywers. Die grootste aantal fungeer egter as bepalers en as omskrywers, afhangend van die onmiddellike konteks. Vergelyk die volgende voorbeeld:

79. Mogapi (1981::6)

Phiri o ne a nyetse mosadi yo montle, mme phokojwe a mo

tswela pelo. Phokojwe a leka maano a le mantsi mme a fitlhela a palelwa ke go tladisa phiri. La bofelo a raya mosadi wa ga phiri a re phiri ke pitse ya gagwe, a ba a mo solofetsa gore o tlaa mo kaela gore se a se buang ke boammaaruri.

In 79 word die saak mosadi aanvanklik bepaald gestel binne die onmiddellike konteks deurdat Phiri trou. Sy handeling impliseer dat daar 'n vrou moet wees. Hy moet met 'n vrou trou. Die uitdrukking o ne a nyetse fungeer reeds bepaaldstellend teenoor mosadi. Die bewys hiervan is die feit dat die spreker later in die diskoers van hierdie aspek as die kwalifiserende aspek gebruik maak om dieselfde referent bepaald te stel in die verwysende uitdrukking mosadi wa ga phiri. Die funksionele bepaler yo montle staan in 'n omskrywingsrelasie tot die saak en die kwalifiserende aspek is 'n subjektiewe kenmerk. Dit fungeer slegs omskrywend teenoor die saak mosadi. Die spreker se doel hiermee is om phokojwe se aangetrokkenheid tot die saak te regverdig. Alhoewel die verwysing meer spesifiek is, fungeer yo montle nie as 'n bepaler wat spesifieke verwysing na die referent tot gevolg het nie. In die verwysende uitdrukking mosadi wa ga phiri word daar na dieselfde referent verwys. Die funksionele bepaler wa ga phiri fungeer hier egter bepaaldstellend teenoor die saak. Dit staan in 'n possessiewe relasie tot die saak en die kwalifiserende aspek is die besitter phiri. Die kwalifikasie is spesifiek omdat die kwalifiserende aspek bekende (ou) informasie vanuit die onmiddellike konteks is. (Vergelyk bl.64 van hierdie studie).

Dit is duidelik dat die fungering van die funksionele bepalers

nie beskryf kan word sonder 'n meerledige diskoersanalise nie. In die proses sal daar gebruik gemaak word van die indeling wat reeds ten opsigte van die funksionele bepalers gemaak is.

4.3.1 Die funksionele bepalers as bepalers

Met betrekking tot hierdie fungering van die funksionele bepalers is dit nodig om weer eens daarop te wys dat bepaaldheid vir die doel van hierdie studie in verband gebring word met spesifieke verwysing. (Vergelyk bl.66 van hierdie studie). Bepaaldstelling word deur 'n funksionele bepaler bewerkstellig wanneer die aanwending daarvan die verwysing na die saak so beïnvloed dat spesifieke verwysing verkry word. Die verwysing is so spesifiek, dat die hoorder die regte referent sonder enige twyfel sal identifiseer. Wilkins & Kimenyi (1975:151) stel dit soos volg:

Definite description is achieved when the speaker has sufficiently modified the head noun so that the referent can be identified by the hearer.

Wanneer 'n funksionele bepaler as 'n bepaler fungeer is die kwalifiserende aspek altyd 'n bepaaldstellende aspek. Anders as by die demonstratiewe en absolute bepalers, fungeer die funksionele bepalers slegs bepaaldstellend ten opsigte van die onmiddellike konteks. (Vergelyk bl.91 van hierdie studie). Die bepaaldstellende aspek word daarom slegs spesifiek geopenbaar deur die referent wat daarvolgens bepaald gestel word.

Waar die demonstratiewe en absolute bepalers op sigself spesifieke verwysing aktiveer, is dit nie die geval by die funksionele bepalers nie. By die funksionele bepalers is die bepaaldstellende informasie spesifieke ou of dektiese informasie wat vanuit die onmiddellike konteks verkry word. Slegs funksionele bepalers wat hierdie spesifieke informasie kwalifiserend aanwend kan as bepalers fungeer. Waar 'n funksionele bepaler nie-spesifieke informasie as die kwalifiserende aspek aanwend fungeer dit as 'n omskrywer. (Vergelyk bl.156 van hierdie studie).

Die verhouding tussen die informasie wat aangewend word en die kwalifiserende aspek is die deurslaggewende faktor wat bepaal of 'n funksionele bepaler as bepaler kan fungeer. Hierdie verhouding is tweërlei van aard en dit bepaal die fungering van die funksionele bepalers as bepalers. Daar sal vervolgens hieraan aandag gegee word.

(a) Waar die funksionele bepaler spesifieke ou informasie as die kwalifiserende aspek aanwend

Wanneer 'n funksionele bepaler spesifieke ou informasie aanwend om 'n saak te kwalifiseer sal dit altyd bepaaldstellend fungeer. Die kwalifiserende aspek is dan 'n bepaaldstellende aspek. Vergelyk die volgende voorbeeld:

80. E rile re goroga kwa morakeng re fitlhetse basimane ba babedi. Yo mongwe o ne a le montsho, mme yo mongwe a le mosetlha. E rile fa re simolola go bala dikgomo, ka bona mosimane yo mosetlha a sa atumele, a emetse kgakala, a re lebeletse.

In 80 is daar sprake van twee soortgelyke referente, naamlik basimane ba babedi. Die daaropvolgende diskoers onderskei tussen hierdie referente met betrekking tot hulle kleur. Die een is swart en die ander een ligvellig (geel). In die verwysende uitdrukking mosimane yo mosetlha word hierdie informasie bepaaldstellend aangewend. Die verwysingsrelasie is 'n omskrywingsrelasie en die bepaaldstellende aspek is 'n objektiewe kenmerk, naamlik kleur. Die informasie is ou informasie wat spesifiek is binne die onmiddellike konteks. Die informasie wat bepaaldstellend aangewend word hoef nie altyd pertinent benoem te word soos in 80 nie. Dit kan ook vanuit die voorafgaande diskoers afgelei word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

81. Mroko (1983:15)

Ga go a ka ga feta bontlhannngwe jwa ura mme Moupathaga le Rabontsi ba be ba pagame dibaesekele ba le mo leetong, ba ya Vlakfontein, kwa ga Maribe, ba ya go reka nku. E ne e le bokgakala jwa dikilometara di ka nna tihano go tloga Ebatone go ya go fitlha Vlakfontein.
Mong wa dinku o ne a ba isa kwa lesakeng la dinku mme ba itlhophela e ba e ratang. Ba eme sebakanyana ba rerisana le mong wa dinku ka ga tlhotlhwa ya dinku.

In 81 word 'n referent Maribe in die diskoers ingebring. 'n Eienaam word as die verwysende uitdrukking aangewend en die verwysing is bepaald. (Vergelyk bl.68 van hierdie studie). Die diskoers handel oor die koop van 'n skaap. Die tema impliseer noodwendig 'n eienaar, 'n koper of kopers en 'n artikel of artikels wat verhandel word. Hierdie tema word aangewend om die verwysende uitdrukking mong in die diskoers

in te bring om na dieselfde referent as Maribe te verwys, want hy is die eienaar. Die verwysende uitdrukking mong aktiveer op sigself nie genoegsame spesifiekheid nie. Die konteks is egter van so 'n aard dat spesifieke verwysing na Maribe, die eienaar, 'n noodsaaklikheid is. 'n Funktionele bepaler wat spesifieke ou informasie aandui wat uit die voorafgaande diskoers afgelei word, word hiervoor aangewend, naamlik wa dinku. Die verwysingsrelasie is 'n possessiewe relasie en die bepaaldstellende aspek is die besitting wat deur die verwysende uitdrukking mong binne die onmiddellike konteks vereis word.

Die bepaaldstellende informasie kan ook informasie wees wat vanuit die langtermyn geheue van die spreker en die hoorder spesifieke verwysing aktiveer. (Vergelyk bl.66 van hierdie studie). Dit kan byvoorbeeld informasie wees wat spesifieke verwysing aktiveer as gevolg van die unieke identifiseerbaarheid daarvan binne die universele werklikheid. Vergelyk die volgende voorbeeld:

82. Fa ke ntse ke lebeletse metsi ka bona marang a letsatsi
a phatsima mo go ona.

Hier word spesifieke informasie vanuit die langtermyn geheue van die spreker en die hoorder aangewend om die saak marang te kwalifiseer. Dit is nie ou informasie vanuit die diskoers nie maar "ou" informasie vanuit die langtermyn geheue van die gespreksgenote. Die belangrikste is dat dit spesifieke verwysing moet aktiveer. Die verwysingsrelasie

is 'n possessiewe relasie en die bepaaldstellende aspek is die besitter wat uniek is binne die universele werklikheid en dus spesifieke verwysing aktiveer. Omdat ou informasie as die bepaaldstellende aspek aangewend word, kan daar ook anafories daarna verwys word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

83. Moroke (9183:15)

Moupathaga o ne a tloga a tseela mosadi wa gagwe kwa thoko mme a re, "Mmaabo, ana seane sa bogologolo se re, 'Moeng goroga re tle re je ka wena.' Re tletswe ke baeng."

In 83 is die referent Moupathaga bepaald. 'n Eienaam word as verwysende uitdrukking aangewend. (Vergelyk bl.68 van hierdie studie). Enige kwalifiserende aspek wat op hierdie referent gegrond is sal bepaaldstellend fungeer. Die uitdrukking gagwe verwys anafories na hierdie referent en word bepaaldstellend aangewend in die verwysende uitdrukking mosadi wa gagwe. Die verwysingsrelasie is 'n possessiewe relasie en die bepaaldstellende aspek is die besitter waarna anafories verwys word.

Die feit dat ou informasie as die kwalifiserende aspek aangewend word is nie genoegsaam om 'n funksionele bepaler as 'n bepaler te laat fungeer nie. Die informasie moet ook spesifiek wees, al word anafories daarna verwys. Vergelyk die volgende voorbeeld:

84. Monna mongwe a ne a humile thata. O ne a na le dinku tse dintsi. E ne e le tiro e tona go disa dinku tse. Morago ga nako a lemoga gore o tshwanetse go reka ntšwa e e

ka di disang. A simolola go batla ntšwa ya tsona.

In 84 word daar in die onderstreepte verwysende uitdrukking van ou informasie gebruik gemaak om na die kwalifiserende aspek, naamlik die beskrywer dinku, anafories te verwys. Die saak ntšwa aktiveer egter steeds generiese verwysing wat op enige skaaphond dui. Hierdie redenasie geld, al word die anaforiese verwysing vervang deur die benaming van die beskrywing, naamlik dinku, as ntšwa ya dinku. Dit is hierdie beginsel van spesifieke informasie wat sekere funksionele bepalers uitskakel om as bepalers te fungeer. Die semantiese begrip van hierdie funksionele bepalers is net eenvoudig nie spesifiek genoeg nie, al is dit ou informasie. 'n Voorbeeld hiervan is sekere funksionele bepalers wat op 'n seleksierelasie gegrond is. Die seleksie mag wel definitief wees met betrekking tot die kwalifiserende aspek, maar die verwysing wat geaktiveer word, is steeds slegs omskrywend. Vergelyk die volgende voorbeeld:

85. Monna mongwe o ne a na le dintšwa tse pedi.
Dintšwa tse pedi tse di ne di sa rate go tsoma.

In 85 word die verwysende uitdrukking tse pedi as 'n funksionele bepaler aangewend. Die verwysingsrelasie is 'n seleksierelasie en die kwalifiserende aspek is 'n definitiewe seleksie. Direk in die daaropvolgende diskoersverloop word daar weer na dieselfde saak verwys.

Dieselfde funksionele bepaler word weer aangewend. Dit is dus ou informasie. Tog word spesifieke verwysing nie verkry nie en die stel I demonstratief tse word non-deikties aangewend om die saak bepaald te stel. Die funksionele bepaler tse pedi aktiveer eenvoudig net nie op sigself genoegsame spesifiekheid om bepaaldstellend te fungeer nie. Dit is daarom duidelik dat slegs funksionele bepalers wat spesifieke ou informasie kan aktiveer om as kwalifiserende aspek aangewend te word, as bepalers kan fungeer.

(b) Waar die funksionele bepaler spesifieke deiktiese informasie as die kwalifiserende aspek aanwend

'n Funksionele bepaler kan ook as 'n bepaler fungeer waar 'n saak deikties teenwoordig is en die bepaaldstellende aspek 'n spesifiek waarneembare aspek van die saak is. Vergelyk die volgende voorbeeld:

86. Piti, fa ke ntse ke bogetse dikgomo tse pedi tse, ke utlwa ke rata e ntsho. E tshweu ga e a nona.

In 86 is die saak dikgomo tse pedi fisies teenwoordig. Die spreker stel dit aan die hoorder Piti dat hy meer van een spesifieke referent e ntsho hou. In die proses wend hy die fisies waarneembare objektiewe kenmerk, naamlik kleur aan om die referent bepaald te stel. Hier is ook sprake van twee soortgelyke referente. (Vergelyk voorbeeld 80 op bl.150). Die bepaaldstelling geskied dus met betrekking tot die onmiddellike konteks, dit wil sê ten opsigte van die ander soortgelyke referent binne die konteks.

Bepaaldstelling kan hier ook geskied deur anafories na die bepaalstellende aspek te verwys. Die bepaalstellende aspek is deikties waarneembaar en 'n demonstratief kan byvoorbeeld deikties aangewend word om dit anafories aan te wys. Vergelyk die volgende voorbeeld:

87. Sello: "Piti, a o setse o tshwaile dinamane tsotlhe?"
Piti : "Nnyaya rra, go setse ditsebe tsa ele. E tona thata."

In 87 is die saak dinamane fisies teenwoordig. Een van die kalwers se ore is nie gemerk nie. Die spreker Piti wend hierdie deiktiese teenwoordigheid van die besitter as die bepaalstellende aspek aan om die saak ditsebe met 'n possessiewe relasie bepaald te stel sonder om die bepaalstellende aspek te "benoem". 'n Stel IV demonstratief word deikties aangewend om die besitter as die bepaalstellende aspek aan te toon.

4.3.2 Die funksionele bepalers as omskrywers

Wanneer 'n funksionele bepaler in 'n diskoers voorkom fungeer dit meestal as 'n omskrywer. Dit beteken dat die verwysing wat dit aktiveer nie genoegsame bepaalstellende informasie bevat om 'n referent spesifiek aan die hoorder uit te wys nie. Vergelyk die volgende voorbeeld:

88. Mrooke (1983:15)

Letsatsi le ne le setse le weditse leeto la go kgabaganya legodimo go tswa botlhabatsatsi go ya bophirima. Le ne le

kotame mo makgabaneng a bophirima fa ba bona modisa a goroga
a kgoetsa dikgomo di eteletswe pele ke kgomo e khunwana, e
tsholeditse tlhogo, e lemile dinaka.

In 88 aktiveer die feit dat die saak kgomo voor aan die trop
beeste loop reeds genoegsame bepaaldheid. Wanneer die spreker
die funksionele bepaler e khunwana daarnaas aanwend is sy doel
nie om die saak daarmee bepaald te stel nie. Die saak is reeds
bepaald gestel vanuit die diskoers. Die funksionele bepaler
word daarom as 'n omskrywer aangewend. Die verwysingsrelasie is
'n omskrywingsrelasie en die kwalifiserende aspek is objektiewe
kenmerke, naamlik kleur en geslag. Die kwalifiserende aspek is
egter nie spesifiek genoeg om bepaaldstelling te aktiveer nie en
dit is daarom 'n omskrywende aspek. Die gebruik van die
funksionele bepaler in die verwysende uitdrukking
kgomo e khunwana bring nie mee dat daar geen ander rooibruin koei
in die trop is nie. Hierdie feit word weerspieël in die verdere
verloop van bostaande diskoers, nl.

89. Moroke (1983:15)

E ne e sisitse, thele e le kana! E ne e solofetsa mogami
kgamelo e tletse. E ne e notanota ka tlhogo, e tsokotsa
seditse se sesweu, go ntse jaaka e kete e nyonya go bona
ntsi e kotame mo letlalong la yona le le ntle, le le
phatsimang. Heelang! Kgomo eo e itse go gata e gatoga ka
bokgabane.

In 89 gebruik die spreker 'n stel III demonstratief eo om die
saak bepaald te stel. Die rede hiervoor is omdat die spreker
verslag doen van wat die derde persoon meervoud gesien het.
(Vergelyk ...fa ba bona... in voorbeeld 88). Die feit van die

saak is dat die funksionele bepaler e khunwana mos weer aangewend kon word as dit bepaaldstellend is. Wanneer dit wel later in die diskoers weer aangewend word gebruik die spreker 'n demonstratief saam met dit om bepaaldstelling te bewerkstellig. Vergelyk die volgende voorbeelde uit die daaropvolgende diskoers:

90. Moroke (1983:16)

(a) Mopathaga le Rabontsi ba ne ba ela kgomo e khunwana e tlhokc e.

(b) Fa o ka reka kgomo e khunwana e, o tla rekisa mašwi; o tla rekisa dinamane tsa yona fa e setse e le dikgomo.

Nog 'n voorbeeld van 'n funksionele bepaler wat as 'n omskrywer fungeer is die funksionele bepaler se sesweu in die verwysende uitdrukking seditse se sesweu uit voorbeeld 88. Die saak seditse is bepaald gestel vanuit die voorafgaande diskoers. Dit is 'n permanente deel van die saak kgomo wat reeds ou informasie is. (Vergelyk bl.70 van hierdie studie). Die funksionele bepaler se sesweu is nuwe informasie wat slegs omskrywend aangewend word. Dit staan in 'n omskrywingsrelasie tot die saak en die omskrywende aspek is 'n objektiewe kenmerk van die saak, naamlik kleur.

Soos by die fungering van die funksionele bepalers as bepalers, is die verhouding tussen die informasie wat aangewend word en die kwalifiserende aspek 'n deurslaggewende faktor om te bepaal wanneer 'n funksionele bepaler as 'n omskrywer fungeer. Daar sal vervolgens hieraan aandag gegee word.

(a) Waar die funksionele bepaler nie-spesifieke nuwe informasie as die kwalifiserende aspek aanwend

Wanneer 'n funksionele bepaler nie-spesifieke nuwe informasie in die diskoers aanwend om 'n saak te kwalifiseer, sal dit altyd omskrywend fungeer. Die kwalifiserende aspek is dan 'n omskrywende aspek. Vergelyk die volgende voorbeeld:

91. E rile re fitlha kwa thekisonng ya dinku, monnamogolo a re ena o batla go reka nku e e nonneng. A re kopa go mo thusa go batla e a ka e rekang.

In 91 is die informasie wat aangewend word deur die funksionele bepaler e e nonneng nie-spesifieke nuwe informasie. Die saak nku word slegs omskryf. Dit kan enige skaap wees wat vet is.

In aansluiting by hierdie fungeringsmoontlikheid is daar sekere funksionele bepalers wat slegs as omskrywers kan fungeer. Die rede hiervoor is omdat hulle deurgaans nie-spesifieke informasie kwalifiserend aanwend. Vergelyk die volgende voorbeeld:

92. Monna mongwe o ne a batla go itse gore ke nna kae.

In die verwysende uitdrukking monna mongwe fungeer die funksionele bepaler mongwe as 'n omskrywer omdat dit nie-spesifieke verwysing aktiveer. Dit is veral funksionele bepalers wat in 'n seleksierelasie tot 'n saak staan wat slegs as omskrywers fungeer. Vergelyk ook die volgende

voorbeelde:

93. (a) Tlisa dikgomo tse pedi re di ise kwa kgosing.
(b) Motho mongwe le mongwe a ka tshwarwa ke tlala.

- (b) Waar die funksionele bepaler nie-spesifieke ou informasie as die kwalifiserende aspek aanwend.

Wanneer nie-spesifieke informasie uit die onmiddellike konteks aangewend word om 'n saak te kwalifiseer, fungeer dit omskrywend. Dit kom veral voor waar die saak reeds bepaald is. Geen bepaaldstelling is verder nodig nie. (Vergelyk voorbeelde 88-90). In 90 (a) en (b) word die funksionele bepaler e khunwana as ou informasie kwalifiserend aangewend. Dit is nie-spesifieke informasie vanuit die voorafgaande diskoers. Die bewys dat dit nie bepaaldstellend fungeer nie is die aanwending van die demonstratief as bepaler. Omdat die funksionele bepaler nodig is vir die diskoerstema, dit is die rooibruin koei, word dit as 'n omskrywer herhaal.

- (c) Waar die funksionele bepaler nie-spesifieke deiktiese informasie as die kwalifiserende aspek aanwend

In 'n deiktiese konteks waar die funksionele bepaler nie-spesifiserende informasie aanwend om 'n saak te kwalifiseer, fungeer dit as 'n omskrywer. Vergelyk die volgende voorbeeld:

94. Mosadimogolo: "Fa ke lebeletse dimonamone tse ke bona tsa mefutafuta. Go na le tse dintsho, tse ditala le tse ditshweu. Piti, wena o ba=

tla se se ntseng jang?"

Piti: "Ke a leboga mma. Ke batla semonamone se setala."

In 94 word die deiktiese informasie se setala nie bepaaldstellend aangewend nie. Piti wend nie-spesifiserende deikties informasie aan om die referent semonamone te omskryf. Enige groen lekker is aanvaarbaar. Die informasie geld vir meer as een referent binne die deiktiese diskoers en is slegs omskrywend van 'n referent wat Piti wil hê.

Uit die voorafgaande beskrywing van die funksionele bepalers as omskrywers is dit duidelik dat 'n funksionele bepaler altyd 'n saak kwalifiseer ten opsigte van die universele werklikheid wanneer dit as 'n omskrywer fungeer. Sodra dit 'n referent spesifiek kwalifiseer ten opsigte van 'n ander soortgelyke referent of referente binne die konteks fungeer dit bepaaldstellend. Vergelyk die volgende voorbeelde:

95. (a) Monna mongwe o ne a batla go nyala mosadi yo montle.
(b) Monna mongwe o ne a nyetse basadi ba babedi. Yo mongwe o ne a le montle, mme yo mongwe a le maswe. Monna yo, o ne a rata mosadi yo montle go feta yo o maswe.

In 95 (a) en (b) word dieselfde funksionele bepaler as 'n kwalifikatief aangewend. In 95 (a) fungeer dit as 'n omskrywer omdat dit nie-spesifieke nuwe informasie binne die konteks is. In 95 (b) fungeer dit as 'n bepaler omdat dit spesifieke ou informasie is. Hier word dit aangewend om die saak uit te wys

ten opsigte van 'n ander soortgelyke saak wat nie hierdie kenmerk openbaar nie. In 95 (a) geskied die kwalifikasie ten opsigte van die universele werklikheid maar in 95 (b) geskied dit binne die onmiddellike konteks en dit is bepaaldstellend.

4.3.3 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande bespreking van die fungering van die funksionele bepalers as kwalifikatiewe is dit duidelik dat dit tweërlei fungeer. Funksionele bepalers kan as bepalers of as omskrywers fungeer. Die faktor wat bepaal watter funksie dit verrig word vanuit die konteks verkry. Die verhouding tussen die kwalifiserende aspek en die informasie wat kwalifiserend aangewend word, is van deurslaggewende belang. Spesifiserende of spesifieke informasie is altyd bepaaldstellend, terwyl nie-spesifiserende of nie-spesifieke informasie altyd omskrywend is. Omdat deiktiese informasie fisies waarneembaar is, word dit altyd bepaaldstellend aangewend indien dit die referent spesifiek aanwys binne die deiktiese konteks. Indien die deiktiese informasie vir meer as een referent geld is dit nie bepaaldstellend nie en fungeer dit omskrywend. Met betrekking tot die verskillende tipes funksionele bepalers wat op bl. 140-145 onderskei is, is dit nodig om die fungering van elke tipe ten opsigte van die fungeringsmoontlikhede daarvan te beskryf. Hieraan sal vervolgens aandag gegee word.

4.4 DIE FUNGERINGSMOONTLIKHEDE VAN ELKE TIPE FUNKSIONELE BEPALER

4.4.1 Die funksionele bepalers in 'n possessiewe relasie

Wanneer 'n funksionele bepaler in 'n possessiewe relasie teenoor 'n saak staan, is die kwalifiserende aspek wat aangewend word drieërlei van aard. (Vergelyk bl.140 van hierdie studie). Die fungeringsmoontlikhede vir elke aspek word bepaal deur die konteks waarin dit aangewend word. Die semantiese begrip wat elke aspek aktiveer speel ook soms 'n rol. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die fungering van elke aspek binne die possessiewe verwysingsrelasie.

(a) Die besitter as die kwalifiserende aspek

Wanneer die besitter as die kwalifiserende aspek aangewend word, word die besitting gekwalifiseer. Vergelyk die volgende voorbeeld:

96. E rile Piti a nyala Kedibone mongwe le mongwe o ne a na le ngwana wa gagwe. Ngwana wa ga Piti o ne a tihoka tsebe.

In 96 is die besitting die saak ngwana. Die besitter is Piti en die spreker wend dit aan om die besitting spesifiek te kwalifiseer as behordende aan Piti. Die saak ngwana word gekwalifiseer teenoor Kedibone se kind. Hier word spesifieke ou informasie uit die onmiddellike konteks aangewend om 'n saak te kwalifiseer en dit het bepaaldstelling tot gevolg. (Vergelyk bl.150 van hierdie studie). Die besitter kan ook bepaaldstellend aangewend

word in 'n deiktiese situasie. Vergelyk die volgende voorbeeld:

97. Fa ke lebeletse namane e, o ka re e a lwala.
Ditsebe tsa yona di lepeletse.

Hier is die besitter namane deikties teenwoordig. Die spreker verwys na 'n permanente deel van die besitter wat waarneembaar is, naamlik sy ore. Anaforiese verwysing word gebruik om na die besitter te verwys.

Wanneer 'n funksionele bepaler die besitter van 'n saak kwalifiserend aanwend en dit is spesifieke ou of deiktiese informasie fungeer daardie funksionele bepaler altyd bepaaldstellend. Meestal word daar anafories na die besitter verwys omdat dit ou of waarneembare informasie is. Vergelyk die volgende voorbeelde waar aangeneem moet word dat die besitter spesifieke ou of deiktiese informasie is:

98. (a) bana ba yo montsho
(b) selo se e leng sa yona
(c) matlho a yoo
(d) phefo ya e e nang
(e) mogatla wa e ba e rekisang
(f) bana ba wa kgosi

As die verwysende uitdrukking wat na die besitter verwys of dit aanwys, spesifieke verwysing aktiveer, fungeer die funksionele bepaler as 'n bepaler.

Hierteenoor fungeer die funksionele bepaler as 'n omskrywer as die verwysende uitdrukking wat na die besitter verwys of dit aanwys, nie-spesifieke verwysing genereer. Vergelyk die

volgende voorbeeld:

99. Tlou ke phologolo e tona. Selopo sa yona se dirisiwa go nwa metsi.

In 99 aktiveer die verwysende uitdrukking Tlou generiese verwysing. Wanneer dit as die besitter aangewend word teenoor selopo is dit ou informasie waarna anafories verwys word met yona. Die informasie is nie-spesifiek en daarom is dit omskrywend. Dit kan enige olifant binne die universele werklikheid se slurp wees.

Waar die besitter nie-spesifieke nuwe of dektiese informasie is, fungeer die funksionele bepaler ook as 'n omskrywer. Vergelyk die volgende voorbeelde:

100. (a) Letlalo la nkwe le aparwa ke dikgosi tsa Batswana.

(b) Piti : "Rra, lesaka le le tletse dikgomo tsa mefuta yotlhe. O batla madi a kgomo efe?"
Ngaka: "Ke bona dipoo tse dintsi. Ke batla madi a poo. E ka nna madi a ele."

In 100 (a) is die informasie wat kwalifiserend aangewend word in die verwysende uitdrukking letlalo la nkwe en dikgosi tsa Batswana nuwe informasie binne die onmiddellike konteks. Die informasie is ook nie-spesifiek. Die besitter van die saak, dit is nkwe en Batswana onderskeidelik, aktiveer hier nie bepaaldstelling nie. Dit fungeer slegs omskrywend. In 100 (b) is daar 'n hele aantal van die saak, poo, dekties teenwoordig. Die spreker wend hierdie saak, wat hy fisies in die onmiddellike konteks waarneem,

omskrywend aan teenoor die saak madi. In die daaropvolgende diskoersverloop wend hy die dektiese aspek aan om die saak spesifiek aan te wys met die verwysende uitdrukking madi a ele.

Wanneer die besitter as die kwalifiserende aspek deur 'n funksionele bepaler binne 'n possessiewe relasie aangewend word, fungeer dit veral as 'n bepaler. Met die klem op die "besit" van die referent is die diskoers gewoonlik van so 'n aard dat hierdie informasie spesifiek is. Waar die "besitsaspek" vervaag fungeer die funksionele bepaler gewoonlik as 'n omskrywer. 'n Beskrywende nuanse word dan waargeneem. (Vergelyk voorbeelde 99, 100 (a) en 100 (b) van hierdie studie). Hierdie nuanse veroorsaak dat die funksionele bepaler nie-spesifieke informasie genereer, en daarom as 'n omskrywer fungeer.

(b) Die besitting as die kwalifiserende aspek

Die besitting word as 'n bepaaldstellende aspek aangewend waar dit speifieke ou of dektiese informasie is. Vergelyk die volgende voorbeelde:

101. (a) Piti o fitlhetse basetsana ba babedi fa sedibeng. Yo mongwe o ne a tshotse kgamele, mme yo mongwe o ne a tshotse ngwana. Mosetsana yo o neng a tshotse kgamele o ne a le montle.

(b) Lebelela dikgomo tse. Ga ke itse gore nka reka efe. A bogolo ke reke e e nang le dinaka. E nonne go feta e e se nang dinaka.

In 101 (a) word ou informasie vanuit die voorafgaande diskoers aangewend om die referent mosetsana bepaald te

stel. Hierdie referent word reeds in die voorafgaande diskoers van 'n ander soortgelyke saak onderskei deur dit wat sy het, naamlik 'n emmer. Die informasie is spesifiek binne hierdie konteks en dus bepaaldstellend. (Vergelyk hierteenoor voorbeeld 102 (a)).

In 101 (b) is daar twee referente deikties teenwoordig. Fisies neem die spreker waar dat een referent horings het en een nie. Die hoorder sien dit ook. Die spreker wend hierdie besitting, dit is die horings, aan om die referent wat hy wil koop aan te wys. In die daaropvolgende diskoersverloop word die feit dat die ander referent binne die deiktiese konteks nie horings het nie, bepaaldstellend aangewend in die verwysende uitdrukking e e se nang dinaka. Die besitting word as omskrywende aspek aangewend wanneer dit nie-spesifieke informasie is. Dit kan ou, nuwe of deiktiese informasie wees. Vergelyk die volgende voorbeelde:

102. (a) Meno ke mpho ya Modimo. Motho yo o nang le meno o tshwanetse go leboga Modimo.

(b) Tlou e e nang le dinaka ke ya poo. Fa o ka kopana le tlou e e ntseng jalo o itse gore o mo bothateng.

(c) Piti: "Rra, ke batla go reka dipoo tse."
Morekisi: "A o batla go di reka tsotlhe?"
Piti: "Nnaya Rra, ga ke batle dipoo tse di nang le dinaka. Dipoo tse, o di tshaole."

In 102 (a) word 'n saak meno wat generiese verwysing genereer as die besitting in die uitdrukking Motho yo o nang le meno aangewend. In hierdie konteks is dit

ou nie-spesifieke informasie. Die funksionele bepaler yo o nang le meno fungeer hier as 'n omskrywer.

In 102 (b) word 'n besitting, naamlik dinaka, wat nuwe nie-spesifieke informasie binne die diskoers is, as die omskrywende aspek aangewend.

In 102 (c) word nie-spesifieke dektiese informasie omskrywend aangewend om die saak aan te wys waarvan die spreker Piti nie hou nie. Die aspek word fisies waargeneem as die horings wat party van die bulle het.

Ook waar die besitting as die kwalifiserende aspek aangewend word, fungeer die funksionele bepaler veral as bepaler. Sodra daar 'n nuanse van beskrywing intree is die informasie gewoonlik nie-spesifiek vanuit die onmiddellike konteks of die universele werklikheid. Die funksionele bepaler fungeer dan as 'n omskrywer. Daar kan ook, soos by die aanwending van die besitter as die kwalifiserende aspek, anafories na die besitting verwys word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

103. Go na le diphologolo tsa mefuta e mentsi tse di nang le dinaka. Diphologo tse di nang le tsona, gantsi ke tsa dipoo.

In 103 word daar anafories verwys na die besitting dinaka in die verwysende uitdrukking Diphologo tse di nang le tsona.

(c) 'n Beskrywing as die kwalifiserende aspek

Volgens Cole (1975:167-168) kan 'n beskrywing van die saak in 'n possessiewe relasie kwalifiserend aangewend word waar dit dui op die materiaal van konstruksie, inhoud, gebruik, funksie, doel, tipe, eienskap, kenmerk of orde van die saak.

(Vergelyk bl.16-17 van hierdie studie).

Soos reeds aangedui ontstaan daar 'n nuanse van beskrywing by die fungering van 'n funksionele bepaler, wat die besitter of die besitting as die kwalifiserende aspek aanwend, as 'n omskrywer.

Indien die beskrywende informasie egter spesifieke ou of dektiese informasie is, fungeer die funksionele bepaler as 'n bepaler. Vergelyk die volgende voorbeelde:

104. (a) Fa o ya Sikwane go na le ditsela tse pedi tse di yang teng. E nngwe ke ya sekontere, mme e nngwe ke ya mmu. Tsela ya sekontere e motsopodia go feta ya mmu.

(b) Piti: "O batla go reka ntlo efe?"

Mpho: "Fa ke bapisa dintlo tse pedi tse, ke bona ke ka reka ya ditena. Ya mmu e nyennyane thata."

In 104 (a) word spesifiek ou informasie vanuit die vocrafgaande diskoers aangewend in die uitdrukking Tsela ya sekontere. Hier word dit waaruit die saak tsela bestaan, beskrywend aangewend binne 'n possessiewe relasie. Bepaaldstelling word binne die onmiddellike konteks geaktiveer ten opsigte van die ander tipe pad, naamlik ya mmu.

In 104 (b) is daar twee soortgelyke sake fisies teenwoordig. Die spreker en die hoorder kyk na die sake, naamlik dintlo. Die spreker Mpho wend dit waaruit die huise bestaan as bepaaldstellende aspek aan. Spesifieke dektiese informasie, naamlik ya ditena, word bepaaldstellend

aangewend. 'n Funksionele bepaler, in 'n possessiewe relasie tot 'n saak wat 'n beskrywende aspek kwalifiserend aanwend, kan ook as 'n omskrywer fungeer. Dit is die geval waar nie-spesifieke nuwe, ou of deïktiese informasie kwalifiserend aangewend word. Vergelyk die volgende voorbeelde:

105. (a) Fa nna ke reka ntlo ke batla go reka ntlo ya ditena.

(b) Ka moso re ye kwa mogobeng, re ye go kgaba mmopa. Re tla bona gore a o kgona go bopa kgomo ya mmopa.

(c) Ke lebeletse ditlhare ke tse, mme ke bona tsa mefutafuta. Go na le moselesele, mofudiri, mokgalo, morula le mogonono. A o a itse gore setlhare sa morula se unywa maungo a a jewang? Sena sona ga se unwe sepe.

In 105 (a) word nie-spesifieke nuwe informasie omskrywend aangewend om die tipe huis te omskryf wat die spreker sal koop. Spesifieke verwysing word nie geaktiveer nie en die funksionele bepaler ya ditena fungeer as 'n omskrywer.

In 105 (b) is die kwalifiserende aspek wat as omskrywende aspek aangewend word ou informasie uit die voorafgaande diskoers. Die is egter nie-spesifieke informasie en fungeer as 'n omskrywer.

In 105 (c) is die aspek wat kwalifiserend aangewend word deïkties teenwoordig. Die spreker wend die een saak wat deïkties teenwoordig is, nl. morula, omskrywend aan om die tipe boom te omskryf waarvan die vrugte geëet word.

Wanneer 'n funksionele bepaler in 'n possessiewe relasie tot 'n saak staan en dit wend 'n beskrywende aspek kwalifiserend

aan, fungeer dit veral as 'n omskrywer. Die beskrywende nuanse in die betekenis is op die voorgrond. 'n Verdere bewys is die feit dat dit so te sê onmoontlik is om anafories na die beskrywende aspek te verwys. Dit kom egter wel voor. Vergelyk die volgende voorbeeld:

106. Mo ntlong e ga go na molemo. Selo se, se a ntshwenya. Fa motho a lwala re tla mo alafa ka eng? Beng ba ntlo ba re lebaka ke gore lebotlolo la ona ga le yo. Ga go na sepe se ba ka tshelang molemo mo go sona.

Hier word daar anafories verwys na die saak molemo om as funksionele bepaler te fungeer in die verwysende uitdrukking lebotlolo la ona.

In die geheel gesien fungeer funksionele bepalers in 'n possessiewe relasie as bepalers en as omskrywers. Met die klem op die besitsaspek fungeer hierdie tipe funksionele bepalers eerder as bepalers. Wanneer die nuanse van beskrywing op die voorgrond tree is die omskrywende fungering meer tipies.

Hierdie tipe funksionele bepaler is die enigste waar daar deurgaans anafories na die kwalifiserende aspek verwys kan word. Enige verwysende uitdrukking kan as die kwalifiserende aspek aangewend word. Dit hang natuurlik van die konteks af. Vergelyk die volgende voorbeelde:

107. (a) selepe sa yo o neng a le fa.....
(b) lerumo la bale.....
(c) matlho a yo montle.....
(d) leoto la yo o sa ntseng a raga.....

(e) meno a yo mohibidu.....

4.4.2 Die funksionele bepalers in 'n omskrywingsrelasie

By die funksionele bepalers wat in 'n omskrywingsrelasie tot 'n saak staan is die kwalifiserende aspek drieërlei van aard. (Vergelyk bl.142 van hierdie studie). Elke aspek word kwalifiserend aangewend volgens die behoefte van die diskoers. Die semantiese begrip wat elke aspek genereer speel ook 'n rol. Elkeen van hierdie aspekte sal vervolgens aandag geniet.

(a) 'n Kenmerk eie aan die saak as die kwalifiserende aspek

Wanneer 'n kenmerk eie aan 'n saak aangewend word as die kwalifiserende aspek word daar op 'n objektiewe of subjektiewe wyse na die kwalifiserende aspek verwys. Die verwysing geskied vanuit die oogpunt van die spreker en dit word beoordeel vanuit die oogpunt van die hoorder. Vergelyk die volgende voorbeeld:

108. Phiri o ne a nyetse mosadi yo montle.

Gesien vanuit die oogpunt van die spreker is die saak mosadi mooi. Die vraag is nou of die spreker se siening van 'n mooi vrou en die hoorder se siening van 'n mooi vrou dieselfde is. Die spreker is subjektief betrokke by die saak en hy kwalifiseer dit ten opsigte van 'n subjektiewe aspek. Indien die vrou egter 'n aspek openbaar wat 'n permanente objektiewe kenmerk is, kan sy ook daarvolgens omskrywe word. So 'n kenmerk is deel van die saak en die

spreker sowel as die hoorder stem saam daaroor. Vergelyk die volgende voorbeeld:

109. Phiri o ne a nyetse mosadi yo moswaana.

Hier word 'n objektiewe aspek van die saak mosadi aangewend om dit te kwalifiseer. Die spreker en die hoorder weet hoe 'n vrou dit is. Sy is wit. Die spreker kwalifiseer die referent aan die hand van 'n definitiewe permanente kenmerk waarvolgens die hoorder 'n spesifieke idee kan vorm van hoe dit lyk. Wanneer die fungering van 'n funksionele bepaler wat 'n kenmerk eie aan 'n saak as die kwalifiserende aspek aanwend, beskryf word, moet hierdie onderskeid deurgaans in gedagte gehou word.

'n Funksionele bepaler fungeer as 'n bepaler wanneer dit 'n kenmerk eie aan 'n saak kwalifiserend aanwend en die kenmerk is spesifieke ou of deiktiese informasie. Dit is veral die geval by 'n objektiewe kenmerk maar dit verg meestal 'n besondere konteks en diskoersverloop voordat 'n subjektiewe kenmerk bepaaldstellend aangewend kan word. Vergelyk die volgende voorbeelde:

110. (a) Monnamogolo o ne a re bontsha matsela a mabedi. Le lengwe e ne e le le lentsho, mme le lengwe e ne e le le lesweu. A tsaya letsela le lesweu a le bofela mo lengoleng la ga Piti.

(b) Nna le Piti re dumela gore go ne go na le mosadi yo montle le yo mokima. Mosadi yo montle o ne a nyetswe, mme yo mokima ena o ne a sa nyalwa.

(c) Piti : "O batla go reka kgomo efe?"
Mpho : "Dikgomo tse pedi tse di a nkgatlha."

E khunwana e itshupa fa e na le mašwi a mantsi. E tshwaana yona e nonne."

(d) Shole: "Basetsana ba babedi ba, ba a nkgatlha. Yole o montle, mme yo ena o apere mosese o montle."

Mpho : "Ke a dumela, mme yo montle o setse a nyetswe. O rwele mangena a a supang gore o nyetswe. A re leke go bua le yo o apereng mosese o montle."

In 110 (a) is die kwalifiserende aspek in letsela le lesweu spesifieke ou informasie vanuit die voorafgaande diskoers. Die bepaaldstellende aspek is 'n objektiewe kenmerk. In 110 (b) is dit ook spesifieke ou informasie wat bepaaldstellend aangewend word in Mosadi yo montle. Hier wend die spreker 'n subjektiewe kenmerk bepaaldstellend aan.

In 110 (c) en 110 (d) word 'n deiktiese waarneembare kenmerke bepaaldstellend aangewend. In die geval van 110 (c) word die saak kgomo bepaald gestel deur 'n objektiewe kenmerk van die besondere saak aan te wend om dit anafories aan te wys. By 110 (d) is daar twee soortgelyke referente teenwoordig. Die spreker en die hoorder kom ooreen dat elke referent 'n spesifieke kenmerk vertoon. Hierdie kenmerke word vervolgens bepaaldstellend aangewend. Die spreker wend 'n deiktiese kenmerk aan om die vrou wat getroud is aan te wys. Die kenmerk wat aangewend word is 'n subjektiewe kenmerk.

By die fungering van funksionele bepalers in 'n omskrywingsrelasie as bepalers is dit veral die aanwending van 'n objektiewe kenmerk as die bepaaldstellende aspek wat as sulks aangewend word. Wanneer 'n subjektiewe kenmerk bepaaldstellend aangewend word, word 'n nuanse van objektiwiteit in die voorafgaande diskoers bewerkstellig

deur die gemeenskaplike siening van die spreker en die hoorder weer te gee. Vergelyk 110 (b) en 110 (d) waar dit duidelik blyk dat die spreker en die hoorder saamstem oor die subjektiewe kenmerk wat aan die referent in die diskoers toegeken word. Wanneer 'n funksionele bepaler 'n kenmerk eie aan 'n saak kwalifiserend aanwend en hierdie kenmerk is nie-spesifieke nuwe, ou of dektiese informasie, fungeer dit as 'n omskrywer. Vergelyk die volgende voorbeelde:

111. (a) A re ye kwa thekisong ya dikgomo. Ke batla go ya go reka poo e ntsho fa re ka e bona.

(b) Ga ke ise ke bone mosetsana yo nka mo nyalang. Fa nka mmona, ke batla gore e nne mosetsana yo moleele. Ga ke batle go nyala mosetsana yo mokhutshwane.

(c) Morekisi: "Rra, re na le dibuka tse dintsi. Go na le tse dintsho le tse dithokwa. O batla e e ntseng jang?"

Shole : "Ke batla buka e ntsho. Dibuka tsa me tsotlhe ke tse dintsho. Tlisa e ntsho ke bone."

(d) Fa o batla go reka mmotorokara o tla fitlhela gore go na le mebotorokara ya mefutafuta. Go na le e metona le e menyennyane. Nna ke batla mmotorokara o motona.

(e) Tlhabane: "Lesaka le, le tletse dipoo. Go na le tse dintsho, tse ditshweu le tse dikhunu. O batla go reka efe?"

Phaladi : "Ke bona go na le tse dingwe tse ditilodi. Ke batla e tilodi. Tlhaola ele!"

(f) Piti : "Rra, fa o tlhopha banna ba ba yang go tlhabana, lebelela banna ba. Ke makolwane. Go na le ba baleele le ba bakhutshwane."

Kgosi: "Fa nna ke ya ntweng ke batla makolwane a makhutshwane. Nte ke a go supetse."

In 111 (a), 111 (c) en 111 (e) word nie-spesifieke nuwe, ou

en deïktiese informasie onderskeidelik aangewend as die kwalifiserende aspek. In 111 (a) fungeer e ntsho as die omskrywer, in 111 (c) is dit weer e ntsho en in 111 (e) is dit e tilodi. Bepaaldstelling word nie bewerkstellig deur die aanwending van hierdie funksionele bepalers nie en daarom fungeer hulle as omskrywers. Die kenmerk wat telkens aangewend word, is 'n objektiewe kenmerk.

In die geval van 111 (b), 111 (d) en 111 (f) word daar telkens van 'n subjektiewe kenmerk gebruik gemaak om 'n referent te omskryf. Dit is onderskeidelik nie-spesifieke nuwe, ou en deïkties informasie. Die omskrywing word uitgedruk deur yo moleele in 111 (b), deur o motona in 111 (d) en deur a makhutshwane in 111 (f).

(b) "Wat die saak is" as die kwalifiserende aspek

By 'n omskrywingsrelasie waar "dit wat die saak is", aangewend word as die kwalifiserende aspek, word die saak gekwalifiseer in terme van tipe, status of professie, bv.

112. Monna yo e leng moruti o ne a le fa maabane.

In 112 word die referent monna gekwalifiseer in terme van die beroep wat hy beoefen, dit is moruti.

Indien die informasie wat as kwalifiserende aspek aangewend word ou informasie is, kan daar anafories na die kwalifiserende aspek verwys word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

113. Seba... ke selo se se kotsi. Se ,a nama. Le motho se

ka mo ja fa se ka kgona go mmolaya. Fa o ka rakana le phologolo e e leng sona bogolo o tshabe.

In 113 word die tipe dier, naamlik sebata, kwalifiserend aangewend. Daar word egter anafories daarna verwys in die verwysende uitdrukking phologolo e e leng sona.

Soos al die voorafgaande tipes funksionele bepalers fungeer 'n funksionele bepaler wat in 'n omskrywingsrelasie is en wat dit wat die saak is aanwend as kwalifiserende aspek, ook as 'n bepaler of as 'n omskrywer.

Waar die informasie spesifieke ou of deiktiese informasie is, fungeer hierdie tipe funksionele bepalers as bepalers. Vergelyk die volgende voorbeelde:

114. (a) Mo motseng wa Sikwane go ne go na le ngaka e le nngwe fela. Monna yo e neng e le ngaka o ne a ratwa ke batho.

(b) Shole: "Mo dikgomong tse go na le leradu. Ke kgomo ele e e thele e kima."

Mpho : "Ke a e bona. Hei basimane! Tlhaolang kgomo e e leng leradu. E tla re dia fa re isa dikgomo kwa morakeng."

In 114 (a) word spesifieke ou informasie aangewend om die referent monna bepaald te stel. Hy word bepaald gestel deur die beroep wat hy beoefen het aan te wend in die verwysende uitdrukking monna yo e neng e le ngaka.

In 114 (b) neem die spreker Mpho waar dat 'n sekere bees 'n melkkoei is. Hy wend hierdie status van die koei aan om dit aan te wys vir die seuns met die verwysende uitdrukking kgomo e e leng leradu.

Wanneer nie-spesifieke nuwe of ou of dektiese informasie kwalifiserend aangewend word, fungeer hierdie tipe funksionele bepalers as omskrywers. Vergelyk die volgende voorbeelde:

115. (a) Ke sala ke le bolelela gore motho yo o tla nnang kgosi o tshwanetse a bo a tsaletswe bogosi. E ka se nne motho mongwe le mongwe fela.

(b) Re batla motho yo o ka rutang bana ba rona. Kana motho yo e leng moruti o tshwanetse go nna motho wa maemo a a kwa godimo.

(c) Piti: "E rile ke batla kgomo e nka e gamang mo dikgomong tse, ka fitlhela e se yo."

Mpho: "Ao Piti, fa o batla kgomo e o ka e gamang lebelela ele."

Piti: "Ahee! Ke yona e ke e batlang. Ke kgomo e e leng leradu. Ke tla e isa gae."

In 115 (a) word nie-spesifieke nuwe informasie, naamlik kgosi, binne die diskoers kwalifiserend aangewend teenoor die saak motho. Hierdie informasie aangaande die status van die saak is nie-spesifiek binne hierdie diskoers en dus omskrywend.

In 115 (b) word ou informasie kwalifiserend aangewend. Die spreker soek na 'n persoon om hulle kinders te onderrig. So 'n persoon is 'n onderwyser. Die spreker wend die beroep van so 'n persoon aan om die persoon waarna hulle soek te omskryf in die verwysende uitdrukking motho yo e leng moruti.

In 115 (c) is die melkkoei dekties teenwoordig. Sy is reeds bepaald gestel. Die spreker sien haar en beskryf haar met haar eienskap as melkkoei in die verwysende uitdrukking

kgomo e e leng leradu.

(c) Die lokaliteit van die saak as die kwalifiserende aspek

In 'n omskrywingsrelasie kan die lokaliteit van die saak aangewend word as die kwalifiserende aspek. Vergelyk die volgende voorbeeld:

116. Monna yo o leng mo ntlong o tla re thusa.

In 116 word die feit dat die saak monna binne in 'n huis is, kwalifiserend aangewend. Wanneer die lokaliteit ou informasie is kan daar anafories daarna verwys word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

117. Ntlo ke moago o batho ba nnang mo go ona. Motho yo o leng mo go yona ga a gatsele, e bile ga a nelwe ke pula.

In 117 is die lokaliteit 'n huis. Daar word anafories daarna verwys in die verwysende uitdrukking motho yo o leng mo go yona waar dit kwalifiserende aangewend word.

As die lokaliteit van 'n saak bepaaldstellend aangewend word, moet die lokaliteit spesifieke ou of deïkties informasie wees. Vergelyk die volgende voorbeelde:

118. (a) Fa ke fitlha kwa morakeng ke fitlhetse mosimane yo mongwe a bala dikgomo kwa lesakeng. Yo mongwe o ne a ile kwa nageng go ya go tsoma se se ka jewang. Mosimane yo o neng a le kwa lesakeng o ne a tla kwa go nna go ntumedisa.

(b) Mpho : "Fa ke lebeletse dikgomo tse ke bona tle dingwe di le mo tshimong, mme tse dingwe di le mo lesakeng. Go rekisiwa dife?"

Phaladi: "Rra, ntate a re ke go bolelele gore o rekisa tse di mo lesakeng."

In 118 (a) word spesifieke ou informasie wat 'n lokaliteit aandui, naamlik kwa lesakeng bepaaldstellend aangewend om die seun aan te dui wat die spreker kom groet het.

In 118 (b) is daar twee soortgelyke sake dekties aanwesig op twee verskillende plekke. Die spreker Phaladi wend die lokaliteit waar die trop beeste hulle bevind aan om die trop aan te wys wat verkoop word in die verwysende uitdrukking tse di mo lesakeng.

Sodra die lokaliteit, wat as die kwalifiserende aspek aangewend word, nie-spesifieke nuwe of ou of dektiese informasie is, fungeer die funksionele bepaler as 'n omskrywer. Vergelyk die volgende voorbeelde:

119. (a) E a re o fitlhela motho yo o leng mo metsing, o tshabe. Batho ba, ba ka ja selo sengwe le sengwe, le fa e le ngwana.

(b) Ntlo ke moago o o agwang ke batho. Ba nna mo teng. Motho yo o leng mo ntlong o na le tshireletso.

(c) Lebelela lefatshe leno. Ke lefatshe la Botswana. Motho yo o nnang mono ke Motswana.

In 119 (a) word nie-spesifieke nuwe informasie wat op 'n lokaliteit dui kwalifiserend aangewend. Dit fungeer as 'n omskrywer.

In 119 (b) word ou informasie kwalifiserend aangewend. Dit is nie-spesifieke informasie en fungeer ook as 'n omskrywing.

In 119 (c) bevind die spreker hom fisies binne Botswana. Hy wend hierdie aspek aan om 'n saak te omskryf wat 'n Motswana is. 'n Deiktiese lokaliteit word aangewend om 'n saak motho te omskryf met die funksionele bepaler yo o nnang mono.

Funksionele bepalers in 'n omskrywingsrelasie tot 'n saak fungeer ook soos die in 'n possessiewe relasie as bepalers of as omskrywers. As die kwalifiserende aspek spesifieke informasie is, fungeer hulle as bepalers en wanneer die kwalifiserende aspek nie-spesifieke informasie is, fungeer hierdie tipe funksionele bepalers as omskrywers. Die fungeringsmoontlikhede van elke aspek binne 'n omskrywingsrelasie word deur die diskoers bepaal. Bepaaldstelling word geaktiveer binne die onmiddellike konteks terwyl omskrywing bewerkstellig word ten opsigte van die universele werklikheid.

4.4.3 Die funksionele bepalers in 'n handelingsrelasie

'n Funksionele bepaler wat in 'n handelingsrelasie tot 'n saak staan, wend die handeling wat die saak uitvoer of die handeling wat die saak ondergaan as die kwalifiserende aspek aan. Alle faktore wat die uitdrukking van 'n handeling in Tswana veronderstel word betrek. Faktore soos positief en negatief, tyd, aspek, wyse, lokaliteit, wederkerigheid en oorganklikheid word betrek. Selfs die saak wat die handeling ondergaan of die saak wat die handeling uitvoer, kan kwalifiserend aangewend word waar die handeling dieselfde is. Vergelyk die volgende voorbeelde:

120. (a) Kgomo e e thulang ntšwa.
 (b) Kgomo e e thulang modisa.
 (c) Dinku tse monna o di rekisang.
 (d) Dinku tse mosadi o di rekisang.

In 120 (a) en 120 (b) is die handeling wat as kwalifiserende aspek aangewend word dieselfde, naamlik e e thulang. Die saak wat die handeling ondergaan veroorsaak dat verskillende referente gekwalifiseer word. By 120 (a) is dit 'n bees wat 'n hond stoot en by 120 (b) is dit 'n bees wat 'n veewagter stoot. By 120 (c) en 120 (d) word die saak wat die handeling uitvoer onderskeidend aangewend. By 120 (c) is dit die skape wat deur die man verkoop word en by 120 (d) is dit die skape wat deur die vrou verkoop word. Omdat 'n saak kwalifiserend aangewend word met betrekking tot die handeling wat dit uitvoer of ondergaan soos in 120, kan dit op sigselfstaande weer gekwalifiseer word. (Vergelyk bl. 211 van hierdie studie). Hierdie kwalifikasie kan dan as die onderskeidende komponent aangewend word, bv.

121. (a) Dikgomo tse monna yo mokima o di rekisang.
 (b) Dikgomo tse monna, yo e leng malome, o di rekisang.
 (c) Dikgomo tse monna, yo ntšwa ya gagwe e lomileng ngwana wa gago, o di rekisang.

In 121 (a), 121 (b) en 121 (c) word die saak Dikgomo gekwalifiseer ten opsigte van die handeling wat dit ondergaan. Dit word verkoop. Die saak wat die handeling uitvoer, monna word elke keer anders gekwalifiseer en dit bring mee dat die saak

Dikgomo verskillende referente is. Daar sal in hoofstuk 5 verder aandag aan hierdie metode van die opbou van 'n kwalifikatiewe reeks gegee word. (Vergelyk bl.211 van hierdie studie). Hier sal vir eers net aandag gegee word aan die fungering van die funksionele bepalers wat op 'n handelingsrelasie gebaseer is.

(a) Waar die handeling wat 'n saak uitvoer as die kwalifiserende aspek aangewend word

Wanneer 'n saak 'n handeling uitvoer kan dit daarvolgens gekwalifiseer word. As die handeling wat uitgevoer word spesifieke ou of deiktiese informasie binne die onmiddellike konteks is, fungeer die funksionele bepaler bepaaldstellend. Vergelyk die volgende voorbeelde:

122. (a) Ka nako e re neng re goroga fa ntlong ya ga Malome re ne ra fitlhela banna ba babedi. Yo mongwe o ne a rema dikgong, mme yo mongwe o ne a robetse. Monna yo o neng a robetse o ne a tsoga a tla go re dumedisa.

(b) Lesego: "Lebelela banna bale, yo mongwe o a bua, mme yo mongwe o setse a robetse."
Neo . "Ke a bona. Monna yo o emeng ke legodu le re le batlang."

In 122 (a) is daar informasie met betrekking tot die handeling wat twee referente onderskeidelik uitvoer. Wanneer die spreker een van hierdie referente wil bepaald stel wend hy die spesifieke handeling wat hy uitgevoer het, naamlik die feit dat hy geslaap het bepaaldstellend aan in die verwysende uitdrukking Monna yo o neng a robetse.

In 122 (b) is daar ook twee soortgelyke sake. Hulle is deikties teenwoordig. Die een man praat en die ander man slaap. Terwyl die hoorder en die spreker na hulle kyk staan

die man wat praat. As die spreker Neo die man wat praat wil aanwys praat hy nie meer nie. Hy staan egter nog en die spreker wend hierdie handeling aan om hom dekties aan te wys binne die onmiddellike konteks. As die handeling wat 'n saak uitvoer as kwalifiserende aspek aangewend word en dit is nie-spesifieke nuwe, ou of dektiese informasie fungeer die funksionele bepaler as 'n omskrywer. Vergelyk die volgende voorbeelde:

123. (a) Fa o batla monna yo o ka tshwarang mogoma fa re lema, o batle monna yo o kgonang go siana.

(b) Ka moso re ya kwa sekgweng go ya go rema dikota tse ke batlang go aga mogotlha ka tsona. Ke batla basimane ba ba setseng ba kile ba rema. Yo o iseng a reme o a sala.

(c) Ngkhono: "Lebelela banna bale. Botlhe ba a ja. Re tia ba tllhasela leng?"

Matshidiso: "Ba tlogele. Monna yo a jeleng ga a kgone go lwa. Ba tlogele ba je."

In 123 (a) word nie-spesifieke nuwe informasie omskrywend aangewend om die man te omskryf waarna die hoorder moet soek. Dit moet 'n man wees wat kan hardloop. Hier word die moontlikheid dat 'n referent 'n bepaalde handeling sal kan uitvoer, omskrywend aangewend.

In 123 (b) word ou informasie vanuit die diskoers, dit is die kap van die pale, aangewend om die saak te omskryf wat die spreker die volgende dag mag vergesel. Slegs seuns wat voorheen al gekap het mag saamgaan.

By 123 (c) speel die handeling wat omskrywend aangewend word in die verwysende uitdrukking monna yo o jeleng dit fisies

af voor die gespreksgenote. Die spreker Ngkhono wys die volgende spreker Matshidiso daarop dat al die mans eet. Matshidiso sien dit en hy omskryf die saak monna met hierdie aspek.

(b) Waar die handeling wat 'n saak ondergaan as die kwalifiserende aspek aangewend word

By 'n funksionele bepaler wat in 'n handelingsrelasie tot 'n saak staan kan die handeling wat die saak ondergaan as die kwalifiserende aspek aangewend word. Indien hierdie handeling spesifieke ou of deïktiese informasie is, fungeer die funksionele bepaler as 'n bepaler. Vergelyk die volgende voorbeelde:

124. (a) Wa re ba remile setlhare se le sengwe fela.
Ditlhare tse dingwe ga ba a di rema? A re ye o
ntshupetse setlhare se se remilweng.

(b) Shole: "Dipoo ke tseo. O batla efe?"
Mpho : "Ke tla tsaya poo e e tshwailweng."

In 124 (a) is dit duidelik by die aanvang van die diskoers dat slegs een boom gekap is. Hierdie spesifieke ou informasie word aangewend om aan die hoorder te sê watter boom hy vir die spreker moet gaan wys. Hier het 'n spesifieke saak 'n handeling ondergaan en die spreker wend hierdie aspek bepaaldstellend aan.

In 124 (b) is daar meer as een soortgelyke saak, dit is dipoo, deïkties teenwoordig. Een van hierdie bulle is gemerk. Hy het hierdie handeling ondergaan en die spreker en hoorder neem die resultaat van die handeling waar. Die

spreker wend hierdie spesifiserende deiktiese informasie bepaaldstellend aan.

'n Funksionele bepaler wat die handeling wat 'n saak ondergaan as 'n kwalifiserende aspek aanwend kan ook as 'n omskrywer fungeer. Dit is die geval wanneer die kwalifiserende aspek nie-spesifieke nuwe, ou of deiktiese informasie is. Vergelyk die volgende voorbeelde:

125 (a) E a re o tsamaya mo nageng o fitlhela morula o o remilweng o ye go bolelela dingaka.

(b) Batswana ba rata go besa nama mo magaleng. Ba re nama e e besitsweng e monate thata.

(c) Mpho : "Bona, mosimane yole o apaya sengwe mo pitseng. Ke maswi."

Tlhabane: "Ee, ke maswi. Ga o itse gore basimane ba rata maswi a a apeilweng?"

By 125 (a) word nie-spesifieke nuwe informasie o o remilweng aangewend om die saak morula te omskryf. Daar is nie sprake van 'n gekap in die voorafgaande konteks nie en dit kan enige maroelaboom wees.

In 125 (b) is daar sprake van die omskrywende handeling in die voorafgaande diskoers. Die handeling wat die vleis ondergaan, word omskrywend aangewend ten opsigte van vleis wat baie lekker is.

In 125 (c) word die handeling wat die seun uitvoer aangewend om omskrywend te wees ten opsigte van die saak maswi. Die melk ondergaan die handeling en die spreker en die hoorder sien dit. Hierdie deiktiese informasie word aangewend om die melk, waarvan seuns hou, te omskryf.

Die funksionele bepalers wat in 'n handelingsrelasie teenoor 'n saak staan wanneer dit die saak kwalifiseer, kan as bepalers en as omskrywers fungeer. Die bepalende faktor is die spesifiekheid van die informasie binne die onmiddellike konteks. Sodra 'n handeling 'n saak spesifiek uitwys binne die konteks, fungeer die funksionele bepaler as 'n bepaler. Tree daar egter 'n nuanse van algemene beskrywing in, fungeer die funksionele bepaler as 'n omskrywer. Die verskillende faktore wat die handeling beïnvloed soos positief en negatief, tyd, aspek en verskillende ander faktore speel nie 'n rol by die bepaling van watter funksie 'n funksionele bepaler in 'n handelingsrelasie sal vervul nie. 'n Ondersoek na die verskillende moontlikhede wat hierdie faktore bied sal 'n baie uitgebreide studie verg. Dit val buite die veld van hierdie studie en sal nie aandag geniet nie.

4.4.4 Die funksionele bepalers in 'n seleksierelasie

Die funksionele bepalers in 'n seleksierelasie wend 'n definitiewe of nie-definitiewe seleksie as die kwalifiserende aspek aan. Die kwalifiserende aspek is definitief waar die kwalifikasie die saak kwalifiseer met 'n definitiewe sekerheid. Vergelyk die volgende voorbeelde:

126. (a) Go ne go na le ditholo tse pedi fa.
- (b) Ke tla reka dipoo tsoopedi.
- (c) Ditlhare tsotlhe di a remiwa.
- (d) Ga ke bone motho ope mo tseleng.

Wanneer die kwalifiserende aspek nie-definitief is, word die saak gekwalifiseer deur 'n aspek aan te wend wat op onsekerheid gegrond is. Vergelyk die volgende voorbeelde:

127. (a) Ke motho ofe?
- (b) Motho mongwe o ne a le fa.
- (c) Fa o batla go tsamaya o ka ya golo gongwe le gongwe.
- (d) O ne a batla setlhako se sele.
- (e) Go ne go na le dikgomo tse dintsi kwa thekisong ya diruiwa.
- (f) E ne ya re ke fitlha kwa kopanong ka fitlhela go na le batho ba ba mmalwa.
- (g) Tlogela selepe se, o ye go batla selepe se sengwe.

Die fungering van die funksionele bepalers in 'n seleksierelasie is meer ingewikkeld as by die ander verwysingsrelasies. Dit is nie net die konteks wat bepaal watter funksie die funksionele bepaler vervul nie, die eie betekenis speel ook 'n rol. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die fungering van die funksionele bepalers in 'n seleksierelasie.

- (a) Waar 'n definitiewe seleksie van die saak as die kwalifiserende aspek aangewend word

'n Definitiewe seleksie word as 'n kwalifiserende aspek aangewend wanneer die spreker seker is van die seleksie. Hierdie sekerheid word uitgedruk deur middel van 'n definitiewe getal, die geheel (alles, ainal) en niks (nie 'n enkele een nie).

Alhoewel die seleksie definitief is, aktiveer hierdie tipe funksionele bepalers gewoonlik nie-spesifieke verwysing.

Dit is slegs funksionele bepalers in 'n seleksierelasie wat 'n definitiewe getal aanwend as die kwalifiserende aspek wat aan as bepalers kan fungeer. Die informasie moet spesifieke ou of dektiese informasie wees. Vergelyk die volgende voorbeelde:

128. (a) Kedibone: "Mmapula, fa ke na le dikgomo, dinku le le dipodi, mme ka tlhaola dikgomo di le pedi, ka tlhaola kgomo le nku, ka tlhaola kgomo le podi, ka tlhaola dunku di le pedi, ka tlhaola nku le podi ke be ke tlhaola di le pedi, wena o ka itseela setlhopha sefe?"

Mmapula: "Nka itseela dikgomo tse pedi".

(b) Shole: "Rra, dikgomo ke tseo. Ke di arogantse ka ditlhopha. Mo lesakeng le ke tlhatlhe-tse tse pedi, moo go na le tse tharo, mme mole go na le tse tlhano. O batla gore re tlise dife pele?"

Morekisi: "Tlisa dikgomo tse tlhano pele."

In 128 (a) word die hoorder Mmapula aan verskillende soortgelyke groepe voorgestel. Elke groep is anders saamgestel. Een groep is twee beeste. Wanneer Mmapula as die spreker optree, wend sy die spesifieke ou informasie uit die diskoers aan om die groep bepaald te stel wat sy sal kies. Die definitiewe seleksie tse pedi, wat die saak dikgomo kwalifiseer, word bepaaldstellend aangewend.

In 128 (b) is daar verskillende groepe beeste dekties teenwoordig. Die spreker Morekisi sien die definitiewe seleksie. Daar is vyf beeste in een groep en hy stel hierdie saak bepaald deur tse tlhano bepaaldstellend aan te wend.

Alle funksionele bepalers in 'n seleksierelasie wat 'n

definitiewe seleksie kwalifiserend aanwend kan as omskrywers fungeer. Die informasie wat aangewend word is nie-spesifieke nuwe, ou of dekties informasie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

129. (a) E rile re fitlha kwa sekolong ka fitlhela bana ba babedi ba le mo sekolong.
- (b) Go ne go na le dikgomo, dunku le dipitse fa sedibeng. Ga ke a bona dipodi dipe.
- (c) Piti : "Bona dikgomo ke tseo. Re tla tllhaba efe?"
Rrapula: "Dikgomo tse di nonne. Tllhaola dipholo tsotlhe, re batle e re ka e tllhabang."

In 129 (a) word nie-spesifieke nuwe informasie aangewend om die saak bana te omskryf. Die saak word omskryf ten opsigte van die definitiewe seleksie wat op 'n definitiewe aantal van die saak dui, naamlik ba babedi.

In 129 (b) is daar sprake van beeste, skape en perde in die aanvanklike diskoers. Niks word van bokke gesê nie. Hierdie definitiewe seleksie wat op "niks" dui word as die informasie aangewend wanneer die saak dipodi omskryf word. Daar is nie een bok by die suipplek nie en hierdie informasie word omskrywend aangewend deur die funksionele bepaler dipe.

In 129 (c) is die saak dikgomo dekties teenwoordig. Daar is ook osse. Die spreker wil hê dat al die osse afgekeer moet word en hy wend die definitiewe seleksie wat op die saak as geheel dui, omskrywend aan deur die funksionele bepaler tsotlhe te gebruik.

(b) Waar 'n nie-definitiewe seleksie van die saak as die kwalifiserende aspek aangewend word

'n Nie-definitiewe seleksie ten opsigte van 'n saak word kwalifiserend aangewend wanneer die spreker nie nodig het om 'n spesifieke beskrywing van die saak aan die hoorder te gee nie. Nie-spesifieke seleksie word uitgedruk in terme van 'n sekere, enigeen, baie, ander, wie, wat, 'n paar en 'n ander een.

Die seleksie is nie-definitief en dit dra daartoe by dat hierdie tipe funksionele bepalers slegs as omskrywers kan fungeer. Die informasie wat aangewend word is nie-spesifieke nuwe, ou of deeltiese informasie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

130. (a) Motho mongwe o ne a le fa. O a go batla.

(b) Fa re ya serapeng sa diphologo re batla go bona tau. Ka gore motlhala o ne o bontsha gore di teng re ne ra se ka ra fela pelo. Di ne di tletse naga. Ka letsatsi lengwe ra fitlhela ditau tse dintsi di dikile nare.

(c) Piti: "Bona, ga go na bagolo. Ke bana fela."
Mpho: "Ga ke dumele gore go ka tla bana ba ba mmalwa fela. Bagolo ba kae?"

In 130 (a) wend die spreker 'n nie-definitiewe seleksie aan om 'n saak motho te omskryf ten opsigte van die onsekerheid wat hy oor die saak het. Die spreker stel dit aan die hoorder dat 'n sekere persoon na hom gesoek het. Hy kan nie die persoon bepaald stel nie en hy kan hom ook nie spesifiek beskryf nie. In die konteks hoef hy nie. Die belangrikste informasie is dat die hoorder moet weet dat iemand na hom

kom soek het.

In 130 (b) is dit duidelik uit die konteks dat daar baie lees is. Hierdie ou informasie word aangewend om die lees te omskryf wat die buffel aangeval het. 'n Nie-definitiewe seleksie wat gegrond is op "veelheid" word omskrywend aangewend.

By 130 (c) sien die spreker Mpho dat daar net 'n paar kinders teenwoordig is. Hy wend hierdie deiktiese informasie aan om die saak bana te omskryf met die nie-definitiewe seleksie funksionele bepaler ba ba mmalwa.

Hierdie bespreking van die fungering van die funksionele bepalers in 'n seleksierelasie is geensins 'n volledige bespreking nie. Verskeie tipes diskoerse kan moontlik aangebied word wat die fungering van hierdie tipe funksionele bepalers buite hierdie beskrywing kan plaas. 'n Volledige ondersoek sal baie ruimte verg en vir die doel van hierdie studie is die bostaande beskrywing voldoende. Dit pas in binne die werkswyse wat gevolg is en val binne die raamwerk wat ontwikkel het met die beskrywing van die ander tipes funksionele bepalers.

Let daarop dat die sogenaamde "eksklusiewe kwantitatief" met die basis -si nie hier as 'n kwalifikatief gereken word nie. Die rede hiervoor is hoofsaaklik omdat dit nie op sigself verwysing aktiveer nie. Vergelyk die volgende voorbeeld:

131. (a) Ba nwa bojalwa josi

(b) Ba nwa josi*

Hierdie uitdrukking voldoen duidelik nie aan die voorwaarde dat 'n kwalifikatiewe 'n verwysende uitdrukking moet wees nie. Volgens verskeie informante wat geraadpleeg is word hierdie uitdrukking algemeen in Tswana in 'n predikatiewe verwysing aangewend as, bv.

132. O ne a ja a le nosi.

In hierdie geval aktiveer dit ook nie verwysing nie en is daarom ook nie 'n kwalifikatiewe nie. (Vergelyk bl.74 van hierdie studie). Daar sal nie in hierdie studie verder aandag aan hierdie saak gegee word nie.

4.5 GEVOLGTREKKING

Die funksionele bepalers kan volgens verskillende verwysingsrelasies in Tswana getipeer word. Binne elke verwysingsrelasie is daar 'n verskeidenheid van aspekte wat kwalifiserend aangewend word. Vergelyk die skematiese voorstelling op bl.146 wat 'n samevatting is van die verskillende tipes funksionele bepalers wat in Tswana onderskei word.

Die funksionele bepalers fungeer as bepalers of as omskrywers in Tswana. Wanneer 'n funksionele bepaler spesifieke ou of deiktiese informasie as die kwalifiserende aspek aanwend, fungeer dit altyd as 'n bepaler. Die bepaaldstelling geskied altyd ten opsigte van die onmiddellike konteks. Wanneer 'n funksionele bepaler nie-spesifieke nuwe, ou of deiktiese informasie

kwalfiserend aanwend, fungeer dit altyd as 'n omskrywer. Die kwalifikasie geskied altyd ten opsigte van die universele werklikheid.

Soos reeds in hierdie hoofstuk aangetoon, kan meer as een kwalifikatief gelyktydig aangewend word om 'n saak te kwalifiseer. (Vergelyk bl.182 van hierdie studie). Daar sal in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan hierdie verskynsel.

VERWYSING

- 1) Met seleksie word hier bedoel dat 'n deel of geheel of selfs niks van 'n saak geselekteer en aangedui word. Hierdie "seleksie" word aangewend as die kwalifiserende aspek.
-

HOOFSTUK 5

DIE KWALIFIKATIEWE REEKS IN TSWANA

5.1 INLEIDING

In die voorafgaande twee hoofstukke is aandag gegee aan die individuele fungering van die verskillende kwalifikatiewe wat vir hierdie studie onderskei word. In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die kombinerings van twee of meer kwalifikatiewe om 'n saak te kwalifiseer. So 'n kombinasie word 'n kwalifikatiewe reeks genoem.

Omdat hierdie studie 'n funksionele studie is sal daar hoofsaaklik gekonsentreer word op die funksionele aspekte van die kwalifikatiewe reeks. Daar sal veral aandag gegee word aan die opbou en fungering van die kwalifikatiewe reeks.

5.2 DIE OPBOU VAN DIE KWALIFIKATIEWE REEKS

Die verskynsel dat meer as een kwalifikatiewe aangewend kan word om 'n saak te kwalifiseer vloei voort uit die behoefte van die spreker om meer spesifieke verwysing te aktiveer. Wilkins & Kimenyi (1975:15) stel dit soos volg:

If the definite description has not been achieved, the speaker must repeat the application of the description mechanism to further restrict the range of possible referents.

Met elke kwalifiserende aspek wat aangewend word beperk die spreker die verwysing van die verwysende uitdrukking al meer en meer. Vergelyk die volgende voorbeeld:

133. Piti : "Rra, dipodi di gorogile. Re tlhaola dife?"
Shole: "Ke batla gore le tlhaole dipodi tsa me tse ditona tse di nonneng. Di a rekisiwa."

In die verwysende uitdrukking dipodi tsa me tse ditona tse di nonneng word drie kwalifikatiewe aangewend, naamlik tsa me, tse ditona en tse di nonneng. Elkeen van hierdie kwalifikatiewe verminder die verwysingsmoontlikheid van die verwysende uitdrukking dipodi wat, alleen gebruik, verwys na al die bokke binne die onmiddellike konteks. Met die aanwending van die eerste kwalifikatief tsa me word alle bokke binne die konteks wat nie aan die spreker behoort nie uitgeskakel. Met die volgende kwalifikatief tse ditona word alle bokke binne die konteks wat aan die spreker behoort maar nie voldoen aan sy opvatting van "groot" nie, uitgeskakel. Met die aanwending van die finale kwalifikatief tse di nonneng word al die bokke binne die konteks wat aan die spreker behoort, wat "groot" is maar nie vet is nie, uitgeskakel. Die hoorder identifiseer die saak as die bokke binne die konteks wat aan die spreker behoort, groot is en vet is. Sodra die spreker tevrede is dat die hoorder weet na watter saak hy verwys, sal hy nie 'n verdere kwalifikasie aanwend nie.

Alhoewel die saak wat gekwalifiseer word meestal gevolg word deur die kwalifikatiewe reeks soos in 133, hoef dit nie altyd die geval te wees nie. Dit is veral met die spesifiserende

aanwending van die absolute bepalers as deel van die kwalifikatiewe reeks waar die saak binne die kwalifikatiewe reeks verskyn. (Vergelyk bl.130 van hierdie studie). In so 'n reeks verskyn die saak na die aanvangskwalifikatief van die kwalifikatiewe reeks. Vergelyk die volgende voorbeeld:

134. Monna yole o ne a rema sona setlhare sele se se weleng.

Hier verskyn die saak setlhare binne die kwalifikatiewe reeks sona sele se se weleng. Die ander tipes kwalifikatiewe kan ook voor die saak verskyn. Dit gebeur baie min en is gewoonlik geforseerd. Die doel hiermee is om 'n mate van emfase te bewerkstellig ten opsigte van die kwalifiserende aspek wat aangewend word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

135. Tsotlhe tse dintsho dipodi, di rekisitswe.

Hier word die feit dat al die swartes, ten opsigte van die saak dipodi, verkoop is, beklemtoon. Daar sal nie verder aandag gegee word aan hierdie posisionele wisseling van die kwalifikatiewe binne die kwalifikatiewe reeks nie.

By die bespreking van die opbou van die kwalifikatiewe reeks moet daar onderskei word tussen die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks en die kategoriale opbou daarvan. Die funksionele opbou van 'n kwalifikatiewe reeks is gegrond op verskillende fungeringsvlakke wat onderskei word. Die direkte en indirekte wyse waarvolgens die kwalifikatiewe in 'n

kwalifikatiewe reeks ten opsigte van die saak fungeer, bepaal die verskillende fungeringsvlakke. (Vergelyk bl.199 van hierdie studie). Die kategoriale opbou van 'n kwalifikatiewe reeks is gegrond op die verskillende tipes kwalifikatiewe waaruit dit opgebou is. Die fungering van elke tipe kwalifikatief is by die kategoriale opbou van 'n kwalifikatiewe reeks van belang.

Omdat hierdie studie gerig is op die funksionele aspek van die kwalifikatiewe sal daar hoofsaaklik aandag gegee word aan die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks. Die raamwerk wat onderskei word by die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks kan as teoretiese grondslag dien by enige verdere ondersoek na die opbou en fungering van die kwalifikatiewe reeks.

5.2.1 Die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks

Soos reeds gesê, is die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks gegrond op verskillende fungeringsvlakke wat onderskei word by die funksionele opbou daarvan. Hierdie fungeringsvlakke word onderskei ten opsigte van die direkte of indirekte kwalifikasie van 'n saak deur die kwalifikatiewe binne 'n kwalifikatiewe reeks. Dit berus op die feit dat een kwalifikatief kwalifiserend kan fungeer teenoor 'n saak wat in 'n ander kwalifikatief genoem word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

136. Ke batla gore le tIhaole namane ya leradu lele.

In die verwysende uitdrukking namane ya leradu lele is die kwalifikatiewe reeks, ya leradu lele. Dit bestaan uit twee kwalifikatiewe, naamlik ya leradu en lele. Die kwalifikatief ya leradu kwalifiseer die saak namane direk. Albei die uitdrukkings verwys na dieselfde saak. Die tweede kwalifikatief in die reeks, naamlik lele, kwalifiseer die saak namane indirek terwyl dit die saak leradu direk kwalifiseer. Die kwalifikatief lele kwalifiseer dus die saak leradu wat as die kwalifiserende aspek in die kwalifikatief ya leradu aangewend word. Funksioneel fungeer hierdie twee kwalifikatiewe op twee verskillende fungeringsvlakke ten opsigte van die saak namane.

Die aanwending van 'n kwalifikatiewe reeks wat uit meer as een fungeringsvlak opgebou is word deur die informasie uit die konteks bepaal. Slegs 'n kwalifikatief wat 'n saak verwoord in die verwysingsrelasie waarin dit tot 'n ander saak staan kan deur 'n ander kwalifikatief gekwalifiseer word. In 136 verwoord die kwalifikatief ya leradu die saak leradu (besitter) as die kwalifiserende aspek binne die possessiewe verwysingsrelasie. Hierdie saak word weer op sigself verder gekwalifiseer deur die kwalifikatief lele. Voordat 'n kwalifikatiewe reeks opgebou kan word uit verskillende fungeringsvlakke is dit noodsaaklik dat daar van een fungeringsvlak na 'n ander beweeg moet kan word. Dit is slegs moontlik as die "hoër" kwalifikatief informasie verwoord of bevat wat op sigself weer gekwalifiseer kan word. Dit geskied slegs onder bepaalde omstandighede. Daar sal later in hierdie afdeling weer aandag hieraan gegee word. (Vergelyk bl. 210 van hierdie studie).

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die hoogste fungeringsvlak wat onderskei word, die fungeringsvlak is waarop 'n kwalifikatiewe aangewend word wat die saak direk kwalifiseer. Hierdie fungeringsvlak is die eerste fungeringsvlak. Die saak wat op hierdie fungeringsvlak gekwalifiseer word is die primêre saak. Vergelyk die volgende voorbeeld:

137. Ke tla reka dinku tse pedi tsa gago tse dintsho tse di fulang tseo.

In 137 is die primêre saak wat gekwalifiseer word dinku. Die kwalifikatiewe reeks bestaan uit die kwalifikatiewe tse pedi, tsa gago, tse dintsho, tse di fulang en tseo. Al hierdie kwalifikatiewe kwalifiseer die primêre saak dinku direk. Almal fungeer dus op dieselfde fungeringsvlak, naamlik die eerste fungeringsvlak. Funksioneel word enige kwalifikatiewe wat op die eerste fungeringsvlak aangewend word 'n eerste vlak kwalifikatiewe genoem. 'n Kwalifikatiewe reeks wat net uit eerste vlak kwalifikatiewe opgebou is, word 'n eerste vlak kwalifikatiewe reeks genoem. Dit is die mees basiese kwalifikatiewe reeks wat funksioneel onderskei word.

'n Kwalifikatiewe reeks hoef nie noodwendig altyd na die primêre saak te verskyn nie. Die primêre saak kan ook binne 'n eerste vlak kwalifikatiewe reeks verskyn. Vergelyk die volgende voorbeeld.

138. Ena monna yoo yo o robetseng yo o gotlholang o a lwala.


Hier word die saak monna aangewend as die primêre saak. Die eerste vlak kwalifikatiewe reeks is ena.....yoo yo o robetseng yo o gotlholang. Die primêre saak monna verskyn hier binne die kwalifikatiewe reeks en wel na die aanvangskwalifikatief ena. Teoreties kan die primêre saak tussen enige twee kwalifikatiewe binne 'n eerste vlak kwalifikatiewe reeks verskyn. Dit kan selfs na die reeks optree. (Vergelyk bl.197 van hierdie studie).

Die eerste fungeringsvlak dien as die basis wanneer 'n kwalifikatiewe reeks opgebou word uit meer as een fungeringsvlak. Sodra 'n eerste vlak kwalifikatief informasie kwalifiserend aanwend wat verder gekwalifiseer kan word, bestaan die moontlikheid om na 'n "laer" fungeringsvlak te beweeg. (Vergelyk bl.210 van hierdie studie). 'n Kwalifikatief wat op 'n "laer" fungeringsvlak aangewend word, kwalifiseer nooit die primêre saak direk nie. Dit kwalifiseer altyd 'n sekondêre saak binne 'n kwalifikatief op 'n hoër fungeringsvlak. 'n Sekondêre saak kan daarom op enige fungeringsvlak verskyn. Dit word getipeer ten opsigte van die fungeringsvlak waarop dit aangewend word. 'n Eerste vlak saak sal daarom binne 'n eerste vlak kwalifikatief verskyn en dit sal slegs deur 'n tweede vlak kwalifikatief gekwalifiseer kan word. Vergelyk die volgende voorbeeld:

139. Ke rekile dipodi tsa monna yole.

Die verwysende uitdrukking dipodi verwys hier na die primêre saak. Dit word gekwalifiseer deur 'n kwalifikatiewe reeks wat uit twee kwalifikatiewe bestaan, naamlik tsa monna en yole.

Hierdie kwalifikatiewe word egter op twee verskillende fungeringsvlakke aangewend. Die funksionele bepaler tsa monna fungeer op die eerste fungeringsvlak. Dit verwoord die sekondêre saak monna wat 'n eerste vlak saak is. Die stel IV demonstratief yole fungeer op die tweede fungeringsvlak en kwalifiseer die eerste vlak (sekondêre) saak monna direk. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:



'n Kwalifikatiewe reeks word altyd benoem ten opsigte van die laagste fungeringsvlak waarop dit fungeer. Die kwalifikatiewe reeks in 139 is dus 'n tweede vlak kwalifikatiewe reeks. 'n Tweede vlak kwalifikatiewe reeks kan daarom bestaan uit een of meer eerste vlak kwalifikatiewe plus een of meer tweede vlak kwalifikatiewe. Vergelyk die volgende voorbeeld:

140. Dipodi, tse dintle tse dintsho tse di nonneng tsa monna yole yo mokima yo o jang, di utswitswe.

In 140 verwys die verwysende uitdrukking dipodi na die primêre saak. Die kwalifikatiewe reeks wat dit kwalifiseer is 'n tweede vlak kwalifikatiewe reeks wat bestaan uit die eerste vlak kwalifikatiewe tse dintle, tse dintsho, tse di nonneng en tsa monna plus die tweede vlak kwalifikatiewe yole, yo mokima en yo o jang. Skematies lyk dit soos volg:

dipodi (primêre saak)

Eerste vlak: tse dintle tse dintsho tse di nonneng
tse monna (eerste vlak saak)

Tweede vlak: yole yo mokima yo o jang

As 'n groep vorm die eerste vlak kwalifikatiewe 'n eerste vlak kwalifikatiewe samestelling terwyl die tweede vlak kwalifikatiewe 'n tweede vlak kwalifikatiewe samestelling vorm. 'n Eerste vlak kwalifikatiewe samestelling kan ook 'n eerste vlak kwalifikatiewe reeks vorm indien dit nie deel van 'n meer omvattende kwalifikatiewe reeks is nie. Op die "laer" fungeringsvlakke is 'n samestelling altyd net deel van die meer omvattende reeks. In 138 vorm die eerste vlak kwalifikatiewe 'n eerste vlak kwalifikatiewe samestelling wat ook 'n eerste vlak kwalifikatiewe reeks is. In 140 bestaan die tweede vlak kwalifikatiewe reeks uit 'n eerste vlak kwalifikatiewe samestelling van vier eerste vlak kwalifikatiewe plus 'n tweede vlak kwalifikatiewe samestelling van drie tweede vlak kwalifikatiewe. Hier kan die eerste vlak kwalifikatiewe samestelling nie ook as die kwalifikatiewe reeks getipeer word nie. Die tweede vlak kwalifikatiewe samestelling is hier ook net deel van die omvattender reeks. Die rede waarom samestellings onderskei word sal later blyk. (Vergelyk Bl.205 van hierdie studie).

Met betrekking tot die funksionele opbou van 'n tweede vlak kwalifikatiewe reeks kan dit bestaan uit een eerste vlak kwalifikatief plus een tweede vlak kwalifikatief, bv.

141. Nku ya monna yo o jang e a lwala.

Skematies word dit soos volg voorgestel:

nku (primêre saak)
↑
Eerste vlak: ya monna (eerste vlak saak)
↑
Tweede vlak: yo o jang

'n Tweede vlak kwalifikatiewe reeks kan ook bestaan uit 'n eerste vlak kwalifikatiewe samestelling plus 'n tweede vlak kwalifikatief, bv.

142. Monna yole yo montsho yo o jang dijo tse di monate.....

Hier bestaan die tweede vlak kwalifikatiewe reeks uit 'n eerste vlak kwalifikatiewe samestelling yole yo montsho yo o jang dijo plus die tweede vlak kwalifikatief tse di monate. Die tweede vlak kwalifikatief kan ook binne die eerste vlak kwalifikatiewe samestelling staan. Vergelyk die volgende voorbeeld:

143. Dintšwa tša mosadi yo montle, tse di lomang tsele, di galefile.


In 143 bestaan die tweede vlak kwalifikatiewe reeks uit die eerste vlak kwalifikatief tša mosadi plus die tweede vlak kwalifikatief yo montle plus nog twee eerste vlak kwalifikatiewe tse di lomang en tsele. Hierdie tweede vlak kwalifikatiewe reeks bestaan dus uit die eerste vlak kwalifikatiewe samestelling

tša mosadi tše di lomang tšele plus die tweede vlak kwalifikatief yo montle wat binne die eerste vlak kwalifikatiewe samestelling verskyn. Hierdie beginsel geld by enige kombinasie van eerste vlak kwalifikatiewe en tweede vlak kwalifikatiewe om 'n tweede vlak kwalifikatiewe reeks te vorm. Vergelyk die volgende voorbeelde:

144. (a) Mosese wa kgarebe ele e ntle e e jang

(b) Selepe se sentle sa monna vole yo mokima se se bogale se segolo se se remileng ditlhare tše dintsi tšele se latlhegile.

In 144 (a) bestaan die tweede vlak kwalifikatiewe reeks uit die eerste vlak kwalifikatief wa kgarebe plus die tweede vlak kwalifikatiewe samestelling ele e ntle e e jang. In 144 (b) bestaan die tweede vlak kwalifikatiewe reeks uit 'n eerste vlak kwalifikatiewe samestelling se se ntle sa monna se se bogale se segolo se se remileng ditlhare plus die tweede vlak kwalifikatiewe samestellings vole yo mokima, wat na die tweede eerste vlak kwalifikatief verskyn, en die tweede vlak kwalifikatiewe samestelling tše dintsi tšele wat na die finale eerste vlak kwalifikatief se se remileng ditlhare optree. Alle eerste vlak kwalifikatiewe in 'n tweede vlak kwalifikatiewe reeks word saam onderskei as die eerste vlak kwalifikatiewe samestelling van die reeks. Indien daar meer as een eerste vlak saak gekwalifiseer word, word die tweede vlak kwalifikatiewe of samestellings afsonderlik onderskei soos in 144 (b). Skematies kan 144 (b) soos volg voorgestel word:



Wanneer 'n tweede vlak kwalifikatiewe informasie aanwend wat gekwalifiseer kan word, word daar na die derde fungeringsvlak beweeg. Die informasie in die tweede vlak kwalifikatiewe wat gekwalifiseer word is 'n tweede vlak saak. Alle kwalifikatiewe wat op die derde fungeringsvlak aangewend word, fungeer as derde vlak kwalifikatiewe in die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks. 'n Kwalifikatiewe reeks waarin een of meer kwalifikatiewe op die derde fungeringsvlak aangewend word is 'n derde vlak kwalifikatiewe reeks. Soos by die tweede vlak kwalifikatiewe reeks, vorm twee of meer derde vlak kwalifikatiewe saam 'n kwalifikatiewe samestelling wanneer dit dieselfde tweede vlak (sekondêre) saak kwalifiseer. Op hierdie fungeringsvlak word so 'n samestelling 'n derdevlak kwalifikatiewe samestelling genoem. Vergelyk die volgende voorbeeld:

145. (a) Leoto la ntšwa ya ngwana wa kgosi le robegile.

(b) Dinku tsa kgosi ya batho bale ba bantsho ba ba ngongoregileng di utswitse ke magodu.

In 145 (a) is die primêre saak leoto. Dit word gekwalifiseer deur 'n derde vlak kwalifikatiewe reeks wat bestaan uit die eerste vlak kwalifikatiewe la ntšwa plus die tweede vlak kwalifikatiewe ya ngwana plus die derde vlak kwalifikatiewe

wa kgosi. Hier wend die eerste vlak kwalifikatief en die tweede vlak kwalifikatief informasie aan wat telkens deur 'n "laer" fungeringsvlak kwalifikatief gekwalifiseer word. In 145 (b) is die primêre saak dinku. Dit word gekwalifiseer deur 'n derde vlak kwalifikatiewe reeks wat bestaan uit die eerste vlak kwalifikatief tša kgosi plus die tweede vlak kwalifikatief ya batho plus die derde vlak kwalifikatiewe samestelling bale ba bantsho ba ba ngongoregileng. Die derde vlak kwalifikatiewe samestelling bestaan op sigself uit die drie derde vlak kwalifikatiewe bale, ba bantsho en ba ba ngongoregileng wat die tweede vlak saak batho in die tweede vlak kwalifikatief ya batho kwalifiseer. Skematies kan 145 (a) en 145 (b) soos volg voorgestel word:

145.(a) leoto (primêre saak)

Eerste vlak:	<u>la ntšwa</u> (eerste vlak saak)	} (sekondêre sake)
Tweede vlak:	<u>ya ngwana</u> (tweede vlak saak)	
Derde vlak :	<u>wa kgosi</u> (derde vlak saak)	

145.(b) dinku (primêre saak)

Eerste vlak:	<u>tša kgosi</u> (eerste vlak saak)	} (sekondêre sake)
Tweede vlak:	<u>ya batho</u> (tweede vlak saak)	
Derde vlak:	<u>bale ba bantsho ba ba ngongoregileng</u>	

Teoreties kan daar in die opbou van 'n enkele kwalifikatiewe reeks 'n onbeperkte aantal fungeringsvlakke benut word. In die praktyk is die konteks gewoonlik van so 'n aard dat daar nie verder as die derde of vierde fungeringsvlak in 'n kwalifikatiewe


reeks gegaan word nie. Na mate daar na verdere fungeringsvlakke beweeg word, word die samestellingsmoontlikhede en kombinasies al meer ingewikkeld en kompleks. Vergelyk byvoorbeeld die volgende voorbeeld:

146. Ke batla go reka tsona tsele, dinku tse di nonneng tsa lekau lele le le jang bogobe jwa mosoko jo bo apeilweng ke mosadi yoo, yo o tlhotsang thata yo o nang le seso se se tutetseng mo lengoleng la gagwe la molema.

Vir hierdie sesde vlak kwalifikatiewe reeks is die primêre saak dinku. Dit verskyn binne die eerste vlak kwalifikatiewe samestelling tsona tsele tse di nonneng tsa lekau en wel na die tweede eerste vlak kwalifikatiewe tsele. Die sesde vlak kwalifikatiewe reeks bestaan uit die bogenoemde eerste vlak kwalifikatiewe samestelling plus die tweede vlak kwalifikatiewe samestelling lele le le jang bogobe plus die derde vlak kwalifikatiewe samestelling jwa mosoko jo bo apeilweng ke mosadi plus die vierde vlak kwalifikatiewe samestelling yoo yo o tlhotsang thata yo o nang le seso plus die vyfde vlak kwalifikatiewe se se tutetseng mo lengoleng plus die sesde vlak kwalifikatiewe samestelling la gagwe la molema. Skematies word 146 soos op bl.209 van hierdie studie voorgestel.

Enige kwalifikatiewe reeks se funksionele opbou, hoe ingewikkeld ookal, kan binne die raamwerk wat hierbo verduidelik is beskryf en geanaliseer word. Vir eers sal daar nie verder aandag gegee word aan die opbou van die kwalifikatiewe reeks nie. Aandag sal vervolgens gegee word aan die faktore wat die moontlikheid skep

EXAMINE WORKSHEET FOR WORKSHEET 149



om van een fungeringsvlak na 'n ander te beweeg by die funksionele opbou van 'n kwalifikatiewe reeks. (Vergelyk bl. 199 van hierdie studie).

Die moontlikheid om kwalifikatiewe funksioneel op meer as een fungeringsvlak aan te wend by die opbou van 'n kwalifikatiewe reeks berus op die aard van die informasie wat in die konteks voorkom. Slegs wanneer die informasie 'n saak insluit kan dit verder gekwalifiseer word. Sodoende word daar na 'n volgende fungeringsvlak beweeg. 'n Kwalifikatiewe bied slegs in drie gevalle die moontlikheid om na 'n volgende fungeringsvlak te beweeg.

In die eerste geval kan daar na 'n volgende fungeringsvlak beweeg word wanneer 'n kwalifikatiewe in die kwalifikatiewe reeks 'n saak verwoord as die kwalifiserende aspek. Vergelyk die volgende voorbeelde:

147. (a) Monna wa mosadi yo montle ...
(b) Lekau le le nang le thipa e e bogale
(c) Ke nku ya yoo yo o jang
(d) Ntlo ya ditena tse dintsho
(e) Mosese o o bohibidu jo bo tseneletseng

In die bostaande voorbeelde fungeer 'n kwalifikatiewe op die laer fungeringsvlak deurgaans kwalifiserend teenoor 'n saak wat deur 'n kwalifikatiewe op die hoër fungeringsvlak as die kwalifiserende aspek aangewend word. Hierdie beginsel geld vir alle

fungeringsvlakke.

Daar kan ook na 'n laer fungeringsvlak beweeg word wanneer 'n hoër vlak kwalifikatief in 'n handelingsrelasie tot 'n saak staan en die laer vlak saak wat die handeling uitvoer of ondergaan word genoem. Vergelyk die volgende voorbeelde:

148. (a) Dikgomo tse monna yole a di rekisang di a lwala.

(b) Nku e e fulang bojang jo botala e nonne.

In 148 (a) is die primêre saak dikgomo. Die eerste vlak saak is monna en dit voer die handeling uit wat as die kwalifiserende aspek ten opsigte van die primêre saak dikgomo aangewend word. Die eerste vlak saak monna word gekwalifiseer deur die kwalifikatief yole wat op die tweede fungeringsvlak aangewend word. In 148 (b) is die primêre saak nku. Die eerste vlak saak bojang ondergaan die handeling wat as die kwalifiserende aspek vir die primêre saak nku aangewend word. Met die aanwending van die eerste vlak saak word die moontlikheid geskep om na die laer fungeringsvlak te beweeg. In hierdie tweede vlak kwalifikatiewe reeks word dit dan ook gedoen met die aanwending van die tweede vlak kwalifikatief jo botala.

Die derde moontlikheid om na 'n laer fungeringsvlak te beweeg ontstaan, wanneer die verwysingsrelasie waarin 'n kwalifikatief tot 'n saak staan deur middel van 'n saak omskryf word. So 'n omskrywing word vir die doel van hierdie studie 'n adverbiale omskrywing genoem. Vergelyk die volgende voorbeeld:

149. Monna yo o remang ka selepe sa me o na le maatla.

In 149 is die primêre saak monna. Dit word gekwalifiseer deur 'n tweede vlak kwalifikatiewe reeks wat bestaan uit die eerste vlak kwalifikatief yo o remang ka selepe plus die tweede vlak kwalifikatief sa me. Die kwalifikatief sa me kan op die laer fungeringsvlak aangewend word omdat die eerste vlak saak selepe in die eerste vlak kwalifikatief voorkom. Die eerste vlak saak selepe is deel van die adverbiale omskrywer ka selepe wat in die eerste vlak kwalifikatief as 'n omskrywer van die handelingsrelasie aangewend word.

Kwalifikatiewe wat in 'n handelingsrelasie tot 'n saak staan kan feitlik deurgaans 'n adverbiale omskrywer as deel daarvan aanwend. Die adverbiale omskrywer omskryf die handeling wat as kwalifiserende aspek aangewend word. Omdat die kwalifikatiewe in die ander verwysingsrelasies in 'n baie beperkte mate 'n handelingsaspek openbaar is daar 'n beperkte aantal kwalifikatiewe binne hierdie relasies wat 'n adverbiale omskrywing kan neem. Die adverbiale omskrywing is deurgaans gerig op die wyse waarvolgens die verbale "betekenisaspek" aangewend word. Dit omskryf veral die mate van semantiese versoenbaarheid tussen die onderliggende handelingsrelasie en die adverbiale omskrywing. Vergelyk die volgende voorbeelde:

150. (a) Monna mongwe o ne a nyetse kgarebe e ntle thata.
(b) Jaanong o mosadi wa kgosi tota.
(c) Ke bone ditholo tse pedi fela, mme Piti a re o bone.

diphala tse dintsi thata.

In 150 (a), 150 (b) en 150 (c) word die sake kgarebe, mosadi, ditholo en diphala onderskeidelik deur die kwalifikatiewe e ntle, wa kgosi, tse pedi en tse dintsi gekwalifiseer. By elkeen van hierdie kwalifikatiewe word 'n adverbiale omskrywing aangewend. Die adverbiale omskrywing is telkens gerig op die wyse waarvolgens die verwysingsrelasie geskied. In 150 (a) is die saak kgarebe nie net mooi nie, sy is baie mooi. Die adverbiale omskrywing thata is gerig op die kwaliteit van die kwalifikatiewe e ntle. In 150 (b) word die possessiewe relasie benadruk deur die adverbiale omskrywing tota. Die saak mosadi is werklikwaar die besitting van die besitter kgosi. In 150 (c) word die adverbiale omskrywing fela in die verwysende uitdrukking ditholo tse pedi fela aangewend om die beperktheid van die seleksierelasie aan te dui. Die adverbiale omskrywing thata word aangewend om die veelheid van die seleksierelasie in die verwysende uitdrukking diphala tse dintsi thata aan te dui. Adverbiale omskrywings wat aangewend word ten opsigte van verwysingsrelasies waar die handeling nie pertinent aangedui word nie, skep nie die moontlikheid om na 'n laer fungeringsvlak te beweeg nie. Dit is hier net bespreek ter wille van volledigheid.

Verskillende tipes adverbiale omskrywings kan saam met die kwalifikatiewe aangewend word wat in 'n handelingsrelasie tot 'n saak staan. Vir die doel van hierdie studie word die indeling van Cole (1975:340-369) aanvaar. Hy onderskei die volgende tipes adverbiale omskrywings:

- (a) Lokatiewe (plek)
- (b) Temporele (tyd)
- (c) Wyse (hoe?)
- (d) Konjunktiewe (en)
- (e) Instrumentele (met)
- (f) Agentatiewe (deur)
- (g) Wyse-konjunktief (soos)

Daar sal nie hier aandag gegee word aan hierdie indeling nie. Wat vir hierdie studie van belang is, is die feit dat die adverbiale omskrywers as deel van 'n kwalifikatiewe reeks opsoende die moontlikheid kan skep dat 'n kwalifikatiewe reeks op meer as een fungeringsvlak gevorm kan word deur na 'n saak te verwys in die opbou daarvan. Vergelyk die volgende voorbeelde:

151. (a) Monna yo o emeng fa sakeng la dikgomo.
- (b) Mosadi yo o tsamaileng ka mahube a naka tsa kgomo.
- (c) Mosimane yo o segang mo go maswe.
- (d) Ke tsamaya le ntswa e e tsamayang le mosimane vole.
- (e) Ngwana yo o tsamayang ka maoto a a ruruqileng.
- (f) Ntswa e e lomilweng ke tau e tona.
- (g) Sefofane se se fofang jaaka ntsu e e nnang mo thabeng.

In die voorafgaande voorbeelde, 151 (a-g), is dit duidelik dat enige adverbiale omskrywing wat 'n saak verwoord in sy opbou die moontlikheid skep om 'n kwalifikatiewe reeks verder uit te bou. In die geval van adverbiale omskrywings wat die handelingsrelasie omskryf ten opsigte van wyse, word daar nie 'n saak in die opbou daarvan aangewend nie. (Vergelyk voorbeeld 151

(c)). Dit bied nie die moontlikheid om die kwalifikatief, waarvan dit deel is, verder te kwalifiseer nie. Vergelyk ook die feit dat dit juis hierdie tipe adverbiale omskrywers is wat in kwalifikatiewe aangewend word wat nie in 'n handelingsrelasie tot 'n saak is nie. (Vergelyk voorbeeld 150 op bl.212 van hierdie studie). Daar sal nie verder aan hierdie saak aandag gegee word nie.

Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die moontlikheid om 'n raamwerk te skep waarvolgens die kategoriale opbou van die kwalifikatiewe reeks beskryf kan word. Daar sal ook aandag gegee word aan die funksie van die kwalifikatiewe reeks.

5.2.2 Die funksie en kategoriale opbou van die kwalifikatiewe reeks

Die kategoriale opbou van 'n kwalifikatiewe reeks en die funksie daarvan is in 'n groot mate op mekaar aangewese. Dit is voor die hand liggend dat die funksie van 'n kwalifikatiewe reeks bepaal word deur die tipes kwalifikatiewe waaruit dit opgebou is. Die konteks bepaal weer watter informasie aangewend kan word en sodende oefen dit 'n invloed uit op die tipes kwalifikatiewe wat aangewend word. In 'n dektiese konteks kan die spreker byvoorbeeld dektiese informasie aanwend, wat die aanwending van onder andere die demonstratiewe insluit, om 'n kwalifikatiewe reeks op te bou wat meestal as geheel, bepaaldstellend sal funksie. Vergelyk die volgende voorbeeld:

152. Fa dipodi di goroga monnamogolo a bitsa basimane a re: "Hei basimane, tshwarang podu e ntsho e e tlhotsang eo!"

In 152 word die eerste vlak kwalifikatiewe reeks bepaaldstellend aangewend teenoor die primêre saak podu. Dit blyk uit die konteks dat die saak dekties teenwoordig is. Die spreker en die hoorder sien die saak. Omdat daar ook ander soortgelyke referente teenwoordig is, wend die spreker 'n reeks kwalifiserende aspekte aan wat fisies waargeneem word deur die gespreksgenote en wat spesifiek betrekking het op die besondere referent wat die spreker aan die hoorder wil uitwys. Hier bied die dektiese konteks bepaalde informasie aan die spreker aangaande die referent. Die spreker wend hierdie informasie aan deur die reeks kwalifikatiewe in die vorm van verskillende kwalifiserende aspekte, wat weer aanleiding gee tot die verskillende tipes kwalifikatiewe. Deur hierdie tipes kwalifikatiewe binne hierdie besondere diskoers aan te wend het dit die bepaaldstelling van die saak podu tot gevolg.

Die kategoriale opbou van 'n kwalifikatiewe reeks is gerig op die verskillende tipes kwalifikatiewe waaruit dit bestaan, die rangskikking daarvan en die funksie van elke tipe kwalifikatiewe binne die reeks. (Vergelyk bl.198 van hierdie studie). Met betrekking tot die rangskikking van die kwalifikatiewe binne 'n bepaaldstellende kwalifikatiewe reeks is die algemene opvatting dat die rangskikking altyd geskied van die mees algemene na die mees spesifieke kwalifikasie. Wilkins & Kimenyi (1975:153) stel dit soos volg:

152. Fa dipodi di goroga monnamogolo a bitsa basimane a re: "Hei basimane, tshwarang podj e ntsho e e tlhotsang eo!"

In 152 word die eerste vlak kwalifikatiewe reeks bepaaldstellend aangewend teenoor die primêre saak podj. Dit blyk uit die konteks dat die saak deikties teenwoordig is. Die spreker en die hoorder sien die saak. Omdat daar ook ander soortgelyke referente teenwoordig is, wend die spreker 'n reeks kwalifiserende aspekte aan wat fisies waargeneem word deur die gespreksgenote en wat spesifiek betrekking het op die besondere referent wat die spreker aan die hoorder wil uitwys. Hier bied die deiktiese konteks bepaalde informasie aan die spreker aangaande die referent. Die spreker wend hierdie informasie aan deur die reeks kwalifikatiewe in die vorm van verskillende kwalifiserende aspekte, wat weer aanleiding gee tot die verskillende tipes kwalifikatiewe. Deur hierdie tipes kwalifikatiewe binne hierdie besondere diskoers aan te wend het dit die bepaaldstelling van die saak podj tot gevolg.

Die kategoriale opbou van 'n kwalifikatiewe reeks is gerig op die verskillende tipes kwalifikatiewe waaruit dit bestaan, die rangskikking daarvan en die fungering van elke tipe kwalifikatief binne die reeks. (Vergelyk bl.198 van hierdie studie). Met betrekking tot die rangskikking van die kwalifikatiewe binne 'n bepaaldstellende kwalifikatiewe reeks is die algemene opvatting dat die rangskikking altyd geskied van die mees algemene na die mees spesifieke kwalifikasie. Wilkins & Kimenyi (1975:153) stel dit soos volg:

We will also contend that the hierarchy of generality represents a rule of economy whereby the speaker narrows the domain in definite description by beginning with the most general information and only goes as far towards specificity as is necessary to establish unique reference.

Vergelyk die volgende voorbeeld:

153. Snyman et. al (1986:396)

Fa o na le mathata boeletsa dithuto tse tharo tse di fetile=
ng tsa mathusamadiri.

In 153 dra al drie die funksionele bepalers op die eerste fungeringsvlak by tot die bepaaldstelling van die primêre saak dithuto. Die funksionele bepaler tse tharo staan in 'n seleksierelasie tot die saak en dit wend 'n definitiewe seleksie aan as kwalifiserende aspek. Die saak wat bepaald gestel word deur die kwalifikatiewe reeks as geheel word deur hierdie kwalifikatief beperk tot drie. Die volgende kwalifikatief tse di fetileng staan in 'n handelingsrelasie tot die saak en kwalifiseer die saak dithuto ten opsigte van die feit dat dit reeds afgehandel is. Die laaste kwalifikatief word as finale bepaler aangewend. Dit kwalifiseer die saak dithuto finaal as daardie lesse wat handel oor die hulpwerkwoorde. As geheel fungeer die kwalifikatiewe reeks bepaaldstellend en die kwalifikatiewe word gerangskik van die mees algemene na die mees spesifieke kwalifikasie binne die onmiddellike konteks.

Omdat funksionele bepalers ook omskrywend kan fungeer, kan hulle dit ook doen binne 'n kwalifikatiewe reeks. 'n Kwalifikatiewe

reeks kan weliswaar as geheel omskrywend fungeer sonder om 'n bepaaldstellende nuanse te bewerkstellig. Vergelyk die volgende voorbeeld:

154. Mpho : "Monna Thabo, fa o godile o batla koloi e e ntseng jang?"
Thabo: "Ke batla koloi e kgolo e ntsho e e lebelo e e ratwang ke basetsana."

Hier word die primêre saak koloi deur die eerste vlak kwalifikatiewe reeks e kgolo e ntsho e e lebelo e e ratwang ke basetsana gekwalifiseer. In hierdie konteks is daar nie sprake van 'n soortgelyke saak as die primêre saak nie. Die kwalifikasie wat deur die kwalifikatiewe reeks geaktiveer word geskied ten opsigte van die universele werklikheid. Nie een van die kwalifikatiewe in hierdie reeks is gerig op die spesifieke identifikasie van die saak nie. Die kwalifikasie is slegs gerig op die omskrywing van die saak. Hulle kan in enige volgorde in die reeks verskyn, dit sal nie die fungering beïnvloed nie. Vergelyk die volgende voorbeeld:

155. Ke batla go reka koloi e e ratwang ke basetsana e kgolo e e lebelo e ntsho.

Die kwalifikatiewe reeks in 155 beskryf 'n soortgelyke referent as die reeks in 154. Die referente kan selfs identies wees. So 'n omskrywende kwalifikatiewe reeks kan altyd uitgebrei word omdat 'n finale kwalifikasie nie aangewend word nie.

Omdat sekere kwalifikatiewe 'n tweeledige funksie openbaar is dit

moontlik om 'n kwalifikatiewe reeks op te bou waarvan die een groep kwalifikatiewe bepaaldstellend fungeer en die ander groep omskrywend. Vergelyk die volgende voorbeeld waar dit op dieselfde fungeringsvlak geskied:

156. Moroke (1983:15)

Letsatsi le ne le setse le weditse leeto la go kgabaganya legodimo go tswa botlhabatsatsi go ya bophirima. Le ne le kotame mo makgabaneng a bophirima fa ba bona modisa a goroga a kgoetsa dikgomo di eteletse pele ke kgomo e khunwana, e tsholeditse tlhogo, e lemile dinaka. E ne e sisitse, thele e le kana! E ne e solofetsa mogami kgamelo e tletse. E ne e notanota ka tlhogo, e tsokotsa seeditse se sesweu, go ntse jaaka e kete e nyonya go bona ntsi e kotame mo letlalong la yona le lentle, le le phatsimang.

In 156 word die primêre saak letlalo gekwalifiseer deur die eerste vlak kwalifikatiewe reeks la yona le lentle, le le phatsimang. Die aanvangskwalifikatief van die reeks is 'n funksionele bepaler wat anafories na die besitter verwys wat as kwalifiserende aspek aangewend word. Spesifieke ou informasie word hier bepaaldstellend aangewend. Die ander twee kwalifikatiewe fungeer slegs omskrywend. Dit is nie-spesifieke nuwe informasie en dit dra net by tot die verder omskrywing van die saak. Hierdie kwalifikatiewe reeks bestaan dus uit een bepaaldstellende en twee omskrywende kwalifikatiewe. Die rangskikking van die kwalifikatiewe is ook teenstrydig met die algemene opvatting wat vir die bepaaldstellende reeks op bl.216 uiteengesit is.

Wanneer 'n kwalifikatiewe reeks opgebou word uit een of meer kwalifikatiewe wat bepaaldstellend fungeer plus een of meer wat

omskrywend fungeer, kan dit ook geskied op verskillende fungeringsvlakke. Die primêre saak kan byvoorbeeld bepaald gestel word terwyl 'n sekondêre saak omskryf word, of andersom. Vergelyk die volgende voorbeelde:

157. (a) Setlhare sele se sentle se setala se se jewang ke di= khukhwane tse dintsho tse di sa itseweng ga se a nosetswa.
- (b) Ke batla go reka pitse e ntsho e e lebelo e e kgonang go phela ka go ja bojang jo botala jo.

In 157 (a) word die primêre saak setlhare bepaald gestel deur die eerste vlak kwalifikatiewe samestelling sele se sentle se setala se se jewang ke dikhukhwane. Die sekondêre saak (eerste vlak) dikhukhwane word egter net omskryf deur die tweede vlak kwalifikatiewe samestelling tse dintsho tse di sa itseweng. In 157 (b) word die primêre saak pitse slegs omskryf deur die kwalifikatiewe samestelling op die eerste fungeringsvlak terwyl die sekondêre saak bojang bepaald gestel word deur die tweede vlak kwalifikatiewe samestelling jo botala jo.

Uit die voorafgaande verduideliking is dit duidelik dat die kategoriale opbou en opeenvolgingsorde van die kwalifikatiewe binne 'n kwalifikatiewe reeks nie sondermeer beskryf kan word volgens bepaalde vaste reëls nie. Die samestelling is altyd verklaarbaar vanuit die konteks by 'n kwalifikatiewe reeks wat as geheel bepaaldstellend fungeer maar by 'n reeks wat omskrywend fungeer berus die samestelling by die spreker en dit is nie verklaarbaar nie. By 'n kwalifikatiewe reeks wat 'n

bepaalstellende komponent en 'n omskrywende komponent openbaar, is dit slegs die gedeelte wat op bepaaldstelling gerig is wat kategoriaal verklaar kan word vanuit die onmiddellike konteks.

'n Onderzoek na die kategoriale opbou van die kwalifikatiewe reeks kan slegs gedoen word ten opsigte van kwalifikatiewe wat bepaaldstellend aangewend word. Wanneer kwalifikatiewe in 'n kwalifikatiewe reeks omskrywend aangewend word, berus die volgorde waarvolgens hulle aangewend word by die spreker. Dit is daarom, in die geheel gesien, 'n ongebonne taak om 'n definitiewe kategoriale raamwerk daar te stel waarvolgens alle moontlike kombinasies van al die tipes kwalifikatiewe aangedui word. Omdat die verskillende tipes kwalifikatiewe as individuele kategorieë se fungering reeds bespreek is, en dit dieselfde is binne 'n kwalifikatiewe reeks, sal daar nie verder aandag gegee word aan die kategoriale opbou en fungering van die kwalifikatiewe reeks nie.

5.3 GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is veral aandag gegee aan die opbou van die kwalifikatiewe reeks. Aandag is gegee aan die funksionele opbou en kategoriale opbou. In die ondersoek na die funksionele opbou van die kwalifikatiewe reeks is bevind dat dit gegrond is op verskillende fungeringsvlakke. Hierdie fungeringsvlakke word onderskei ten opsigte van die direkte en indirekte wyse waarvolgens die kwalifikatiewe in 'n kwalifikatiewe reeks aangewend word. Die fungeringsvlakke wat benut kan word by die

opbou van 'n kwalifikatiewe reeks is onbeperk. Die mees basiese vlak is die eerste fungeringsvlak. Op hierdie fungeringsvlak fungeer die kwalifikatiewe direk kwalifiserend teenoor die primêre saak. Meer as een eerste vlak kwalifikatief vorm 'n eerste vlak kwalifikatiewe samestelling. Indien 'n kwalifikatief wat op die eerste fungeringsvlak aangewend word 'n saak verwoord in die opbou daarvan kan hierdie saak verder gekwalifiseer word. So 'n saak is 'n eerste vlak saak en dit maak die oorgang na die volgende fungeringsvlak moontlik. Alle kwalifikatiewe wat 'n eerste vlak saak kwalifiseer fungeer op die tweede fungeringsvlak. Wanneer meer as een kwalifikatief 'n eerste vlak saak kwalifiseer word 'n tweede vlak kwalifikatiewe samestelling gevorm. Wanneer 'n tweede vlak kwalifikatief 'n saak verwoord in die opbou daarvan kan so 'n saak ook verder gekwalifiseer word. Dit is dan 'n derde vlak saak en dit word gekwalifiseer op die derde fungeringsvlak. Ook op hierdie vlak vorm al die kwalifikatiewe wat dieselfde derde vlak saak kwalifiseer 'n kwalifikatiewe samestelling. In die praktyk word daar gewoonlik nie verder beweeg as die vierde fungeringsvlak nie, maar teoreties is die aantal fungeringsvlakke onbeperk.

Die oorgang van 'n hoër fungeringsvlak na 'n laer vlak word moontlik gemaak deur die aanwending van 'n saak wat gekwalifiseer kan word binne die hoër vlak kwalifikatief. Dit gebeur wanneer die hoër vlak kwalifikatief 'n saak as die kwalifiserende aspek aanwend of indien die saak in 'n handelingsrelasie genoem word wat die handeling ondergaan of uitvoer met betrekking tot die hoër vlak saak of waar 'n adverbiale omskrywing aangewend word en

'n saak word daarin genoem.

Die tweede afdeling van hierdie hoofstuk is afgestaan aan die kategoriale opbou en funksie van die kwalifikatiewe reeks. Daar is 'n noue verband tussen die verskillende tipes kwalifikatiewe waaruit 'n kwalifikatiewe reeks opgebou word en die funksie van so 'n reeks. 'n Kwalifikatiewe reeks kan bepaaldstellend fungeer. In so 'n geval is al die kwalifikatiewe in die reeks gerig op die uitwysing van die referent teenoor ander soortgelyke sake binne die onmiddellike konteks. Spesifieke informasie word kwalifiserend aangewend. In so 'n geval word die kwalifikatiewe gerangskik vanaf die mees algemene na die mees spesifieke informasie. 'n Kwalifikatiewe reeks kan, as geheel, ook omskrywend fungeer. In so 'n geval word nie-spesifieke informasie kwalifiserend aangewend. Die kwalifikatiewe kan volgens enige volgorde gerangskik word en die uitbreiding van so 'n reeks is onbeperk.

By 'n bepaaldstellende kwalifikatiewe reeks word die reeks finaal afgesluit deur 'n finale bepaler. Sodra daar 'n verdere kwalifikasie is, is dit omskrywend. Dit is dus moontlik om 'n kwalifikatiewe reeks daar te stel wat 'n bepaaldstellende kwalifikatief of samestelling bevat terwyl dit terselfdertyd ook 'n omskrywende kwalifikatief of samestelling bevat. Hierdie wisseling in funksie kan oor die fungeringsvlakke heen plaasvind.

Die onbeperkte aantal moontlikhede by die kategoriale opbou van 'n kwalifikatiewe reeks en die noue samehang daarvan met die

fungering van so 'n reeks maak dit 'n onbegonne taak om 'n kategoriale raamwerk daar te stel waarvolgens alle moontlike kwalifikatiewe reekse kategoriaal beskryf kan word. Die moontlikheid bestaan dat 'n baie ingewikkelde sisteem ten opsigte van die kategoriale opbou van die kwalifikatiewe reeks wel bestaan. Omdat hierdie studie gerig is op die funksionele aanwending van die kwalifikatiewe val die kategoriale aanwending buite die veld van hierdie studie. (Vergelyk bl.75 van hierdie studie). Verdere aandag is dus nie aan hierdie aspek gegee nie.

BYLAAG I TOT HIERDIE STUDIE

Vertaling van voorbeelde 1-157

1. Die mooi meisies het agtergebly.
2. (a) Daar is twee vrouens. Die een is vet en die ander een is mooi. Die mooie het 'n kind.
(b) Móre sal ek dorp toe gaan. Ek wil vir my 'n swart motor koop.
3. Hy sal arriveer wanneer die maan onder gaan.
4. Die rivier is naby. Waarom skep jy water in hierdie pannetjie?
5. Toe ek by die kraal aankom het ek gevind dat daar baie beeste is. Terwyl ek na hulle kyk het ek 'n rooibruin vers gesien waarvan ek hou. Ek het met die eienaar van die beeste gaan praat. Ek het aan hom gesê dat ek hierdie rooibruin vers wil koop.
6. Ek wil skaapvleis eet. Ek sal hierdie skaap slag.
7. Eendag was daar 'n man en 'n vrou. Hulle het in 'n statjie naby die Limpoporivier gewoon. Hierdie man was baie oud.
8. Ons was moeg. Die son het opgekom.
9. Eendag was daar 'n man en 'n vrou. Hulle het twee kinders gehad; 'n seun en 'n dogter. Hierdie seun was baie slim en die dogter daarenteen, was werklik mooi.
10. Die leeu is 'n gevaarlike roofdier.
11. Leeus word gevrees.
12. (a) Haas het geweier om 'n put te grawe. Hy het gesê dat hy nie daaruit sou drink nie.

(b) Tinktinkie het geweier om te vlieg. Dit het veroorsaak dat die ander voëls hom geminag het.

13. Daar word vertel dat daar eens op 'n tyd 'n man en 'n vrou was wat 'n enigste kind, genaamd Mmapula, gehad het. Na 'n tyd is die vrou dood en die harte van die man en die kind was baie seer. Daarna is hierdie man weer getroud.

14. (a) Die/'n mooi vrou

(b) Die/'n vrou wat eet

(c) Die/'n man wat koning was

15. Kyk na die volgende sinne:

Melk is lekker.

Die/'n kind spuug spoeg.

Water word gebruik om te was.

Party mense hou van magou.

Hierdie naamwoorde (i) neem die prefiks ma-, maar kan hulle ook die prefiks le- neem? Soos wat jy self kan sien is die naamwoord mathe se enkelvoud lethe, die ander kom net in die meervoud voor. Skryf nog 'n paar van hierdie voorbeelde (ii) neer en verskaf ook hulle enkelvoud, bv.

dikmelk > ----

bloed > ----

vet > vet

Kom jy agter dat die meervoud op 'n vloeistof of semi-vloeistof dui terwyl die enkelvoud 'n vaste stof aandui, bv. vet.

Party van hierdie voorbeelde, (iii) wat vloeistowwe of semi-vloeistowwe aandui, word aangetref in die lo-klas,

bv.

bies	skelm
modder	vleissnipper

Het hierdie naamwoorde (iv) 'n meervoud en wat beteken die meervoud? bv.

modders	vleisnippers
biese	skelms

Jy is reg hierdie naamwoorde, (v) dui verskillende tipes aan, vloeistowwe en semi-vloeistowwe. Skryf vir jouself 'n paar naamwoorde neer wat in die N- diN-klasse val, bv.

heuningbier
rëen

Dui die meervoud van hierdie naamwoorde (vi) nog steeds vloeistowwe en semi-vloeistowwe aan? Kyk na hierdie voorbeelde (vii) :

heuningbiere
rëens

16. Hoender en Jakkals

Lank gelede het jakkals en hoender in vrede saam geleef. Op 'n dag het jakkals hoender en haar kinders aangetref terwyl hoender haar kop in haar vlerke gesit het en besig is om luise dood te knyp. Jakkals was baie verbaas om te sien dat hoender se kop ingetrek is. Toe hy die kuikens daarna vra het hulle vir hom gesê dat hulle ma se kop verkoop is. Toe jakkals by die huis kom het hy sy ma se kop afgebreek met die bedoeling om dit te gaan verkoop. Jakkals se ma het gesterf en hierdie gebeurtenis het jakkals verbaas. Hy het

hoender begin jag en haar doodgemaak waar hy haar ookal vind omdat sy vir hom gelieg het.

17. Die meisie Mmapula

Daar word vertel dat daar eens 'n man en 'n vrou was wat 'n enigste kind, genaamd Mmapula, gehad het. Na 'n tyd is die vrou oorlede en die harte van die man en die kind was baie seer. Daarna is hierdie man weer getroud. Hierdie vrou het Mmapula verpes maar haar pa het niks gesê nie. Dit het gebeur dat hierdie vrou 'n dogter kry en hulle het haar Mmaletsatsi genoem. Mmaletsatsi was lelik maar Mmapula daarenteen, was mooi en dit het Mmaletsatsi se ma vir Mmapula baie laat haat, in so 'n mate dat sy Mmapula nie kos gegee het nie.

18. Hierdie man eet.

19. Hierdie ding is gebreek.

20. Daardie man eet.

21. Daardie man eet.

22. Hierdie wêreld is die Tswanas s'n.

23. Ek weet dat jy nog nie 'n hond teëgekomp het wat 'n luiperd kan doodmaak nie, maar ek sê jou, hierdie hond maak hom dood.

24. Sello: "Watter een van hierdie honde kan 'n bobbejaan doodmaak?"

Shole: "Onder daardie is daar nie een nie, maar daardie hond mag slaag."

25. Toe Matšheng sê: "Laat dit so wees", is almal in die huis, selfs Rra Bontle, opgeneem deur die waarheid in die gebed, hulle het selfs hulle oë toegemaak sonder twyfel. "Neem

hierdie ding en ondersoek dit, het Matšheng gesê terwyl hy die assegaai wat in sy hande is aan Rra Bontle gee. Rra Bontle het met twyfel die assegaai geneem. Hy het dit ondersoek en geglimlag.

"Hierdie ding is net hout. Dit is nie 'n assegaai nie", het Rra Bontle vinnig gesê.

Matšheng het gelag.

26. As ons gaan jag sal ek hierdie hond neem. Daardie ander hou ek nie van nie.

27. "Haai jong! Hierdie skaap vrek."

28. "Hierdie sleutel is die huis se deur s'n."

29. "Hierdie een is die bakkie se deur s'n."

30. "Haai jong! Los daardie meisie dat ons loop."

31. Dit was nie lank nie voordat stemme gehoor kon word by die veepos wat naby Rra Bontle s'n was. Die jagters van Matšheng-hulle het daardie veepos omring en tussen hulle het 'n groep mense vergader wat verskrik was en bestaan het uit mans, vrouens en kinders.

"Kom weg uit daardie mense Matšheng!" het die leier van die geselskap met 'n harde stem geroep. "Gee jouself vinnig oor!"

32. "Daardie os wil ek verkoop."

33. "Daardie swart os wil ek verkoop."

34. (a) Khumo het 'n stoel nader getrek en naby Peolane kom sit. Hy het sy naels gekou terwyl hy wag dat die koningin iets moet vra of sê.

"Vertel my", het Peolane met 'n beswaarde hart gesê "wie of wat soek jy in hierdie erf?"

- (b) " Mpedi het reeds die onderwyser Molamu en my ander vyande in hierdie stat van Moletsi genooi om my die slegte nuus te bring. Haai, die mense het vir my goed gesê wat onaanvaarbaar is!"
35. Die mense sê dat daar baie roofdiere in Botswana is. As jy 'n leeu wil jag moet jy daarheen gaan. In hierdie wêreld/gebied sal jy nie 'n leeu kry nie, selfs nie eens 'n luiperd nie.
36. (a) "Nou die dag het ek 'n kreupele hier sien verbygaan. Daardie kreupele was die skelm waarna ons gesoek het."
 (b) "Kom ons gaan vra water by die oppasser van my oom se veepos. Dit is vêr en boonop is daardie man kwaai, maar miskien sal hy ons water gee as ons mooi vra."
37. Sello: "Man Piti, hierdie saak van die beeste wat wegraak pla my. Dit lyk of die mense mag glo dat dit ek is."
 Piti : "Ag Sello! Los daardie saak laat ons van iets lekkers soos Mpho se kos praat."
38. Dieselfde as 17. (Vergelyk bl.225).
39. (a) Dit was 'n namiddag op 'n sekere dag van die dae dat daar baie mense in die strate van Fitase was toe daar 'n jong vrou aankom wat se klere so stukkend was dat die flenters in die wind gewaai het soos 'n volstruis se vere terwyl sy vasberade en vinnig gestap het. Dit was duidelik dat hierdie jong vrou van vêr kom. Haar voete was vol stof en barste wat gewys het dat sy 'n moeilike reis gehad het. Sy het 'n swart rok gedra maar dit was nie meer swart nie as gevolg van die stof,

dit was al rooi, dit het gelyk asof sy in rooi grond daarmee gerol het.

Toe sy voor 'n sekere huis kom waar 'n ou vrou gestaan het, het hierdie jong vrou gestop, dood van die honger en dors. Sy het so gestaan omdat sy gedink het dat die ou vrou haar sou jammer kry en haar kos en water sou gee. Sy was so verhongers dat sy nie kon vra wat sy nodig het nie. Die ou vrou het hierdie jong vrou jammer gekry en haar ingeneem in haar huis en haar kos en slaapplek gegee.

Hierdie jong vrou, omdat sy swanger was, het daardie nag wat sy in die ou vrou se huis geslaap het, wat Rebeka genoem word, die lewe aan 'n seun geskenk. Omdat hierdie jong meisie baie swak was het sy nie geleef om haar kind te sien nie want sy is daardie nag oorlede.

(b) Voordat jakkals aan hom vertel het, het hy aan hom verduidelik dat daar 'n ram is wat vreeslik stamp in die kraal waar hy eet en hy moet homself voorberei vir hierdie ram. Hy het aan wolf verduidelik dat hierdie ram net drie maal stamp dan is hy moeg.

40. Lank gelede is die mense deur leeus gepla. Hulle het begin deur die beeste te dood. Na 'n tyd het hulle begin om die bokke, skape en honde te vang. Toe hulle al die mak diere klaargemaak het, het hulle die mense aangeval. Hierdie leeus was nie bang vir mense nie.

41. Die jagter het twee koedoes sien water drink by die pannetjie. Hy het een doodgemaak. Die ander een het

gevlug. Hy het hom agtervolg. Hy het in die berg in gevlug. Die jagter het hom nie weer gesien nie. Hierdie koedoe wou nie doodgemaak word nie.

42. Jwaneng: Onlangs het die burgermeester van Jwaneng, meneer Gaetswe Koketso, gedurende vraetyd gesê dat die komitee wat die reëlins vir die twintigste jaar van onafhanklikheidsfeesvierings tref gevorder het met sy reëlins.

Meneer Koketso, wat die voorsitter is van daardie komitee, het gesê dat daar reeds goeie vordering gemaak is en hy het verder gesê dat daardie komitee drie sub-komitees het wat geld insamel en wat reëlins tref vir die spele van daardie dag asook die drinkgoed en eetgoed vir onafhanklikheidsdag.

43. Francistown: Die inwoners van Sekokwe en Matshelagabedi in die noordoostelike distrik het 'n nuwe veiligheidswet ontvang en hulle wonder of die oortreding daarvan die doodstraf moet wees. Toe die adjunk-minister van plaaslike bestuur en grond, meneer Chapson Butale, die vergadering van die stamraad op Sekokwe toegesprek het, het hy gesê dat die straf vir die oortreding van daardie wet dertig jaar is.

Meneer Butale het gesê dat van daardie oortredings onder andere die verklap van regeringsgeheime is, die aantrek van 'n staatsuniform sonder die nodige toestemming en die aanwending van 'n staatsvoertuig sonder dat dit reg gedoen word.

Hy het gesê dat die regering vyftig miljoen Pula gaan bestee in die droogte wat nou al vir vyf jaar met ons is.

Hy het aan die inwoners van daardie dorp gesê dat hulle nie

die droogtehulp se geld moet sien as iets wat nooit sal op raak nie.

44. 'n Tydjie gelede net 'n paar dae voor Kersfees het die minister in die kantoor van die president en van staatsamptenare gepraat by die uitpassering van soldate en aan hulle gesê dat hy hulle 'n nuwe jaar vol vrede toewens. Soos dit lyk sal daardie soldate en hierdie volk nie vrede beleef in hierdie jaar nie omdat die lewe van die volk in hierdie tye moeiliker is as vroeër.
45. Mpho: "Piti, soos ek dit sien is ek seker daarvan dat die beeste wat weg is, gesteel is.
Piti: "Ag Mpho, jy weet tog ons het hulle nog nie gesoek nie. Daardie beeste is hier. Ons sal hulle soek."
46. Eendag het hier 'n man opgedaag. Hy wou verse koop. Hy het geweet dat ek eens op 'n tyd twee bulle gekoop het en dat een gevrek het. Hy het gesê dat hy die kalwers van daardie bul wou sien aangesien hy sien dat die kalwers van die bul wat nog leef maer is.
47. Die praatjies wat gepraat word deur die groepie witmenses wat regeer in Suid-Afrika wys dat hulle vasberade is en dat hulle die mense van Botswana en ander gebiede/lande sal afmaai omdat hulle nie omgee wat enige iemand sê nie, of daardie mense nou verkeerd gedoen het of nie. Ons het natuurlik gladnie die mag om iets verkeerds te doen nie. Ons weet goed dat hulle dit nie vanself doen nie, hulle word daartoe gedryf deur die hitte van die vryheidstryd in Suid-Afrika van die mense wat hulle verset teen die regering wat hulle onderdruk.

Aangesien daardie oorlog voortduur sal die regering van Suid-Afrika, as hulle die hitte daarvan voel, mense elders gaan afmaai waar hulle lus het, of dit nou in Lesotho, Mosambiek of Botswana is.

48. Ja. Ek weet nou dat Disang my liefgehad het. Dit is nog 'n teken dat hy hier sou wees om my by te staan terwyl ek so siek is.

Die medisyne, uit hierdie baie wat ek drink weet ek nie watter akkodeer met my nie, tot ek baie lou water in die bad gooi, uittrek, lank bad en voel dat ek weer 'n mens is en kan slaap.

Daardie vriende van my, ek dink dit is die aanhoudende gehoese van my wat hulle irriteer, soos Solly, sien ek nie meer in my kamer nie.

49. Die seuns loop in die pad terwyl hulle hulle bul aanjaag. Hierdie bul is oorwin. Hy is verslaan deur 'n bul van 'n ander veepos. Daardie bul het geveg op 'n manier wat hulle nog nooit gesien het nie en hy het hulle s'n amper doodgemaak.

50. (a) Soos dit lyk sal daardie soldate en hierdie volk nie vrede beleef in hierdie jaar nie omdat die lewe van die volk in hierdie tye moeiliker is as vroeër.

(b) Miskien is dit die regte manier om verskille te besweer of dit is 'n maklike manier om uitsluiting te kry oor die gebeure wat ons in hierdie dae beleef.

(c) Die dramas het inslag gevind by ons skrywers hierdie afgelope tien jaar/dekade.

51. Verlede jaar het ons in Botswana gaan jag maar

in hierdie jaar wil ons na Zimbabwe gaan.

52. Die man het in die huis geslaap. Hy het nie opgestaan as hy die honde hoor blaf nie. Hy het daarenteen gesê dat hy sou hoor as die leeus die beeste wou doodmaak.

53. (a) Daar was eendag twee ystervarke en hulle het tien kleintjies gehad. Op 'n dag het haas by hulle opgedaag om werk te soek. Mevrou Ystervark het ingestem dat haas hulle kinders kon oppas wanneer hulle by die lande was. Verder moes haas vir hulle kos kook en dit vir hulle na die lande neem.

Die volgende dag het die ystervarke na die lande gegaan, haas daarenteen het vir die dag by die kinders gebly.

(b) Jakkals het eendag vir wolf geroep om hom te gaan wys waar kos is. Terwyl hulle dit eet en al versadig is, het die Afrikaners opgedaag. Wolf het daarin geslaag om te ontsnap maar jakkals daarenteen is gevang deur die Afrikaners.

(c) In die les wat verby is het jy geleer dat die werkwoord die handeling in die sin uitdruk. Die onderwerp voer die handeling uit terwyl die voorwerp daarenteen die handeling ondergaan, bv.

Die man brand die hout
 ▼ ▼ ▼
onderwerp predikaat voorwerp

54. Die ou man het nie daarvan gehou om met die kinders te speel soos die ou vrou nie. Hy sê hy is ouer as die ou vrou.

55. Jakkals laat wolf skei
Wolf was met 'n mooi vrou getroud en jakkals het haar

begeer. Jakkals het baie planne probeer maar hy het gevind dat hy nie vir wolf kon laat skei nie. Ten einde laaste sê hy aan wolf se vrou dat wolf sy ryperd is en hy belowe haar dat hy aan haar sal bewys dat hy die waarheid praat. Eendag toe dit hongersnood was laat jakkals vir wolf botter proe en hy laat hom verstaan dat hy dit vanaf die Afrikaners se wa gesteel het deur voor te gee dat hy dood is en toe die Afrikaners hom op die wa gegooi het, het hy wat jakkals is die pakke botter van die wa gegooi. Daarna het hy afgespring en dit in die bosse ingerol. Jakkals het aan wolf gesê dat hy ook so moes maak.

56. Jakkals en wolf en mens

Eendag toe jakkals saam met wolf in die bosse was het hy aan wolf gevra of hy 'n mens ken. Wolf het gesê dat hy nie 'n mens ken nie. Jakkals het hom vertel dat 'n mens 'n tweebeen dier is wat as jy hom ontmoet jy in groot moeilikheid is. Terwyl hulle gesels was daar nie vër van hulle 'n ou man en 'n seun wat 'n troppie skape opgepas het. Die ou man het die seun gestuur om te gaan aankeer. Toe wolf hom sien het hy opgesit en gevra of dit nou 'n mens was. Jakkals het gesê dit is nog nie 'n mens nie, dit is maar net 'n mensie. Na 'n rukkie het die ou man gaan aankeer. Toe wolf hom sien het hy gestaan en gevra of dit nou 'n mens was. Jakkals het gesê dat dit eens op 'n tyd 'n mens was, nou is dit net 'n verdorde karkas. Later kom daar 'n jong man verby. Wolf het weer gestaan en gevra of dit nie 'n mens is nie en jakkals het geantwoord dat dit nou werklik 'n mens was. Wolf het na hom gehardloop.

57. (a) Molatlhegi het na die predikant gegaan en aan hom sy hele lewensgeskiedenis vertel en ook hoe hy wat Molatlhegi is dors na die goeie.
- (b) Ook hy wat haas is het geloop, hulle het luislang daar gelos terwyl hy onder die klip vasgevang is.
- (c) Haar vader het bekend gemaak dat sy dogter getrou sal word deur die man wat aan hom die koning 'n lang storie sou vertel wat hom sou moeg maak voordat dit klaar is.
58. Die ou man wou saam met ons na die beesvandisie gaan. Hy wou vir homself 'n swart bul koop.
59. Wolf was getroud met 'n mooi vrou. Jakkals het aan wolf se vrou gesê dat hy haar liefhet.
60. (a) Piti se
 (b) Shole se plek se
 (c) die/'n koning se
 (d) joune
 (e) van grond
 (f) die/'n tweede een
 (g) die een wat 'n/die mes het (een wat 'n/die mes het)
 (h) die een wat die/'n man s'n is (een wat die/'n man s'n is)
 (i) sy/haar oom
 (j) hulle s'n
61. die/'n man se
62. die een wat die/'n bees het (een wat die/'n bees het)
63. van stene
64. syne/hare

65. (a) die/'n witte
 (b) die/'n mooie
 (c) die een wat dik is (een wat dik is)
 (d) die een wat koning is (die een wat 'n koning is/een wat koning is/een wat 'n koning is)
 (e) die wat in die/'n kraal is
 (f) die een wat suinig is (een wat suinig is)
66. (a) die een wat 'n ronde gat in sy oor het (een wat 'n ronde gat in sy oor het)
 (b) die/'n vroulike een
 (c) die/'n witte
67. (a) die/'n slegte/lelike een
 (b) die/'n mooie
 (c) die een wat suinig is (een wat suinig is)
68. (a) die een wat koning is (die een wat 'n koning is/een wat koning is/een wat 'n koning is)
 (b) die een wat die/'n roofdier is (een wat die/'n roofdier is)
 (c) die een wat die/'n reptiel is (een wat die/'n reptiel is)
69. (a) die wat in die veld is
 (b) die een wat in die/'n huis is (een wat in die/'n huis is)
 (c) die een wat hier is (een wat hier is)
70. (a) die een wat eet (een wat eet)
 (b) (die) wat vrek
 (c) (die) wat praat.
71. (a) die een wat gekap is (een wat gekap is)

- (b) die een wat hulle verkoop (een wat hulle verkoop)
- (c) die een wat gewas word (een wat gewas word)
72. (a) die een wat nie kap nie (een wat nie kap nie)
- (b) die een wat nie gekap word nie (een wat nie gekap word nie)
73. (a) die een wat geloop het (een wat geloop het)
- (b) die een wat kan kap (een wat kan kap)
- (c) die wat nog wei (die wat nog besig is om te wei)
- (d) die wat sal eet
- (e) die een wat met die/'n byl kap (een wat met die/'n byl kap)
- (f) die een wat in die/'n kraal staan (een wat in die/'n kraal staan)
- (g) die wat hy môre verkoop
- (h) die een saam met wie hulle loop (een saam met wie hulle loop)
74. (a) iemand/'n sekere
- (b) almal/alles
- (c) niks
- (d) twee
75. (a) drie
- (b) al twee
- (c) alles/almal
- (d) nie enige (geen)
76. (a) iemand/'n sekere
- (b) enige iemand/een
- (c) baie
- (d) ander/vreemdes

- (e) wie?
- (f) min
- (g) 'n ander (een)
77. Die 'n suinige seun gee nie vir die kinders lekkers nie.
78. Die lekkers is aan die seuns gegee sodat hulle dit vir die kinders kan gee. Terwyl ek vir hulle kyk sien ek 'n sekere seun wat dit nie vir die kinders uitdeel nie. Hy, daarenteen vat dit vir homself. Die ander seuns gee dit vir hulle. Ek wil weet wie die seun is wat die kinders snoep.
79. Wolf was met 'n mooi vrou getroud en jakkals het haar begeer. Jakkals het baie planne probeer maar hy het gevind dat hy nie vir wolf kon laat skei nie. Ten einde laaste sê hy aan wolf se vrou dat wolf sy ryperd is en hy belowe haar dat hy sal bewys dat hy die waarheid praat.
80. Toe ons by die veepos arriveer het ons twee seuns daar gevind. Die een was 'n swarte en die nader een was 'n gele/licgellige. Toe ons die beeste begin tel, het ek gesien dat die ligvellige/geel seun nie nader kom nie, hy het ons van vër af betrag.
81. Voordat 'n halfuur verby is was Mopathaga en Rabontsi op hulle fietse op pad na Vlakfontein, die plek van Maribe, om 'n skaap te gaan koop. Dit was omtrent 'n afstand van vyf kilometer vanaf Everton tot op Vlakfontein. Die eienaar van die skape het hulle na die skaapkraal geneem en hulle het een uitgesoek waarvan hulle hou. Hulle het 'n rukkie met die eienaar van die skape gesels oor skaappryse.
82. Terwyl ek na die water kyk het ek die sonstrale daarop sien blink.

83. Mopathaga het sy vrou eenkant toe geneem en gesê: "Moeder, die spreekwoord van ouds lui, 'Vreemdeling arriveer dat ons saam met jou kan eet'. Ons het gaste."
84. 'n Sekere man was baie ryk. Hy het baie skape gehad. Dit was 'n groot werk om hierdie skape op te pas. Na 'n tyd het hy besef dat hy 'n hond moes koop om hulle op te pas. Hy het na 'n hond vir hulle gesoek.
85. 'n Sekere man het twee honde gehad. Hierdie twee honde het nie daarvan gehou om te jag nie.
86. Piti, as ek so na hierdie twee beeste kyk, hou ek van die swarte. Die witte is nie vet nie.
87. Sello: "Piti, het jy al al die kalwers gemerk?"
Piti : "Nee meneer, dit is nog net daardie een se ore wat oor is. Hy is baie groot."
88. Die son het reeds die reis voltooi wat loop van die ooste na die weste. Dit het al op die rante in die weste gesit toe hulle 'n veewagter sien wat beeste aanjaag wat gelei word deur 'n rooibruin koei wat haar kop met skewe horings hoog hou.
89. Sy was vol melk, met net so 'n uier! Sy het vir die melker die belofte van 'n vol emmer ingehou. Sy het geknik-knik met haar kop terwyl sy 'n wit stertkwas swaai en dit lyk asof sy nie daarmee genoeg neem dat 'n vlieg gaan sit op haar, mooi blink vel nie. Werklik! Daardie bees het geweet hoe om te stap.
90. (a) Mopathaga en Rabontsi het aandag aan hierdie rooibruin koei gegee.
(b) As jy hierdie rooibruin koei kan koop, sal jy melk kan

verkoop; jy sal haar kalwers kan verkoop as hulle al
beeste is.

91. Toe ons by die beesvandisie arriveer, het die ou man gesê dat hy 'n vet skaap wil koop. Hy het ons gevra om hom te help om een te soek wat hy kan koop.
92. 'n Sekere man wou weet waar ek woon.
93. (a) Bring twee beeste dat ons hulle na die koning neem.
(b) Enige mens word honger.
94. Mosadimogolo: "As ek na hierdie lekkers kyk sien ek 'n verskeidenheid. Daar is swartes, groenes en wittes. Piti, hoe 'n een wil jy hê?"
Piti : "Dankie mevrou. Ek wil 'n groen lekker hê."
95. (a) 'n Sekere man wou met 'n mooi vrou trou.
(b) 'n Sekere man was getroud met twee vrouens. Die een was mooi en die ander een was lelik. Hierdie man het van die mooi vrou meer gehou as van die lelike vrou.
96. Toe Piti en Kedibone met mekaar getroud is het elkeen sy eie kind gehad. Piti se kind was ongehoorsaam.
97. As ek hierdie kalf so kyk lyk dit of hy siek is. Sy ore hang.
98. (a) die/'n swarte se kinders
(b) die/'n ding wat syne is
(c) daardie een se oë
(d) die/'n wind van die een wat reën (die/'n wind van een wat reën)
(e) die/'n stert van die een wat hulle verkoop (die/'n stert van een wat hulle verkoop)
(f) die kinders van die/'n koning s'n (kinders van

die/'n koning s'n)

99. Die/'n olifant is 'n groot wildedier. Sy slurp word aangewend om water te drink.
100. (a) 'n Luiperdvel word deur (die) konings van (die) Tswanas gedra.
- (b) Piti : "Meneer, hierdie kraal is vol alle verskillende tipes beeste. Watter bees se bloed wil u hê
Ngaka: "Ek sien baie bulle. Ek wil 'n bul se bloed hê. Dit kan daardie een s'n wees.
101. (a) Piti het twee meisies by die put aangetref. Die een het 'n emmer gehad en die ander een het 'n kleipot gehad. Die meisie wat die emmer gehad het was mooi.
- (b) Kyk na hierdie beeste. Ek weet nie watter een om te koop nie. Dalk moet ek die een met die horings koop. Dit is vetter as die een sonder die horings.
102. (a) Tande is 'n gawe van God. 'n Mens wat tande het moet God dank.
- (b) 'n Olifant met tande is 'n bul. As jy so 'n olifant teëkom moet jy weet dat jy in die moeilikheid is.
- (c) Piti : "Meneer, ek wil hierdie bulle koop."
Morekisi: "Wil jy almal koop?"
Piti : "Nee meneer, ek wil nie bulle met horings hê nie. Hierdie bulle moet jy afkeer."
103. Daar is baie wildediere met horings. Die wildediere wat horings het is meestal bulle/ramme.
104. (a) As jy Sikwane toe gaan is daar twee paaie wat daarheen lei. Die een is 'n teerpad en die ander een is 'n grondpad. Die teerpad is 'n groter ompad as die grondpad.

- (b) Piti: "Watter huis wil jy koop?"
- Mpho: "As ek hierdie twee huise so kyk wil ek die een van stene koop. Die een van grond is baie klein."
105. (a) As ek 'n huis koop wil ek 'n steenhuis koop.
- (b) Mōre moet ons na die pannetjie gaan, ons moet gaan klei uithaal. Ons sal sien of jy 'n klei-os kan maak.
- (c) Ek kyk na hierdie bome en ek sien bome van verskillende soorte. Daar is 'n sekelbos, 'n rooibos, 'n blinkblaar-wag-'n-bietjie, 'n maroela en 'n sandgeelhout. Weet jy dat 'n maroelaboom vir ons vrugte gee om te eet? Hierdie een dra/produceer niks.
106. In hierdie huis is geen medisyne nie. Hierdie saak kwel my. As iemand siek is, waarmee sal ons hom gesond kry? Die mense van die huis sê die rede is omdat daar nie 'n medisynebottel is nie. Daar is niks waarin hulle medisyne in kan bêre nie.
107. (a) die/'n byl van die een/een wat hier was
- (b) Daardie se assegaai
- (c) die/'n mooie se oë
- (d) die/'n voet van die een/een wat nog skop
- (e) die tande/tande van die/'n rooie
108. Wolf was getroud met 'n mooi vrou.
109. Wolf was getroud met 'n witterige vrou/'n ligvellige vrou.
110. (a) Die ou man het vir ons twee lappe gewys. Die een was 'n swarte en die ander een was 'n witte. Hy het toe die wit lap geneem en dit om Piti se knie gebind.
- (b) Ek en Piti stem saam dat daar 'n mooi en 'n dik vrou is. Die mooi vrou was getroud maar die dikke was

ongetroud.

(c) Piti: "Watter bees wil jy koop?"

Mpho: "Hierdie twee beeste trek my. Die rooibruine (vroulik) is duidelik een met baie melk. Die witte (vroulik) is vet."

(d) Shole: "Hierdie twee meisies amuseer my. Daardie een is mooi en hierdie een het 'n mooi rok aan."

Mpho : "Ek stem saam maar die mooie is al getroud. Sy dra ooringe wat wys dat sy getroud is. Kom ons probeer praat met die een wat die mooi rok aan het."

111. (a) Kom ons gaan na die beesvandisie. Ek wil 'n swart bul gaan koop as ons een kan kry.

(b) Ek het nog nie die meisie ontmoet waarmee ek sal trou nie. As ek trou wil ek hê dat dit 'n lang meisie moet wees. Ek wil nie met 'n kort meisie trou nie.

(c) Morekisi: "Meneer, ons het baie boeke. Daar is swartes en bruines. Hoe 'n een wil u hê?"

Shole : "Ek wil 'n swart boek hê. My boeke is almal swartes. Bring 'n swarte laat ek sien."

(d) As jy 'n motor wil koop sal jy vind dat daar 'n verskeidenheid is. Daar is grotes en kleintjies. Ek wil 'n groot motor hê.

(e) Tlhabane: "Hierdie kraal is vol bulle. Hier is swartes, wittes en rooibruines. Watter een wil jy koop?"

Phaladi : "Ek sien dat hier party swartgespikkeldes is.
Ek wil 'n swartgespikkelde een hê. Keer daar=
die een uit."

(f) Piti: "Meneer, as u manne uitsoek wat gaan veg, kyk
na hierdie manne. Hulle is vegters. Hier is
langes en kortes."

Kgosi: "As ek oorlog toe gaan wil ek kort vegters
hê. Laat ek hulle vir jou aanwys."

112. Die/'n man wat die/'n predikant is, was gister hier.

113. Die/'n roofdier is iets verskrikliks. Dit eet vleis. Dit
sal ook 'n mens eet as dit hom kan doodmaak. As jy
'n dier wat een/dit is teëkom moet jy eerder vlug.

114. (a) In die dorp Sikwane was daar net een dokter.
Die man wat die dokter was, was baie geliefd by die
mense.

(b) Shole: "Tussen hierdie beeste is 'n melkkoei. Dit
is daardie bees met die groot uier."

Mpho : "Ek sien dit. Haai seuns, keer die bees wat
'n melkkoei is uit. Dit sal ons vertraag
wanneer ons die beeste na die veepos neem."

115. (a) Ek het reeds vir julle gesê dat 'n mens wat die/'n
koning sal wees vir die koningskap gebore moet wees.
Dit kan nie sommer enige mens wees nie.

(b) Ons soek iemand wat ons kinders kan leer.
'n Mens wat 'n onderwyser is moet iemand van 'n hoër
stand wees.

(c) Piti: "Toe ek 'n bees soek wat ek kan melk onder
hierdie beeste, vind ek dat hier nie een is

bok en twee bokke onderskeidelik af, watter groepe sal jy kies?"

Mmapula: "Ek sal die twee beeste vat."

- (b) Shole : "Meneer, daar is die beeste. Ek het hulle in groepe verdeel. In hierdie kraal het ek twee gejaag, daar is drie en daar is vyf in. Watter wil u hê moet ons eerste bring?"

Morekisi: "Bring die vyf beeste eerste."

129. (a) Toe ons by die skool kom het ek twee kinders in die skool gekry.

- (b) Daar was beeste, skape en perde by die put. Ek het geen bokke gesien nie.

- (c) Piti : "Kyk, daar is die beeste. Watter een sal ons slag?"

Rrapula: "Hierdie beeste is vet. Keer alle osse uit sodat ons een kan uitsoek om te slag."

130. (a) 'n Sekere persoon was hier.

- (b) As ons wildtuin toe gaan wil ons 'n leeu sien. Omdat die spore gewys het dat daar leeus is het ons nie moedeloos geraak nie. Hulle was die hele wêreld vol. Op 'n dag het ons baie leeus gekry wat 'n buffel gepak het.

- (c) Piti: "Kyk, hier is nie mense nie. Dit is net kinders."

Mpho: "Ek glo nie dat net 'n paar kinders sal kom nie.

Waar is die mense?"

131. (a) Hulle drink net bier.

- (b) Hulle drink net.*

154. Mpho : "Man Thabo, as jy groot is, hoe 'n motor wil jy hê?"
Thabo: "Ek wil 'n groot swart vinnige motor hê waarvan die meisies hou."
155. Ek wil 'n motor koop waarvan die meisies hou wat groot, vinnig en swart is.
156. Die son het reeds die reis voltooi wat loop van die ooste na die weste. Dit het al op die rante in die weste gesit toe hulle 'n veewagter sien wat beeste aanjaag wat gelei word deur 'n rooibruin koei wat haar kop met skewe horings hoog hou. Sy was vol melk, met net so 'n uier! Sy het vir die melker die belofte van 'n vol emmer ingehou. Sy het geknikknik met haar kop terwyl sy 'n wit stertkwas swaai en dit lyk asof sy nie daarmee genoeg neem dat 'n vlieg gaan sit op haar mooi blink vel nie.
157. (a) Daardie mooi groen boom wat gevreet word deur swart vreemde torre is nie natgelei nie.
- (b) Ek wil 'n swart vinnige perd koop wat kan leef deur hierdie groen gras te vreet.
-

LITERATUURLYS

- Archbell, J
 1837 A Grammar of the Bechuana Language.
 Grahamstown.
- Chafe, W.L.
 1975 Givenness, Contrastiveness, Definiteness,
 Subjects, Topics and Point Of View. Subject
 and Topic. C.N. Li (Ed.) Academic Press,
 New York, Los Angeles, London.
- Chomsky, N
 1981 Lectures on Government and Binding. Foris
 Publications. Dordrecht.
- 1982 Some concepts and consequences of the Theory
 of Government and Binding. Mass.: MIT Press,
 Cambridge.
- Cole, D.T.
 1975 An Introduction to Tswana Grammar (2nd
 Impression). Longman Penguin S.A., Cape Town.
- Crisp, C
 1880 Secoana Grammar. Bloemfontein
- Culicover, P.W.
 1976 Syntax. Academic Press, New York.

Dik, S.C.

1978

Functional Grammar. North-Holland, Amsterdam,
New York, Oxford.

1980

Studies in Functional Grammar. Academic
Press, London.

Doke, C.M.

1980

Text Book of the Zulu Grammar (sixth edition,
seventh impression). Longman, Cape Town,
Johannesburg.

Du Plessis, J.A.

1985

The structure of the nominal modifiers in
Xhosa, South African Journal of African
Languages, Volume 5, Number 2, Pretoria.

Givón, T

1975

Topic Pronoun and Grammatical Agreement.
Subject and Topic, C.N. Li (Red.). Academic
Press, New York, San Francisco, London.

1984

Syntax: A functional-typological introduction
Volume I, John Benjamins, Amsterdam /
Philadelphia.

Greenberg, J.

1977

"Niger-Congo noun-class markers: Prefixes,
suffixes, both or neither, in M. Mould and T.
Hinnebusch (eds). Papers from the 8th

Conference of African Linguistics Supplement
no. 7. Studies in African Linguistics.
University of California, Los Angeles.

Halliday, M.A.K.

1985

An Introduction to Functional Grammar. Edward
Arnold, London.

Hurford, J.R. & Heasley, B.

1983

Semantics: a course book. Cambridge
University Press, Cambridge, London, New
York, New Rochelle, Melbourne, Sydney.

Jacottett, E.

1927

A Grammar of the Sesuto Language. Wits Univ.
Press, Johannesburg.

Kempson, R.M.

1979

Semantic Theory. Cambridge University Press,
Cambridge.

Kotzé, A.E.

1985

Herinterpretasie van die betekenis van
demonstratiewe in Noord-Sotho. Suid-
Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale. Volume
5, Nommer 3. Pretoria.

Kress, G.R.

1976

System and Function in Language: selected
papers by M.A.K. Halliday. Oxford University
Press, London.

Kruger, C.J.H.

1967

Struktuur van die woordgroep in Tswana.

Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Kruger, F.H.

1983

Steps to learn the Sesuto language. Morija,

Basutoland.

Lanham, L.W.

1971

The noun as a deep-structure source for Nguni adjectives and relatives. African Studies, Vol. 30. Witwatersrand University Press, Johannesburg.

Leech, G.N.

1983

Principles of Pragmatics. Longman, London and New York.

Levinson, S.C.

1983

Pragmatics. Cambridge University Press, Cambridge.

Louwrens, L.J.

1979

Naamwoordfunksies in Noord-Sotho. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

1980

Woordvolgorde en volgordeverandering in Khosa: 'n Onderzoek na die verband tussen pragmatiek en taaltipologie. Studies in

- Bantoetale 7.1, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- 1983 'n Funksionele interpretasie van enkele sintaktiese verskynsels in Noord-Sotho. Taalseminaar 1983: Die Funksionalisme. V.N. Webb (Red.). Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- 1985 (a) Contrastiveness and the so-called Absolute Pronoun in Northern Sotho. South African Journal of African Languages, Vol. 5 no. 2, Bureau for Scientific Publications, Pretoria.
- 1985 (b) Die verhouding "Bantoetaalkunde en Algemene Taalwetenskap": Die dilemma van die Kontemporêre Bantoegrammatikus. Ongepubliseerde Inougurele Rede. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Lyons, J.
- 1981 Semantics. Volume 1. Cambridge University Press, Cambridge.
- 1983 Semantics. Volume 2. Cambridge University Press, Cambridge.
- Minnis, N.
- 1971 Linguistics at Large. Victor Gollancz Ltd, London.

Nida, E.

1976

Morphology. University of Michigan, Ann Arbor.

Palmer, F.R.

1981

Semantics. Cambridge University Press, Cambridge.

Sgall, P. et al

1986

The meaning of the Sentence in Its Semantic and Pragmatic Aspects. D. Reidel Publishing Company, Dordrecht.

Ungerer, H.

1975

Die Kwalifikatiewe van Zoeloe. Ongepubliseerde verhandeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

Van Wyk, E.B.

1958

Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Wilkes, A.

1976

Oor die sogenaamde absolute voornaamwoorde in Zulu. Studies in Bantoetale, Jaargang 3.1, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

1978

Die Bantoetaalstudie in Suid-Afrika sedert 1826. Studies in Bantoetale. Jaargang 5.1. Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Wilkins, W. & Kimenyi, A.

1975

Strategies in Constructing a Definite

Description: Some Evidence from Kinyarwanda.

Studies in African Linguistics. Vol. 2, no.
6. University of California, Los Angeles.

Wookey, A.

1905

Secwana Grammar. London.

LITERATUURLYS VAN TSWANAWERKE WAARUIT VOORBEELDE GENEEM IS

Magoleng, B.D. & Motlhake, S.F.

1985 Mokaragana. Van Schaik, Pretoria.

Modise, D.M.

1976 Maragana (Sixth impression). Van Schaik, Pretoria.

Mogapi, K.

1981 Sefalana sa ditso tsa Setswana (Third impression). Longman, Johannesburg.

Moloto, D.P.

1983 Motimedi (Seventeenth impression). Educum, Johannesburg.

Moncho, N.K.G.

1984 Ikeleng Tlhoko. Van Schaik, Pretoria.

Moroke, S.A.

1981 Lesapo le Lesweu. Via Afrika, Goodwood.

1983 Dipelo tse di utlwisitsweng botloko. De Jager - HAUM, Pretoria.

Ntsime, J.M.

1984 Se se jeleng rre (Second impression). Via Afrika. Goodwood.

Raditladi, L.D.

Legae Botshabelo. Bona press, Johannesburg.

- 1972 Mokomaditlhare. Educum, Johannesburg.
- Snyman, J.. et al
- 1986 (a) Segarona Mophato wa 5. Book Studio, Hout Bay.
- 1986 (b) Segarona Mophato wa 8. Book Studio, Hout Bay.
- 1987 Segarona Mophato wa 6. Book Studio, Hout Bay.
-
- Verskeie uitgawes van Daily News. Gaborone, Botswana.
-

EINDE